Revision of the Language Policy (2016)

Public participation response report on first draft of the revised policy

Hersiening van die Taalbeleid (2016)

Verslag oor die openbaredeelnamereaksie op die eerste konsep van die hersiene beleid

25 May/Mei 2021

The *Language Policy* revision task team expresses appreciation for every respondent's submission and the time and effort that went into the responses. The task team gave due consideration to all input received, as this response report demonstrates.

Die beleidshersieningstaakgroep spreek graag sy waardering uit vir elke bydrae, en vir respondente se tyd en moeite om terugvoer te bied. Die taakgroep het alle bydraes behoorlik oorweeg, soos hierdie reaksieverslag toon.

Die inligting in hierdie dokument word deur die Universiteit Stellenbosch (US) beskikbaar gestel aan die leser slegs vir inligtingsdoeleindes.

Die inhoud van hierdie dokument mag nie gewysig word of gekopieër word sonder die skriftelike toestemming van die US nie.

Hoewel die US alle redelike pogings aangewend het om die akkuraatheid en volledigheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, is die US nie aanspreeklik of verantwoordelik teenoor enige persoon of entiteit vir enige foute, weglatings, verlies of skade wat uit die gebruik van die inligting mag voortspruit nie.

The information in this document is made available by Stellenbosch University (SU) and is intended only for informational purposes to the reader thereof.

The content of this document must not be altered or reproduced without the written permission of Stellenbosch University.

Whilst SU has made every reasonable effort to ensure the accuracy and completeness of the information in this document, SU shall neither be liable nor responsible to any person or entity for any errors, omissions, loss or damage arising from its use.

Executive summary *(Bestuursopsomming in Afrikaans volg hierna)*

The *Language Policy* (2016) of Stellenbosch University (SU) as implemented in 2017, is being revised during 2021 as part of the five-year revision cycle prescribed in the *Policy* itself. It is standard practice at SU that all policies should be revised according to policy-specific cycles. As such, section 10 of the *Language Policy* (2016) stipulates that the *Policy* "lapses five years after the date of its implementation" and that it "must be reviewed during its fifth year of operation".

In October 2020 a task team was constituted for the revision of the *Language Policy* (2016). Since the Constitutional Court in 2019 found the *Language Policy* (2016) to be constitutionally justified, and the University's process in adopting the *Policy* "thorough, exhaustive, inclusive and properly deliberative", the task team used the current *Language Policy* (2016) as the point of departure for the first draft of the revised policy for the public participation process.

The first draft of the revised policy was released for public comment on 20 March 2021. This response report includes all the comments submitted via the online submission platforms, as well as an analysis of the input and a discussion of some of the themes that emerged from the feedback received up to the closing date of the first public participation period on 12 April 2021. Media reports, letters or petitions which were not uploaded to the submission platform via www.sun.ac.za/taal or www.sun.ac.za/language by the closing date have not been considered for this report. Where the task team became aware of such reports, the groups were encouraged to submit contributions via the official platform. As all the stages of the internal consultation with faculties, institutional committees, professional administrative support services (PASS) environments and student bodies have not been completed yet, their input has not been considered for this report, but will be taken into consideration for the second draft of the policy.

A. Responses to the first draft

The online submission platform was designed in such a way that respondents could provide comments specific to the individual sections of the revised language policy, as well as submit general comments.

A total number of 330 submissions were received: 116 via www.sun.ac.za/language and 214 via www.sun.ac.za/taal. The distribution of submissions per self-identification category is indicated in **Figure A** below.



FIGURE A: Distribution of submissions per self-identification category

In terms of the submissions to www.sun.ac.za/taal, 140 respondents self-identified as *alumni*, 7 as *lecturers*, 6 as *postgraduate students*, 7 as *parents of alumni*, 6 as *support staff*, 3 as *students* at the University, 5 as *undergraduate students* and 40 respondents did not specify. In terms of the submissions to www.sun.ac.za/language, 21 respondents self-identified as *alumni*, 20 *lecturers*, 2 *parents*, 9 *postgraduate students*, 8 *support staff members*, 41 *undergraduate students* and 15 respondents did not specify. In addition to the self-identification categories listed in **Figure A** above, submissions were made on behalf of interest groups or in terms of other loose affiliations with the University. In total, 73 submissions specified representation or affiliation as additional information. These include submissions from the *Departement Afrikaans en Nederlands, AfriForum, AfriForum Jeug, Afrikanerbond, Afrikaanse Taalraad, DAK Netwerk, a petition by the Democratic Alliance signed by approximately 6 000 supporters, Khoisan Stamraad-"! Al-Om Aboriginal Customary Council, Nehawu Trade Union, SA Akademie vir Wetenskap en Kuns,* and *StudentePlein*. Personal identifiers (whether for individuals or groups) were redacted for the purposes of this report.

B. Responses to be considered for the second draft

It is important to note that the task team considered all the submissions for possible inclusion in the second draft based on the classification outlined below. All comments whether by individuals or interest groups were given equal consideration. As such, the task team worked through all the comments and considered each contribution and classified it as follows:

- **Comments or suggestions for further consideration** by the task team for possible inclusion in the second draft were identified as (1).
- **Comments or suggestions not suitable for further consideration** were numbered according to the following reasons: General comment or

personal observation that does not provide a specific input or direction for the policy (2); too much operational detail for a policy document which should focus on principles and provisions (3); comments that are not aligned with the core principles of the draft revised policy or any of the guiding documents (4); input or comment already included in the draft revised policy (5); and comment that is more applicable to a different section of the draft revised policy (6). Then, some comments could only be noted with thanks as these did not include specific suggestions or changes (7).

All the comments and the related analysis make up the comprehensive response report (300-odd pages) which follows this executive summary.

C. Themes to be considered for the second draft

From the submissions received the task team identified the following themes which are discussed below.

1. **Policy revision processes at a university**

   From the submissions received, it is evident that not all respondents are familiar with the nature of, or the processes for the revision of policy and related management documents at Stellenbosch University. The process is briefly explained below to facilitate the relevance of future inputs.

   Policy documents are written primarily on the level of principles; are applicable for a medium- or longer-term period, and contain information on the purpose, scope, policy principles, decision-making processes and/or structures, roles, definitions and supporting and related documents regarding a specific matter. Policy documents are generally accessible internally and externally, are communicated widely, and at Stellenbosch University are generally applied to all ten faculties, PASS environments and students. To enable implementation, faculties, PASS environments and student structures are then responsible for articulating the policy principles and provisions within context-specific implementation plans that provide much more detail on how the policy should be implemented.

   When a policy is due for revision, a task team is appointed to review the implementation of the existing policy; consider how this policy relates to the University's mission and vision and contributes to the achievement of the University's objectives. As standard practice, the current version is always taken as the point of departure and tested against changing (institutional, national, regional and international) circumstances to determine whether a substantial revision is needed or whether incremental adaptations will suffice.
   The mandate of such a task team is to consider all relevant information on the implementation of the policy, monitoring and reporting on its implementation when any amendments are proposed, and then to release a draft revised policy for public comment (if applicable) and internal

consultation. Thereafter the task team considers the feedback and finalises a second draft for further consideration and feedback, before it is submitted to Council for approval, after consultation with various prescribed institutional structures, including the Institutional Forum. Language policies in particular, according to the *Higher Education Act,* have to be approved by Council *in concurrence* with Senate.

From the comments received, some respondents had the expectation that the University should release or should have released all the background information, faculty implementation plans and demographic data that the task team had studied, as part of the public consultation process. Although this is not typically the practice, the task team will consider releasing such data during the second round of public consultations.

2. Status of the *Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions*

In some of the submissions, respondents queried the legal status of the *Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions* (2020). This document was published in the *Government Gazette* No 43860 on 30 October 2020 and will come into effect on 2 January 2022. All public higher education institutions in South Africa are governed by and will have to comply with the *Policy Framework for Public Higher Education Institutions* (2020), except if that would result in inconsistency with section 29(2) or other constitutional provisions relevant to language policy.

3. Broad spectrum of comments

The draft revised language policy elicited a broad spectrum of comments, including concurrence, suggestions for change and praise, with most respondents opting to propose constructive changes to only a few of the sections of the first draft. Some respondents nonetheless responded to every section, while others limited their feedback to the general comments section only.

4. Promoting multilingualism

Despite the challenges posed by multilingualism, Stellenbosch University (in the draft, subject to approval) chooses to reaffirm its commitment to the promotion of multilingualism. As such, this commitment is articulated in the *Essence of the Language Policy*. Although there seems to be all-round concurrence with this approach, there appears to be fundamental differences of opinion on how multilingualism should be implemented. While some respondents favour a single-language institution, i.e., either English only or Afrikaans only, general support seems to be expressed for the promotion of multilingualism in terms of the Western Cape's regional languages: Afrikaans, English and isiXhosa.

5. Equal status/prestige for Afrikaans and English

An issue repeated in various sections, is the perception that the *Language Policy* (2016) and the first draft of the revised policy purposefully attenuate instruction in Afrikaans. Some respondents call for Afrikaans to be awarded "equal status and treatment" to English. In some instances, there is an appeal also for the equal status and treatment of isiXhosa.

In considering the inputs, various members of the task team marked the related comments as 1 (for further consideration by the task team for possible inclusion in the second draft), 4 (comments that are not aligned with the core principles of the draft revised policy or any of the guiding documents) and/or 5 (input or comment already included in the draft revised policy) respectively. On the one hand, Afrikaans as an established academic language, and isiXhosa as a developing academic language (*cf.* Section 6.4 of the draft revised language policy) are recognised as languages of academic merit, as articulated in the draft. On the other hand, where "equal status and treatment" imply for instance fully parallel medium of instruction, it may still not be reasonably practicable, especially in terms of cost and availability of staff. However, this is an aspect that will be considered by the task team in more detail.

6. Implementation of the policy

Several respondents focused on implementation issues and questioned whether the *Language Policy* (2016) is being implemented correctly – and therefore also whether the first draft of the revised policy would be implementable. Various respondents raised concerns about possible discrimination against Afrikaans-speaking students and about deviations from the *Policy* occurring too readily in formal and informal settings, specifically also in university residences.

Although related, it is acknowledged that there is a significant difference between the revision of a policy and the evaluation of its implementation. However, where implementation issues could be improved by the reformulation of certain sections of the draft revised policy, it has been marked for consideration by the task team.

7. Definitions of "reasonably practicable" and "indigenous languages"

The term "reasonably practicable" is used in various sections of the current *Language Policy (2016)* and the draft revised language policy without providing a definition of the term in a glossary. Some respondents raised concerns that this term could be used to deviate from the revised language policy. The task team had already contemplated whether such a definition should be included, and will take up the discussion again, based on the feedback received.

In terms of "indigenous languages", the current glossary of terms, abbreviations and acronyms contains definitions taken directly from the national document, the *Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions* (2020). The following definitions are listed in that document:

Indigenous languages	Languages that have their heritage roots in Africa (also referred to as African languages in literature and some policy documents) that belong to the Southern Bantu language family, where 'Bantu' is used purely as a linguistic term. An indigenous language is a language that is native to a region or country and spoken by indigenous people.
Official South African languages	This refers to the eleven official languages of South Africa as specified in the *Constitution of the Republic of South Africa* (i.e., Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa, isiZulu, and English).

The definitions above differ from the definitions initially released in the draft revised *Language Policy for Higher Education* (2017):

Indigenous languages	An indigenous language is a language that is native to a region or country and spoken by indigenous people.
Indigenous South African languages	Indigenous official African languages of South Africa as referred to by the *Constitution of the Republic of South Africa* (i.e., Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa, and isiZulu)
Official African Languages	The official African languages of South Africa (i.e., Sepedi, Sesotho, Setswana, siSwati, Tshivenda, Xitsonga, Afrikaans, isiNdebele, isiXhosa, and isiZulu)

Stellenbosch University indicated in its response to the draft revised *Language Policy for Higher Education* (2017) that it supported the 2017 definition of Indigenous South African Languages. However, as the 2020 promulgated *Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions* (2020) regulates the language use in higher education institutions, all universities are bound to those definitions, except if that would result in inconsistency with section 29(2) or other constitutional provisions relevant to language policy, until such time that the policy framework is amended. (The final version was not released for comment before promulgated in October 2020.)

8. Protection of the heritage and culture linked to Afrikaans

Underlying some of the submitted comments and feedback are concerns that the implementation of the *Language Policy* (2016) is undermining the unique heritage and culture of the University and the town, Stellenbosch. The policy revision task team will consider whether or to what extent the proposed revisions to the *Language Policy* (2016) would have an impact on the institutional culture at Stellenbosch University and if so, revisions will be guided by the institution's *Vision 2040* and the *Strategic Framework 2019–2024*.

Bestuursopsomming

Die *Taalbeleid* (2016) van die Universiteit Stellenbosch (US), wat in 2017 geïmplementeer is, word in 2021 hersien as deel van die hersieningsiklus van vyf jaar wat die *Beleid* self voorskryf. Dit is standaardpraktyk aan die US om alle beleide volgens beleidspesifieke siklusse te hersien. Paragraaf 10 van die *Taalbeleid* (2016) bepaal in dié verband dat die *Beleid* "vyf jaar ná die implementeringsdatum daarvan" verval en "gedurende sy vyfde geldigheidsjaar" hersien moet word.

'n Taakgroep is in Oktober 2020 saamgestel om die *Taalbeleid* (2016) te hersien. Aangesien die Konstitusionele Hof in 2019 bevind het dat die *Taalbeleid* (2016) grondwetlik geregverdig is, en dat die Universiteit se proses om die *Beleid* te aanvaar "deeglik, uitvoerig, inklusief en behoorlik beraadslagend" was, het die taakgroep die huidige *Taalbeleid* (2016) as uitgangspunt gebruik om die eerste konsep van die hersiene beleid met die oog op openbare deelname op te stel.

Die eerste konsep van die hersiene beleid is op 20 Maart 2021 vir openbare kommentaar vrygestel. Hierdie reaksieverslag sluit alle kommentaar in wat op die aanlyn deelnameplatforms ontvang is, sowel as 'n ontleding van die bydraes, en 'n bespreking van sommige van die temas wat na vore gekom het uit die terugvoer wat tot en met die sluitingsdatum van die eerste fase van openbare deelname, 12 April 2021, ontvang is. Mediaberigte, briewe of petisies wat nie teen die sluitingsdatum op die aanlyn deelnameplatform (www.sun.ac.za/taal of www.sun.ac.za/language) ingedien is nie, is nie vir hierdie verslag in aanmerking geneem nie. Waar die taakgroep van sodanige dokumente bewus geword het, is die betrokke groepe aangemoedig om die bydraes op die amptelike platform in te dien. Aangesien alle fases van interne oorlegpleging met fakulteite, institusionele komitees, professionele administratiewe steundienste- (PASD-)omgewings en studenteliggame nog nie voltooi is nie, is hierdie omgewings se bydraes nie by hierdie verslag ingesluit nie, maar sal dit met die oog op die tweede konsep van die beleid in ag geneem word.

A. Reaksies op die eerste konsep

Die aanlyn deelnameplatform het voorsiening gemaak vir kommentaar op spesifieke, individuele gedeeltes van die hersiene taalbeleid, sowel as vir algemene kommentaar.

Altesaam 330 voorleggings is ontvang: 116 op www.sun.ac.za/language en 214 op www.sun.ac.za/taal. Die verdeling van voorleggings volgens self-identifiseringskategorie verskyn in **figuur A** hieronder.



FIGUUR A: Verdeling van voorleggings volgens self-identifiseringskategorie

Wat voorleggings op www.sun.ac.za/taal betref, het 140 respondente hulleself as *alumni* geïdentifiseer, 7 as *dosente*, 6 as *nagraadse studente*, 7 as *ouers van alumni*, 6 as *steunpersoneel*, 3 as *studente* van die Universiteit, 5 as *voorgraadse studente*, terwyl 40 respondente niks aangedui het nie. Met betrekking tot voorleggings op www.sun.ac.za/language het 21 respondente hulleself as *alumni* geïdentifiseer, 20 as *dosente*, 2 as *ouers*, 9 as *nagraadse studente*, 8 as *steunpersoneel*, 41 as *voorgraadse studente*, terwyl 15 respondente niks aangedui het nie. Benewens die self-identifiseringskategorieë in **figuur A** hierbo het voorleggings ook van belangegroepe of persone met 'n ander losse verband met die Universiteit gekom. Altesaam 73 voorleggings het verteenwoordiging of affiliasie as bykomende inligting verstrek. Dít sluit in voorleggings van die *Departement Afrikaans en Nederlands, AfriForum, AfriForum Jeug, die Afrikanerbond, die Afrikaanse Taalraad, die DAK Netwerk, 'n petisie van die Demokratiese Alliansie wat deur ongeveer 6 000 ondersteuners onderteken is, die Khoisan stamraad !AL-OM Aboriginal Customary Council, die vakbond Nehawu, die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns,* en *StudentePlein*. Persoonlike identifiseerders (hetsy vir individue of groepe) is vir die doeleindes van hierdie verslag weggelaat.

B. Reaksies vir oorweging met die oog op die tweede konsep

Dit is belangrik om daarop te let dat die taakgroep alle bydraes vir moontlike insluiting by die tweede konsep oorweeg het, op grond van die klassifikasie hieronder. Alle kommentaar, hetsy van individue of belangegroepe, het ewe veel aandag ontvang. Die taakgroep het deur alle kommentaar gewerk, elke bydrae oorweeg en dit soos volg geklassifiseer:

- **Kommentaar of voorstelle vir verdere oorweging** deur die taakgroep vir moontlike insluiting by die tweede konsep is as (1) geklassifiseer.

- **Kommentaar of voorstelle wat nie geskik was vir verdere oorweging nie**, is, na gelang van die rede, in een van die volgende kategorieë ingedeel: algemene kommentaar of persoonlike opmerkings sonder enige spesifieke bydrae of rigtinggewing vir die beleid (2); te veel bedryfsbesonderhede vir 'n beleidsdokument, wat op beginsels en bepalings behoort te konsentreer (3); kommentaar wat nie met die kernbeginsels van die konsep- hersiene beleid of enige van die rigtinggewende dokumente strook nie (4); bydraes of kommentaar wat reeds by die konsep- hersiene beleid ingesluit is (5), en kommentaar wat eerder op 'n ander gedeelte van die konsep- hersiene beleid van toepassing is (6). Van sommige kommentaar kon die taakgroep ook net met dank kennis neem aangesien dit geen spesifieke voorstelle of wysigings ingesluit het nie (7).

Die omvattende reaksieverslag (wat meer as 300 bladsye beslaan) bestaan uit ál die kommentaar sowel as die gepaardgaande ontleding, en volg ná hierdie bestuursopsomming.

C. Temas vir oorweging met die oog op die tweede konsep

Uit die voorleggings wat ontvang is, het die taakgroep 'n aantal temas geïdentifiseer, wat hieronder bespreek word.

1. **Beleidshersieningsprosesse aan 'n universiteit**

   Uit die voorleggings blyk dat nie alle respondente vertroud is met die aard van, of die prosesse vir, die hersiening van beleide en verbandhoudende bestuursdokumente aan die Universiteit Stellenbosch nie. Die proses word kortliks hieronder uiteengesit om die relevansie van toekomstige bydraes te verseker.

   Beleidsdokumente word hoofsaaklik op die vlak van beginsels geskryf; geld vir die medium- of langer termyn, en bevat inligting oor die doel, bestek, beleidsbeginsels, besluitnemingsprosesse en/of -strukture, rolle, woordomskrywings en stawende en verbandhoudende dokumente ten opsigte van 'n bepaalde saak. Beleidsdokumente is gewoonlik sowel intern as ekstern toeganklik, word wyd gekommunikeer, en is by die Universiteit Stellenbosch meestal op ál tien fakulteite, PASD-omgewings en studente van toepassing. Om implementering moontlik te maak, is PASD-omgewings en studentestrukture dan verantwoordelik om die beleidsbeginsels en -bepalings in konteksspesifieke implementeringsplanne weer te gee, wat veel meer besonderhede voorsien oor hoe die beleid geïmplementeer behoort te word.

   Wanneer die hersieningsdatum van 'n beleid naderkom, word 'n taakgroep aangestel om die implementering van die bestaande beleid te beoordeel, en om na te dink oor hoe die beleid by die Universiteit se missie en visie inskakel en tot die verwesenliking van die Universiteit se doelwitte bydra. As standaardpraktyk, word die huidige weergawe altyd as uitgangspunt gebruik en aan die hand van veranderende (institusionele, nasionale,

streeks- en internasionale) omstandighede getoets om te bepaal of ’n omvattende hersiening nodig is en of inkrementele aanpassings voldoende sal wees.

Die opdrag van so ’n taakgroep is om alle tersaaklike inligting oor die implementering van die beleid te oorweeg; implementering te moniteer en daaroor verslag te doen waar enige wysigings voorgestel word, en ’n konsep- hersiene beleid vir openbare kommentaar (waar van toepassing) en interne oorlegpleging uit te reik. Daarna oorweeg die taakgroep die terugvoer en voorsien ’n tweede konsep vir verdere oorweging en terugvoer, voordat dit vir goedkeuring voor die Raad dien, ná oorlegpleging met verskeie voorgeskrewe institusionele strukture, waaronder die Institusionele Forum. Ingevolge die *Wet op Hoër Onderwys* vereis taalbeleide in die besonder die goedkeuring van die Raad, *met die instemming* van die Senaat.

Uit die kommentaar blyk dat sommige respondente verwag dat die Universiteit, as deel van die openbare deelname proses, alle agtergrondinligting, fakulteitsimplementeringsplanne en demografiese data wat die taakgroep bestudeer het, moet (moes) vrystel. Hoewel dit nie gewone praktyk is nie, sal die taakgroep dit oorweeg om sodanige data in die tweede fase van openbare oorlegpleging vry te stel.

2. Status van die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings*

In van die voorleggings het respondente die regstatus van die nasionale *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) bevraagteken. Hierdie dokument is op 30 Oktober 2020 in *Staatskoerant* 43860 gepubliseer, en tree op 2 Januarie 2022 in werking. Alle openbare hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika val onder dié raamwerk, en sal daaraan moet voldoen behalwe as dit sou lei tot strydigheid met artikel 29 (2) of ander grondwetlike bepalings wat relevant is vir taalbeleid.

3. Wye verskeidenheid kommentaar

Die konsep- hersiene taalbeleid het ’n wye verskeidenheid kommentaar ontlok, waaronder instemming, voorstelle vir verandering, en lof, en die meeste respondente het gekies om konstruktiewe veranderinge aan slegs ’n paar van die bepalings van die eerste konsep voor te stel. Sommige respondente het egter op elke paragraaf kommentaar gelewer, terwyl ander weer hulle terugvoer tot die afdeling vir algemene kommentaar beperk het.

4. Bevordering van meertaligheid

Ondanks die uitdagings verbonde aan meertaligheid, kies die Universiteit Stellenbosch om sy toewyding aan die bevordering van meertaligheid

opnuut te bevestig (in die konsep, onderworpe aan goedkeuring). Hierdie verbintenis word in die *Kern van die Taalbeleid* verwoord. Hoewel respondente klaarblyklik oor die algemeen met hierdie benadering saamstem, blyk daar fundamentele meningsverskille te wees oor hoe meertaligheid geïmplementeer behoort te word. Ofskoon sommige 'n eentalige instelling verkies, d.w.s. slegs Engels of slegs Afrikaans, geniet die bevordering van meertaligheid ten opsigte van die streekstale van die Wes-Kaap – Afrikaans, Engels en Xhosa – die meeste respondente se steun.

5. Gelyke status/aansien vir Afrikaans en Engels

'n Kwessie wat herhaaldelik na vore kom, is die opvatting dat die *Taalbeleid* (2016) en die eerste konsep van die hersiene beleid onderrig in Afrikaans doelbewus verskraal en verswak. Sommige respondente eis dat Afrikaans en Engels "gelyke status en behandeling" ontvang. In sommige gevalle is daar ook versoeke vir gelyke status en behandeling vir Xhosa.

Toe die taakgroep die bydraes oorweeg het, het die onderskeie lede hierdie kommentaar geklassifiseer as 1 (vir verdere oorweging deur die taakgroep vir moontlike insluiting by die tweede konsep), 4 (kommentaar wat nie met die kernbeginsels van die konsep- hersiene beleid of enige van die rigtinggewende dokumente strook nie) en/of 5 (bydraes of kommentaar wat reeds by die konsep- hersiene beleid ingesluit is). Enersyds word Afrikaans, as 'n gevestigde akademiese taal, en Xhosa, as 'n ontwikkelende akademiese taal (sien paragraaf 6.4 van die konsep- hersiene beleid), in die konsep as tale van akademiese meriete erken. Andersyds, indien "gelyke status en behandeling" byvoorbeeld volle parallelmediumonderrig impliseer, kan dit moontlik steeds nie redelikerwys uitvoerbaar wees nie, veral wat koste en personeelbeskikbaarheid betref. Nietemin sal die taakgroep hierdie aspek in meer besonderhede oorweeg.

6. Implementering van die beleid

Verskeie respondente het op implementeringskwessies gekonsentreer en die implementering van die *Taalbeleid* (2016) – en dus ook die implementeerbaarheid van die eerste konsep van die hersiene beleid – in twyfel getrek. Heelwat respondente het kommer uitgespreek oor moontlike diskriminasie teen Afrikaansprekende studente, en oor afwykings van die *Beleid* wat te maklik in formele en informele omgewings, veral ook in Universiteitskoshuise, plaasvind.

Hoewel die twee met mekaar verband hou, is daar steeds 'n aansienlike verskil tussen die hersiening van 'n beleid en die beoordeling van beleidsimplementering. Waar implementeringskwessies egter verbeter kan word deur die bewoording van sekere bepalings van die konsep-hersiene beleid te wysig, is dit vir die taakgroep se oorweging uitgelig.

7. Omskrywing van "redelikerwys uitvoerbaar" en "inheemse tale"

Die begrip "redelikerwys uitvoerbaar" word in verskeie paragrawe van die huidige *Taalbeleid* (2016) en die konsep- hersiene beleid gebruik sonder dat dit in die woordelys omskryf word. Sommige respondente het kommer uitgespreek dat hierdie begrip gebruik kan word om van die hersiene taalbeleid af te wyk. Die taakgroep het reeds besin oor of so 'n omskrywing ingesluit behoort te word, en sal op grond van die terugvoer daardie gesprek hervat.

Wat "inheemse tale" betref, is die omskrywings in die huidige woordelys van terme, afkortings en akronieme direk uit die nasionale *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) oorgeneem. Daardie dokument bevat die volgende omskrywings:

Inheemse tale	Tale waarvan die erfenis in Afrika gewortel is (word ook in die literatuur en sommige beleidsdokumente Afrikatale genoem) en tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort, waar 'Bantoe' alleenlik as 'n taalkundige term gebruik word. 'n Inheemse taal is 'n taal wat inheems is in 'n streek of land, en deur inheemse mense gepraat word.
Amptelike Suid-Afrikaanse tale	Dit verwys na die elf amptelike tale van Suid-Afrika wat in die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* bepaal word (d.w.s. Pedi, Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa, Zulu en Engels).

Die omskrywings hierbo verskil van die omskrywings wat aanvanklik deel was van die konsep- hersiene *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys* (2017):

Inheemse tale	'n Inheemse taal is 'n taal wat inheems is in 'n streek of land, en deur inheemse mense gepraat word.
Inheemse Suid-Afrikaanse tale	Inheemse amptelike Afrikatale van Suid-Afrika waarna die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* verwys (d.w.s. Pedi, Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa en Zulu).
Amptelike Afrikatale	Die amptelike Afrikatale van Suid-Afrika (d.w.s. Pedi, Sotho, Tswana, Swati, Venda, Tsonga, Afrikaans, Ndebele, Xhosa en Zulu).

Die Universiteit Stellenbosch het in sy reaksie op die konsep- hersiene *Taalbeleid vir die Hoër Onderwys* van 2017 sy steun toegesê aan die omskrywing van inheemse Suid-Afrikaanse tale in daardie dokument. Aangesien die uitgevaardigde *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* van 2020 egter taalgebruik by hoëronderwysinstellings reël, is alle universiteite tot daardie omskrywings verbind, behalwe as dit sou lei tot strydigheid met artikel 29 (2) of ander grondwetlike bepalings wat relevant is vir taalbeleid, totdat die beleidsraamwerk gewysig word. (Die finale weergawe is nie vir kommentaar uitgereik voordat dit in Oktober 2020 uitgevaardig is nie.)

8. Beskerming van die erfenis en kultuur verbonde aan Afrikaans

Van die kommentaar en terugvoer wat ontvang is, berus op onderliggende kommer dat die implementering van die *Taalbeleid* (2016) die unieke erfenis en kultuur van die Universiteit en die dorp Stellenbosch ondermyn. Die beleidshersieningstaakgroep sal in ag neem of en in watter mate die

voorgestelde aanpassings aan die *Taalbeleid* (2016) ’n impak op die institusionele kultuur by die Universiteit Stellenbosch sal hê. Indien wel, sal die instelling se *Visie 2040* en *Strategiese Raamwerk 2019–2024* as rigsnoer vir aanpassings dien.

Responses marked in grey are duplicate responses

Afdeling 1 | Section 1

Kern van die Beleid

Die Universiteit Stellenbosch (US) is verbind tot die omgang met kennis in ’n diverse samelewing. Die *Taalbeleid* beoog om uitvoering te gee aan artikel 29(2) van die Suid-Afrikaanse *Grondwet* en die *Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings* (2020) wat betref taalgebruik in die Universiteit se akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kontekste. Die *Beleid* beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei, meertaligheid te bevorder, en pedagogies verantwoordbare leer en onderrig te fasiliteer. Sonder om uit die oog te verloor dat die US ook gemeenskappe oor die vasteland en die wêreld heen bedien, verbind ons onsself tot meertaligheid deur die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, naamlik Afrikaans, Engels en isiXhosa, te gebruik.

The essence of the Policy

Stellenbosch University (SU) is committed to engagement with knowledge in a diverse society. The Language Policy aims to give effect to section 29(2) of the South African Constitution and the Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions (2020) in relation to language usage in the University’s academic, administrative, professional and social contexts. The Policy aims to increase equitable access to SU for all students and staff, promote multilingualism and facilitate pedagogically sound learning and teaching. Without losing sight of the fact that SU also serves continental and global communities, we commit ourselves to multilingualism by using the three official languages of the Western Cape, namely Afrikaans, English and isiXhosa.

	Kommentaar rakende Afdeling 1: Kern van die Beleid	Analise*
A1		
A2		
A3	Vryheid van spraak is in die grondwet. Ek KAN, MAG en SAL Afrikaans praat waar en wanneer ek wil. Baie, baie beslis ook op US kampus. EN enige ander plek in SA.	**2**
A4	Ek stem saam dat dit so voortgaan	**7**
A5		
A6		
A7		
A8		
A9	Engels en Xhosa moet geakkomodeer word op alle vlakke, maar die Universiteit moet 'n Afrikaanse Universiteit bly met Afrikaans as die basiese en hooftaal.	**4**
A10	Daar is een aspek wat Stellenbosch moet erken in sy kernbeleidsdokument - dit bly die enigste tersiëre institusie in Suid-Afrika wat afrikaans nog as taal, op wetenskaplike vlak kan voer en uitbou. Alle ander universiteite het reeds weggestap van hierdie kernverantwoordelikheid. Dis 'n aspek waarvoor die US hom moet beywer. Geen ander amptelike taal, behalwe engels, is so goed ontwikkel om hierdie aspek in onderrig te kan uitbou nie.	**5** cf. Kern/ Essence, Afdelings/ Sections 2, 5.5, 7.1.8
A11	Akkoord	**7**
A12	Ek is 'n absolute voorstaander vir MEERTALIGHEID by die US - maar spesifiek dat Afrikaans as onderrigtaal behoue sal bly, en met dien verstande dat Engels as die inklusiewe taal wel gebruik	**4**

	word. MAAR - om te poog dat isiXhosa ontwikkel kan/moet word as 'n volwaardige akademiese taal is, na my mening, wensdenkery en sou slegs dien as politieke kudos.	
A13		
A14	Kyk onder 'Algemene Kommentaar' (Besparing van tyd en koste)	**7**
A15		
A16		
A17		
A18	Ek sal wil sien dat Afrikaans uitgebrei word op voorgraadse vlak. As 'n onlangs-gegradueerde student, was die notas dikwels swak voorberei en direk vanaf Engels vertaal. Dit kort dringend aandag en verbetering. Op nagraadse vlak het ek nie' n probleem met Engels nie, veral in die wetenskap.	**2/3/6**
A19	doelwit moet meertaligheid insluit en NIE Engels eentalig nie.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 2, 5.5, 6.1, 7
A20		
A21		
A22	Die kern van die beleid is veronderstel om die basiese filosofie van meeertaligheid te ondervang. Huidig word "meertaligheid" egter verwrong met eentalige voorkeur. Lg is nie sinonime met werklike meertaligheid nie. Die beginsel wat aanvaarbaar behoort te wees word nie implimenteer nie. Die aanvanklike drywer van die beleid was nog nooit objektief en feitelik verteenwoordig nie en steun op politieke korrekte herhalings van stellings met die onderliggende jammer konsep dat as 'n leuen genoeg herhaal word, dan word dit later waar. In 'n Universiteitsomgewing is politieke korrektheid ook sinoniem met die einde van denke, iets wat ondenkbaar behoort te wees in 'n omgewing waar kritieke denke klaarblyklik belangrik behoort te wees.	**2**
A23		
A24	Getrou aan ons US Alma Mater se eeu oue tradisie is ek volkome gekant daarteen dat daar weggedoen is met die Afriiaanse taal as die primêre taal van die Universiteit! My taal het niks te make met my politieke sienswyse nie en ons behoort nie daaroor skaam te wees teenoor enige ander taalgroep of kultuurgroep of nasionaliteit nie. As die US wil hé dat die meerderheid van sy alumni lojaal betrokke moet bly by die doen en late van die Universiteit, moet Afrikaans sy hoofstatus teruggegee word!	**4**
A25		
A26	Die voortgesette verbintenis van die Universiteit van Stellenbosch om n haalbare insluitende taalbeleid te handhaaf is baie bemoedigend. Ek sien n organisasie met n ryk Afrikaanse erfenis, maar wat verantwoordelik te werk gaan in vandag se sosio-politieke omgewing. Vandaar die insluit van Engels en IsiXhosa as onderrigtale.	**7**
A27		
A28	Kommentaar: Die Kern van die Beleid 'n Belangrike aspek wat hier gemis word, is 'n verklaring dat Afrikaans en Engels aan die US gelyke status geniet of behoort te geniet. Artikel 6(4) van die Grondwet bepaal immers dat "alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel [moet] word." Artikel 6 van die Grondwet bepaal verder: (5) 'n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad deur nasionale wetgewing ingestel moet – (a) die ontwikkeling en gebruik bevorder en omstandighede skep vir die ontwikkeling en gebruik van – (i) alle amptelike tale; (ii) …. Artikel 9(2) van die Grondwet bepaal voorts: "Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë persone, wat deur onbillike diskriminasie benadeel is." Artikel 9(3) van die Grondwet bepaal voorts duidelik dat nie teen enige persoon op grond van sy/haar taal gediskrimineer mag word nie. Dit het ongelukkig baie dikwels op die kampus van die US in die geval van Afrikaanssprekendes gebeur deurdat hulle nie 'n keuse gehad het as om sekere modules in Engels te volg nie. THE UNIVERSAL DECLARATION OF HUMAN RIGHTS bepaal onder andere die volgende: Article 2. Everyone is entitled to all the rights and freedoms set forth in this Declaration, without distinction of any kind, such as race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national or social origin, property, birth or other status. Furthermore, no distinction shall be made on the basis of the political, jurisdictional or international status of the country or territory to which a person belongs, whether it be independent, trust, non-self-governing or under any other limitation of sovereignty.	**1**

Daar moet ook op die volgende gewys word:

PROMOTION OF EQUALITY AND PREVENTION OF UNFAIR DISCRIMINATION ACT NO 4 OF 2000 (AS AMENDED):

1. Definitions
(1) In this Act, unless the context indicates otherwise—
"prohibited grounds" are—
(a) race, gender, sex, pregnancy, marital status, ethnic or social origin, colour, sexual orientation, age, disability, religion, conscience, belief, culture, language, birth and HIV/AIDS status; or
(b) any other ground where discrimination based on that other ground—
(i) causes or perpetuates systemic disadvantage;
(ii) undermines human dignity; or
(iii) adversely affects the equal enjoyment of a person's rights and freedoms in a serious manner that is comparable to discrimination on a ground in paragraph (a);

26. Responsibility of persons operating in public domain to promote equality
It is the responsibility of any person directly or indirectly contracting with the State or exercising public power to promote equality by—
(a) adopting appropriate equality plans, codes, regulatory mechanisms and other appropriate measures for the effective promotion of equality in the spheres of their operation;
(b) enforcing and monitoring the enforcement of the equality plans, codes and regulatory mechanisms developed by them; and
(c) making regular reports to the relevant monitoring authorities or institutions as may be provided in regulations, where appropriate.

Dit het meermale gebeur dat daar teen Afrikaanssprekende studente, veral Kleurlingstudente, gediskrimineer is deurdat hulle gedwing is om sekere modules op voorgraadse vlak in 'n vreemde taal, naamlik, Engels, te volg. Hulle het sekerlik die beskerming en ontwikkeling nodig waarvan die Grondwet en ander wette gewag maak. Die volgehoue bevoorregting van Engels aan die US lei onvermydelik tot "systemic disadvantage" vir (wit en bruin) Afrikaanssprekende studente. Die wet skryf ook voor dat die US "equality plans" moet hê – ook wat sy taalbeleid betref.

Dit is opmerklik dat die US in die geding van Gelyke Kanse voor die Konstitusionele Hof toegegee het dat "numbers of brown students prefer to be taught in Afrikaans (although it seems that most are either comfortable with, or prefer, tuition in English)" (sien paragraaf 29 van die uitspraak).

Die volgende wetlike bepalings is ook op die US as openbare Universiteit van toepassing:

USE OF OFFICIAL LANGUAGES ACT, 2012 (ACT NO. 12 OF 2012)

Die Aanhef vermeld dat " the Constitution of the Republic of South Africa, 1996, requires all official languages to enjoy parity of esteem and be treated equitably"

2. The objects of this Act are-
(a) ….
(b) to promote parity of esteem and equitable treatment of official languages of the Republic;

Dit dien ook om daarop gewys te word dat die IF in sy rapport aan die Raad op 7 Junie 2016 (in die tyd toe ek onder-voorsitter van die IF was) soos volg aan die Raad van die US oor die voorgenome Taalbeleid van destyds gerapporteer het:

A.1.3 Die IF beklemtoon die feit dat die beginsel van inklusiwiteit daarop neerkom dat niemand van die US op grond van sy/haar moedertaal uitgesluit mag word of diskriminasie mag verduur nie.
A.1.4 ….
A.1.5 Die IF ondersteun die beginsel van gelykberegtiging as uitgangspunt van die Taalbeleid.

Die Raad en die Senaat het eenvoudig sonder enige verduideliking of motivering hierdie aanbevelings van die IF in die wind geslaan.

In sy uitspraak in die geding van Gelyke Kanse teen die US in die Konstitusionele Hof het regter Cameron bevind: "At the outset, it is important to note two salient features of the right to language. One is that respect for language preference, where appropriate and reasonable, entails no special concession or privileged treatment. It flows from fundamental rights and values. It is an embodiment of the right to be treated equally and without discrimination, which inheres in everyone. It requires no special pleading for its recognition." (paragraaf 21)

Met ander woorde: Die gebruik van een taal van onderrig mag nie ten koste van ander tale voorrand geniet nie – daar moet gelyke behandeling wees. Die praktyk het egter aangetoon dat die US baie duidelik die voorkeur aan Engels gee en Afrikaans afskeep – in stryd met die regter

	se bevinding. Daar sal nog hier onder aangetoon word dat die nuwe Taalbeleid ook aan Engels 'n bevoorregte posisie toeken. Dit is daarom nodig dat die nuwe Taalbeleid die gelyke status van Afrikaans en Engels pertinent moet noem. Slotsom: Dit is dus nodig dat die volgende woorde aan die einde van die aanhef bygevoeg word: "… met dien verstande dat Afrikaans en Engels gelyke status en behandeling geniet." Kommentaar op Paragraaf 1: Inleiding Die volgende word in hierdie paragraaf bepaal: "Die Taalbeleid beoog om billike toegang tot die US vir alle studente en personeellede uit te brei en om te verseker dat taalpraktyke pedagogies verantwoordbare leer en onderrig fasiliteer." Die US was nog altyd gesteld op uitstekende slaagsyfers van studente. Omdat dit 'n bewese feit is dat moedertaalonderrig vir beter akademiese prestasies sorg, sal dit slegs sin maak om die aanbod van Afrikaanse modules maksimaal te verhoog ten einde Afrikaanssprekende studente te help om op gelyke voet met Engelssprekendes te kompeteer en daardeur die globale slaagsyfer vir die hele US nog verder te verbeter. Daar behoort dus aan die einde van die paragraaf bygevoeg te word: "… deur die aanbod van ten minste alle voorgraadse modules in Afrikaans en Engels maksimaal te verhoog."	
A29		
A30		
A31		
A32		
A33	Die beleid is belaglik - wat word van moedertaal onderrig?	**2**
A34	Ek is gekant teen enige verdere afskaling van Afrikaans as onderrrig- en leertaal aan die US.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A35		
A36		
A37	Die insluiting van die Wes Kaap se amptelike tale is n baie goeie begin punt. Maar daar moet ten alle koste vermy word om almal gelukkig te stel. Daar word te veel toegewings gemaak in veral die beleid en dit altyd ten koste van n ander. Afrikaans was die kern hiekom die universiteit sy status gekry het en dus moet as sulks een van die amptelike leer tale bly.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A38	Getrou aan ons US Alma Mater se eeu oue tradisie is ek volkome gekant daarteen dat daar weggedoen is met die Afriiaanse taal as die primêre taal van die Universiteit! My taal het niks te make met my politieke sienswyse nie en ons behoort nie daaroor skaam te wees teenoor enige ander taalgroep of kultuurgroep of nasionaliteit nie. As die US wil hé dat die meerderheid van sy alumni lojaal betrokke moet bly by die doen en late van die Universiteit, moet Afrikaans sy hoofstatus teruggegee word!	**4**
A39		
A40		
A41	Sien algemene kommentaar	**6**
A42	Ek ondersteun die kern van die beleid en die beginsels waarop dit gebou word.	**7**
A43		
A44	As Wes-Kapenaar is ek dit eens daarmee dat die drie amptelike tale in die praktyk t.o.v. leer en onderrig gebruik word en nie slegs een, nl. Engels, nie.	**7**
A45	Reg so.	**7**
A46		
A47		
A48	Behou Afr as hoofkeuse/taal	**4**
A49		
A50		
A51	Alle verwysing na "redelikerwys uitvoerbaar...." moet geskrap word. Dit laat ruimte vir kwaadwillige interpretering tot nadeel van Afrikaans soos herhaaldelik deur die onbetroubare bestuur getoon is in die verlede.	**2**
A52	Die kern van die beleid klink mooi indien die taalgebruike nie "ten koste van" bestaande tale gaan plaasvind nie.	**7**
A53		
A54	Meertaligheid is aanvaarbaar, solank Afrikaans as opdvoedingstaal gelykstaande aan Engels gehandhaaf word.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3,

		6.4, 7.1, 7.6
A55	Ek ondersteun die kern van die beleid. Daar kan oorweeg word om by te voeg dat graduandi hulle plek as wêreldleiers moet kan inneem en dus, waar relevant vir hulle spesifieke spesialiteitsrigting, bekwaam moet wees in die Engelse vaktaal. Dit is 'n belangrike "Graduate Attirbute"	**1**
A56	Afdeling een verwoord nie voldoende die US se besondere verantwoordelikheid teenoor Afrikaans nie. Hierdeur verloor die US uit die oog dat daar reeds vele Engelstalige universiteite beskikbaar is in Suid-Afrika, maar slegs enkeles waar Afrkaanses hul taalregte kan uitoefen.	**4/5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A57	Ek stem saam met die beginsel van meertaligheid veral om die Wes Kaap omgewing te bedien	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A58	Die beleid is kortsigtig wat meertaligheid betref.	**2**
A59	sien algemeen	**7**
A60		
A61	Geen beswaar.	**7**
A62	Die vorige beleid moet nie as vertekpunt gebruik word nie - gaan terug en begin van vooraf.	**7**
A63		
A64		
A65	ek is geensins opgewonde ooor die diskiminerende wyse waar op transformasie aangepak word nie.	**2**
A66		
A67		
A68		
A24	Ek het geen probleem met meertaligheid nie - Engels was nog altyd deel van die akademie op die US - baie handboeke is per slot van rekening in Engels. Ons het almal ten minste tweetalig opleiding van skooljare af ontvang - daarom is enige Engelsmagtige persoon nog altyd welkom gewees - ook het Engels ons US studente goed te pas gekom in die buiteland ens. MAAR nooit ten koste van Afrikaans nie. Daar is oorgenoeg universiteite waarheen studente kan gaan as hulle geensins Afrikaans wil hoor nie - selfs as hulle in hul eie moedertaal onderrig wil word. Dis hoogs haalbaar vir die US om Afrikaans as hooftaal en Engels as addisionele taal te akkomodeer as doseertale. In enige sosiale kring in enige sektor in die samelewing van SA voel ek baie onwelkom indien ek my eie Afrikaanse taal moet onderdruk of wegsteek omdat dit n"ie polities korrek" is nie - dan vermy ek sulke plekke! My kinders is meertalig en dien baie akademiese en werkverpligtinge in Engels, maar kan oral ook Afriiaans met vrymoedigheid gebruik - soos dit nog altyd op skool en universiteit (ook die US) was.	**2**
A25		
A26		
A27		
A28	My verdere kommentaar sal ek op aparte webblaaie aanstuur, aangesien die stelsel nie alles op een slag wil aanvaar nie.	**7**
A29	Kommentaar op Paragraaf 2: Die Meertalige Konteks In hierdie paragraaf word te min oor die funksie van Afrikaans en die plek van Afrikaans aan die US en die gemeenskap van die Wes-Kaap meegedeel. Die US se eie statistieke vir 2020 toon die volgende: Rassesamestelling van studente: Blanke studente: 55.5% Swart studente: 21,8% Kleurlingstudente: 18% Huistale van die studente, 2020: Engels: 48,5% Afrikaans: 35,3% Ander tale: 16,2% Die nasionale sensus van 2011 het die volgende aangetoon: Kleurlingbevolking van die Wes-Kaap: 49%	**1/2**

	Swart Afrikane: 33% Blankes: 17% Afrikaansprekendes: 50% Sprekers van IsiXhosa: 25% Engelssprekendes: 20% Hierdie statistieke maak dit duidelik dat die Kleurlingbevolking van die Wes-Kaap (grotendeels Afrikaansprekend) geweldig onder-verteenwoordig is onder die studente van die US. Die US se syfers vir Afrikaansprekende studente weerspieël ook nie die bevolkingsamestelling in die Wes-Kaap nie. Indien die US werklik begerig is om sy transformasieteikens te haal deur meer swart (Kleurlinge en Swart Afrikane) te lok, is dit noodsaaklik dat die aanbod van Afrikaanse modules maksimaal verhoog moet word. Indien die US se taak om diens aan die gemeenskap te lewer, ernstig opneem, is dit uiters noodsaaklik dat toegang vir voornemende studente uit hierdie bevolkingsgroep so maklik as moontlik gemaak moet word – en die Taalbeleid moet dit pertinent noem. Die US het 'n dure morele plig in hierdie verband. Die konsep-beleid verklaar ook: "Die toepassing en verryking van die akademiese potensiaal van Afrikaans is 'n manier om 'n groot en diverse gemeenskap in Suid-Afrika te bemagtig." Dit klink na 'n geldige doelwit, maar dit is te vaag. Hoe gaan dit in die praktyk ten uitvoer gebring word? Die Taalbeleid swyg daaroor en dit is dus nodig dat bygevoeg word dat die aanbod van Afrikaanse modules op ten minste voorgraadse vlak maksimaal uitgebrei moet word – tesame met Engels. Die konsep-beleid verklaar ook: "Sprekers van die verskillende Suid-Afrikaanse tale gebruik Engels om met mekaar te kommunikeer…" Hierdie stelling is nie in alle opsigte korrek nie. Afrikaans verrig ook in vele gevalle hierdie hierdie funksie.	
A30		
A31		
A32		
A33	Die meertalige konteks is aanvaarbaar, maar elke universiteit moet plek maak vir (sê) 2of 3 van die amptelike tale waarvan een engels kan wees. Indien afrikaans dus een van die tale saam met engels van die US bly kan by voorbeeld zulu 'n amptelike taal saam met engels by 'n ander universiteit (Natal) toegepas word.	**7**
A34		
A35		
A36		
A37	Ek ondersteun dat daar Afrikaans en Engelse klasse van vakke gegee word. Ek was in klasse waar daar slegs in Afrikaans klas gegee was en dan in Engels vra gevra was. 90% van die klas was Afrikaans. Ons kan nie elke keer as die minderheid iets wil hê in die rigting gaan nie. Dit het nie in die verlede gewerk nie.	**3**
A38	Ek het geen probleem met meertaligheid nie - Engels was nog altyd deel van die akademie op die US - baie handboeke is per slot van rekening in Engels. Ons het almal ten minste tweetalig opleiding van skooljare af ontvang - daarom is enige Engelsmagtige persoon nog altyd welkom gewees - ook het Engels ons US studente goed te pas gekom in die buiteland ens. MAAR nooit ten koste van Afrikaans nie. Daar is oorgenoeg universiteite waarheen studente kan gaan as hulle geensins Afrikaans wil hoor nie - selfs as hulle in hul eie moedertaal onderrig wil word. Dis hoogs haalbaar vir die US om Afrikaans as hooftaal en Engels as addisionele taal te akkomodeer as doseertale. In enige sosiale kring in enige sektor in die samelewing van SA voel ek baie onwelkom indien ek my eie Afrikaanse taal moet onderdruk of wegsteek omdat dit n"ie polities korrek" is nie - dan vermy ek sulke plekke! My kinders is meertalig en dien baie akademiese en werkverpligtinge in Engels, maar kan oral ook Afriiaans met vrymoedigheid gebruik - soos dit nog altyd op skool en universiteit (ook die US) was.	**2**
A39		
A40		
A41	Sien algemene kommentaar	**7**
A42	Ek ondersteun die beginsel rekende meertaligheid by tersiere opleidings instansies, maar dit moet nie By die US ten koste van Afrikaans as gebruikstaal plaasvind nie. Die feit van die saak is dat ander instansies wat tradisioneel nie Afrikaans gesind was nie geen poging aanwend om Afrikaans as taal in hul organisasie te bevorder nie. Ek steun die uitbou van Xhosa as akkademiese taal, maar is nie oortuig dat die US die plek daarvoor is nie.	**2**
A43	Stel die belangrikheid van afrikaans gelyk aan engels	**1**
A44	Afrikaans moet spesifiek genoem word in die Beleid as ware inheemse taal van die Wes-Kaap en dat Afrikaanssprekende voornemende studente dus met ope arms verwelkom sal word om in hul huistaal geakkommodeer te word.	**1**

A45	"daarom gebruik US Engels gereeld maar nie uitsluitlik nie". Is dit werklik so? Word Engels nie nou al op verskeie terreine uitsluitlik gebruik nie?	**3**
A46		
A47		
A48	Behou Afr as hoofkeuse	**4**
A49		
A50		
A51		
A52	Ek maak beswaar teen die term "akademiese potensiaal" wat toegeken word aan Afrikaans as taal by die universiteit. Julle briefhoof pronk en spog pragtig met meer as 100 jaar as universiteit. Hoeveel daarvan het julle meestal akademiese kwalifikasies in Afrikaans toegestaan, en nou is Afrikaans 'n "Potensiële akademises taal?	**1**
A53		
A54	Engels as onderrigtaal is beskikbaar by baie ander instansies, bewaar afrikaans by die US	**5,** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 2, 5.5, 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A55	Ek ondersteun die beginsel van die meertalige konteks waar prakties uitvoerbaar.	**7**
A56	Die US se vermoë om in Engels te kan kommunikeer volg vanselfsprekend, en hoef amper nie eens in die beleid verskans te word nie. Die US behoort hom egter te verbind om, op alle terreine, gelyke erkenning en vermoëns in Afrikaans te bou. Daar waar personneel nie Afrikaans magtig is nie behoort die US hom daartoe te verbind om personneel, binne 'n redelike tyd, te bemagtig maar ook te verplig om voldoende Afrikaans vaardig te word. Sodoende kan enigeen kommunikeer sonder uitsluiting.	**1/2**
A57	Afrikaans is 'n volledige ontwikkelde akademiese taal en moet asulks behou en uitgebrei word in alle fakulteite. IsiXosa is nog nie 'n volledige akademiese ontwikkelde taal nie maar daar moet beslis met die ontwikkeling daarvan bygedra word. Daar kan bv. sekere vakke in IsiXosa aangebied word. Engels is natuurlik ook 'n ontwikkelde akedemiese taal en daar moet ruimte vir Engels wees maar nie ten koste van Afrikaans odf IsiXosa nie. Dit is egter so dat sekere nagraadse dosente slegs Engels kan praat en hulle klasse sal dan slegs in Engels beskikbaar wees.	**2**
A58	Watter meertalige konteks?! Dit dui alles net op 'n eentalige beleid - Engels.	**2**
A59		
A60	Julle preek meertaligheid maar raak ontslae van Afrikaans. Waarom? Waarvoor is julle so bang?	**4**
A61	Geen beswaar	
A62	Afrikaans moet gewaarborg word in alle lesings behalwe waar dosente buitelandse persone is. Afrikane wat nie afrikaans magtig is nie moet die volledige teks van lesing laat vertaal en dit op a skerm vertoon tydens die lesing. Dosente wat nie afrikaans magtig is nie moet beperk word tot 4 per departement. Hou op om teen afrikaans te diskrimineer! Ons land benodig ten minste een afrikaanse universiteit. Die huidige taalbeleid bring mee dat daar diskrimineer word teen afrikaanse studente tydens die aansoekproses.	**3**
A63		
A64		
A65	nie beswaar rakende meeertalige konteks solank daar nie teenoor afrikaans gediskrimineer word nie	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 2, 5.5, 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A66		
A67		
A68		
A69	Meerrtaligheid is in alle omstandighede goed en aan te beveel,maar dit is nie die universiteit se taak nie Die nuwe kultuurvreemde is welkom omdat hy/sy Stellenbosch waarde insien,maar hy/sy moet 'n redelike kennis van Afrikaans he of elders na een van die vele Engels Universiteite gaan. Geen diskriminasie nie,US het sy reels,is onbeskaamd Afrikaans	**2**
A70	Reg, sluit Afrikaans in	**2**
A71	Afrikaans is ook 'n inheemse taal in die sin dat dit in Suid-Afrika ontwikkel het. (Ek let op dat hierdie nie stook met die definisie later in die dokument nie; sien asb. kommentaar daaroor onder.)	**6**
A72		
A73	Ja vir meertaligheid MAAR SONDER BEVOORREGTING VAN EEN BO DIE ANDER .Luister asb na ouers van studente, die studente self en alle ander relevante instansies .Moenie die Regeringsbeleid slaafs navolg nie--hulle bring ons nerens nie.	**1**
A74		
A75	Enige ander besluit anders as dit wat voorgestel word sal 'uit stap' wees met wat SA vandag benodig mbt tersiêre opleiding	**7**
A76	Sien Algemeen	**7**
A77		
A78		

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

A79	Geen probleem met die konteks van meertaligheid nie.	**7**
A80	Ja maar ten koste van Afrikaans nie	**7**
A81	Meertaligheid is kardinaal en die 2016 beleid voldoen aan die vereistes om die konsep te bevoder. Die langtermyn visie is belangrik en ondersteun lewenslange leer en navorsings voorbereiding.	**7**
A82	Afrikaans, en ander Afrika tale behoort beter sorg te kry weens die bedreiging wat sterker tale soos Engels bied.	**1**
A83		
A84	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as 'n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**
A85		
A86		
A87	Die probleem met die meertalige konteks le in die praktiese uitvoering daarvan. Op papier is alles pragtig, volledig en regstegnies so goed opgestel dat enige regsbesware daarteen geopper op grond van die inhoud van hierdie beleid baie moeilik sukses sal bereik. Maar wanneer al hierdie mooi en korrek klinkende beleidsaspekte van meertaligheid in die praktyk toegepas moet word, soos wat dinge, ter illustrasie, met die 2021 verwelkoming van eerstejaars gesien is, loop dinge skeef en vergestalt al die papierbedoelings met meertaligheid uiteindelik slegs in 'n Engelssprekende taalhegemonie op kampus	**3**
A88	An die Hoëskool in Vlaandere het ek 'Latyns-Griekse opleiding gekry en dit het my 'n fantastiese basis gegee vir die latere kennis van Frans, Duits, Engels en as kers op die taart Afrikaans. By die Woordfees op Stellenbosch het ek al meermaals lesings oor Architektuur gebring in Afrikaans met goeie belangstelling en resultaat. Ook my vroëre lesings an UBloemfontein, die Mandela Universiteit in PE en annere SA-universiteite het suksesvol geblyk. So my stelling is: 'Hoe meer talen hoe meer mens...'	**2**
A89	In die praktyk sien ons dat US homself geensins verbind tot die uitbou van Afrikaans nie. Afrikaans word in wese doodgemaak, selfs op kampus. Dit is skreiend.	**4**
A90	Dit is nie net 'n geleentheid nie, maar in werklikheid die primerre verantwoordelikheid van die universiteit om meertaligheid te bevorder en as spesiale verpligting ook Afrikaans as inheemse taal op absolute gelyke basis en in samehang met Engels as akademiese taal te bevorder	**1/4**
A91	Ten opsigte van Afrikaans is dit waar dat die US 'n beduidende bydrae gelewer het. Soveel so dat Afrikaans een van slegs vier moderne tale is met akademiese status, maar dit weet die US se beleidmakers. Die toepassing van Engels is 'n gegewe in die internasionale konteks. Die erkenning van isiXhosa is belangrik, maar haar taalgemeenskap moet self die stryd stry.	**1**
A92		
A93		
A94	Onaanvaarbaar	**7**
A95	So jammer dat die woord "simultaan" eerder as gelyktydig gebruik word.	**6**
A96	n Meertalige konteks is nie drie tale nie. Daar is elf amptelike landstale en 'n twaalfde een (gebaretaal) wat hopelik binnekort amptelike status sal kry (skandalig dat dit nog steeds sloer). Meertaligheid is 'n misleidende woord in sy breedste vorm. Die sogenaamde meertaligheid is vis nog vlees, want 'n voorkeurkeuse van drie tale word gemaak en verkoop as meertaligheid. Meertaligheid, as konsep, is 'n edel doelwit, maar dan moet dit in die praktyk uitgerol word met AL Suid-Afrika se inheemse tale!! Nie net drie wat deur die hooggeplaastes op die kampus gekies word.	**2/4/5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 2, 5.5, 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

	Dit is suiwer bedrog in die naam van meertaligheid.	
A97	Daar is vir my 'n wesenlike probleem met die besluit om 3 tale te bedien. Dit maak sin om Afrikaans en Engels in te sluit, maar waarom Xhosa? Daar is sover ek bewus is, 4 universiteite in die Oos Kaap wat hierdie taal kan aanspreek. Die Wes Kaap het slegs een universiteit wat Afrikaans toeganklik is.	**4**
A98	Afrikaans het oor dekades SU ontwikkel en bygedra tot die groei daarvan. Dit moet steeds voortgaan. Meeste student aan SU is Afrikaanstalig en behoort toegang te he om in hulle huistaal te studeer.	**2**
A99	Nie 'n regverdige taalbedeling vir Afrikaans.	**2**
A100	Soos hierbo genoem	**7**
A101		
A102		
A103		
A104		
A105	Hierdie afdeling kan seersekerlik beter geformuleer word.	**7**
A106		
A107	Meertaligheid kan onmoontlik bevorder word met Engels as primere taal van onderrig, kommunikasie en adminsitrasie. Dokumente en leermateriaal word vertaal op versoek en is boonop van swak gehalte waar direkte vertalings en anglisismes ruimskoots hoogty vier. Om te dink dat die US was eens die die vertoonlokaal van uitnemende onderrig in suiwer Afrikaans en het voorts Afrikaans uitgebou as tersiere taal van onderrig selfs op die wereldtoneel. Vandag is Afrikaans 'n skaduwee van wat dit was, want die poltieke gedienstigheid en die klakkelose nastreef van die ANC se politieke doelwitte. Die geskiedenis het homself nu al male sonder tal, sonder uitsondering bewys dat deur meertaligheid te bevorder, dit uiteindelik aanleiding gegee het tot eentaligheid, naamlik Engels. Die cliche is een van die mees flagrante leuens wat oor en oor vertel word. Meertaligheid lei tot Engelstaligheid. Engels lei nie tot inklusiwiteit nie. Meertaligheid lei to Engelse eksklusiwiteit. Dit hoef nie meer bewys te word nie. Die realiteit spreek vanself. Laastens as Afrikaans op tersiere vlak sou verdwyn, gaan daar geen doel of motivering meer wees vir Afrikaans op primere en sekondere skoolvlak nie. Afrikaanse skole wat boonop ook gewaarborg word in terme van Artikel 29(2) van die grondwet word inderwaarheid as oorbodig beskou. Die groot motivering? Politieke gedienstigheid. Dit is werklik onaanvaarbaar.	**1**
A108	Geen	**7**
A109	Gelykwaardige aanbieding van Afrikaans en Engels vir alle voorgraadse studies	**1**
A110		
A111	Mooi woorde , maar in praktyk word billikheid nie toegepas.	**3**
A112	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen ’n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond ’n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans ’n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal ’n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van ’n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit ’n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**
A113		
A114		
A115		
A116	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te	**1**

	ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	
A117	Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as 'n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**
A118		
A119	Meertaligheid is belangrik, maar moet nie slegs Engels bevoordeel nie. Studente moet kan studeer in die taal waarin hul gemaklik is.	**4**
A120	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as 'n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot	**1**

	die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van ’n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit ’n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	
A121	NVT	**7**
A122	"Die US volg ’n dinamiese proses om uitmuntende studente te werf, talentvolle personeellede aan te stel, en die instelling inklusief en divers te maak, wat insluit die gebruik van meer as een taal. As ’n navorsingsintensiewe universiteit skep die US geleenthede vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede en die bevordering van meertaligheid." Adeling 2 is baie mooi geformuleer en daar is niks fout daarmee nie. Maar, die enigste meertalige studente aan die US is die Wit studente wat Afrikaanstalig is (want hulle kan hulleself tot 'n groot mate ook in Engels help), en ook die Swart studente (want hulle kan hulleself ook tot 'n groot mate in Engels help). Die Wit Engelssprekende studente is Engelssprekend , en dit is al. Dit is algemeen bekend waarom die Wit Engelssprekende studente sedert die 1980s uit die Oos-Kaap, Natal, Johannesburg, Kaapstad, ..., na Stellenbosch gestroom het, aangehelp deur hulle ouers. Daar was nou vir jou rassisme in die hoogste rat. Hulle het hier aangedring op Engels in die klasse, tutoriale, en so het dit maar gebeur en gegroei. Die Meertalige konteks is 'n lugkasteel, opgerig deur swygende bouers.	**2**
A123	Die US as onderwysinstelling funksioneer binne die kultuurhistories omgewing van die Wes-Kaap. Die US behoort dus (benewens die drie amptelike tale) hom ook 'n verbind tot die handhawing van die kulturele en taal demografie en sy geskiedkundige rol in die bediening van die inwoners van die Wes-Kaap. Afrikaans: Dit is 'n volwaardige inheemse taal wat deur die meerderheid van die Wes-Kaap se gemeenskappe gepraat word en behoort aldus ten volle akademies verder ontwikkel en as kommunikasiemiddel in administratiewe, professionele en sosiale konteks bevorder te word. Sodoende sal dit tot die professionele bemagtiging en verryking van anderstaliges in die diverse SA gemeenskap bydra.	**1**
A124	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen ’n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond ’n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans ’n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal ’n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van ’n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit ’n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**
A125		
A126	In die praktyk is meertaligheid dikwels onprakties. Omdat Afrikaanse studente meestal gewillig is om oor te slaan na Engels, terwyl Engelse studente weier om na Afrikaans oor te slaan, trek eersgenoemde aan die kortste end. Ook wanneer dosente nie Afrikaans magtig is nie word alle anderstalige studente benadeel wanneer dit kom by assessering omdat hulle nie noodwendig oor die vermo"e beskik om vrae behoorlik te verstaan of hulleself behoorlik uit te druk nie. Daar is nie noodwendig Afrikaanse kollegas of vertalers beskikbaar om sodanige studente se werk onpartydig te evalueer nie. Veral die Afrikaanse plattelandse student se reg op onderrig in 'n taal waarin hy/sy tuis voel word hierdeur aangetas. Meertaligheid? Bietjie van 'n pypdroom.	**2**
A127	Meertaligheid is onafwendbaar, solank daar nie teen Afrikaanses gediskrimineer word soos wat dit tans blyk te wees nie	**3**
A128	Die bevordering van meertaligheid, inklusiwiteit en (taal) diversiteit mag nie in konflik kom of afbreek doen aan die VOLLEDIGE implementering van Afrikaans as LOLT by die US nie. Verder is dit duidelik dat die praktiese inhoud van, en die toepassing, van die huidige Taalbeleid, in werklikheid inklusiwiteit vir Afrikaanssprekendes verminder aan die US. Dit blyk	**3**

	duidelik uit die gebeure wat onlangs in die nuusmedia gerapporteer is oor die verbod op die gebruik van Afrikaans in koshuise in selfs privaat gesprekke en musiek	
A129	Soos ons weet is meertaligheid 'n baie komplekse aangeleentheid. Implementasie van beleid het verreikende gevolge. In hierdie respek is die konteks van die Wes-Kaap, waar die meerderheid Afrikaansspekendes is, en die kern werfgebied van Stellenbosch is, die teiken van dekades se diskriminasie was, baie belangrik. Die reeds bestaande aanbod van universiteitsopleidng in Engels of isiXhosa behoort ook in ag geneem te word. Maar Stellenbosch, soos ander universiteite in Suid Afrika, is nie net 'n Wes-Kaapse bate nie, maar 'n nasionale bate. En dus behoort die montlike verskaffing van opvoeding in Suid Afrika se verskillende tale ook in daai konteks gesien te word. Dit sou 'n perwerse resultaat wees as 'n beleid van meertaligheid direk aanleding gee tot dominasie van een taal, veral as dit 'n taal is wat 'n minderheid van die land se bevolking se moedertaal is – en dus word die meerderheid gedwing om nie in hul moedertaal onderrig te ontvang nie,met al die welbekende negatiewe gevolge. In hierdie geval kan Suid Afrika – en Stellenbosch - baie leer deur te kyk na die ondervinding van ander meertalige lande. Die Europese Unie doen baie om meertaligheid en multikulturalisme te bevorder, en baie verslae is al or die aangeleentheid gepubliseer (sien onder, afdeling 13). Een van die belangrike newe-effekte van meertaligheid en multikulturalisme is 'n hoë vlak van kreatiwiteit and vindingrykheid wat baie positiewe gevolge het vir 'n land. Die universiteit behoort hierdie ander benaderings eers goed na te vors om te vind of daar nie dalk daar intressante moontlikhede en opsies is nie. Die ondervinding van lande soos Finland (Sweeds, Fins en Russies), en ander Baltiese state, België, Kanada, Switserland, Spanje, ens. behoort ook oorweeg te word. Mens kan ook vra waarom klein Europee lande soos Denemarke nie maar oorslaan na Duits nie, aangesien hulle baie sal kan spaar as hulle net Duitse teks boeke koop? Wat van Slowenië, Luxembourg, ens.? Ek dink nie enigiemand is oortuig dat 'n deurtastende ondersek na taalbeleid op tersiêre vlak in ander meertalige lande goed ondersoek is om nuwe opsies vir Stellenbosch uit te dink nie.	**2**
A130	Ek is te vrede dat die meertalige konteks van die beleid in die huide landsomstandighede nugter en regverdig is. Die akkomodasie van die Afrikaans, Engels en Xhosa is nugter en regverdig.	**7**
A131	Daar is hier by die verduidelikking van Afrikaans iets baie belangriks uitgelaat. Afrikaans, soos, IsiXhosa is 'n inheemse taal van Suid Afrika. Waar anders in die wêreld word Afrikaans gepraat as Suid Afrika en Namibië. Afrikaans is inheems.	**1**
A132	Soos bogese is dit pryssenswaardig, maar om eerlik te wees, ander tale sal afgeskeep word en Engels sal gepraat word, want soos heeltyd in die dokument genoem word moet niemand uitgelaat word nie en dus sal daar Engels gepraat word en onderrig word.	**3**
A133	Die onlangse gebeure op kampus spreek juis teen inklusiwiteit. Die studente leierskap het ook waarskynlik gereageer op SU kommunikasie/instruksies. Die persoon(e) was hoogs onwaarskynlik opportunisties - al word dit so in die media gekommunikeer.	**3**
A134	Ek sou graag wou byvoeg dat die grootste deel van die Wes-Kaap se bevolking, insluitend voorheen-benadeeldes Afrikaansprekend is.	**1/2**
A135	NVT	**7**
A136	"Die US volg 'n dinamiese proses om uitmuntende studente te werf, talentvolle personeellede aan te stel, en die instelling inklusief en divers te maak, wat insluit die gebruik van meer as een taal. As 'n navorsingsintensiewe universiteit skep die US geleenthede vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede en die bevordering van meertaligheid." Adeling 2 is baie mooi geformuleer en daar is niks fout daarmee nie. Maar, die enigste meertalige studente aan die US is die Wit studente wat Afrikaanstalig is (want hulle kan hulleself tot 'n groot mate ook in Engels help), en ook die Swart studente (want hulle kan hulleself ook tot 'n groot mate in Engels help). Die Wit Engelssprekende studente is Engelssprekend , en dit is al. Dit is algemeen bekend waarom die Wit Engelssprekende studente sedert die 1980s uit die Oos-Kaap, Natal, Johannesburg, Kaapstad, ..., na Stellenbosch gestroom het, aangehelp deur hulle ouers. Daar was nou vir jou rassisme in die hoogste rat. Hulle het hier aangedring op Engels in die klasse, tutoriale, en so het dit maar gebeur en gegroei. Die Meertalige konteks is 'n lugkasteel, opgerig deur swygende bouers.	**7**
A137		
A138	Ek dink nue dit is volhoubaar nie. Voorgraads kan seker van die vertaal opsie gebruik gemaak word en waar genoeg studente in n sekere vak is wat Afr verkies, kan hulle geakkomodeer word. Die verdere komplikasie is dat vele dosente ook nie meer so goed Afrikaans praat nie. En dit gaan al hoe erger raak.	**2**
A139		
A140	Dit is bloot onwaar dat jul voorsiening maak vir Afr. En isiXhosa.	**4**
A141		
A142	Engels het inderdaad internasionale waarde. Dit is belangrik om te besef dat studente wat in Afrikaans opgelei is, nog nooit in die groot akademiese spel agtergelaat is nie. Dit is wel waar dat baie studente geen groot internasionale ambisies het nie en nooit meer as 'n eerste graad verwerf nie -- as hulle in hul moedertaal onderrig was, sou meer studente dié triomf beleef	**2**

	het. Dit is 'n feit dat mense wat vlot en vaardig in hul moedertaal is, makliker 'n tweede taal baasraak as iemand met 'n gebrekkige taalgrondslag.	
A143	In orde	**7**
A144		
A145	Billik en aanvaarbaar.	**7**
A146	Groter diversiteit deur die gebruik van meer as een taal is 'n mooi doelwit maar ironies genoeg veroorsaak die toenemende status van Engels by die US juis die teenoorgestelde: die ander tale verloor net eenvoudig veld teen Engels omdat Engels 'n dominante wêreldtaal is. As ons meertaligheid wil bevorder moet ons die formele gebruik van inheemse tale bevorder. Die US is ideaal geposisioneer om die formele en wetenskaplike gebruik van Afrikaans te handhaaf. Dit sal net moontlik wees as Afrikaans belangriker is as Engels by die US. Ek voorsien dat "Die toepassing en verryking van die akademiese potensiaal van Afrikaans..." gaan verwater met die "opwaartse aanpassing van Engels" in die voorgestelde beleid.	**1**
A147	Die regte van Afrikaans- en isiXhosasprekers moet beskerm word	**7**
A148		
A149		
A150		
A151		
A152		
A153	As inheems 'n noemenswaardige kenmerk is, moet dit by alle inheemse tale genoem word. In die geval, beide Xhosa en Afrikaans. Op die oomblik impliseer dit Afrikaans is 'n buitelandse taal.	**1**
A154	Die US institusioneel te verbind tot die gebruikers van Afrikaans, Engels en isiXhosa. Dit is goed dat die bydrae van Afrikaans tot die ontwikkeling van US erken word.	**7**
A155		
A156	1.US moet volstaan by Afikaans en Engels. Dis vreemd dat die Engelse universiteitee nie so wroeg oor hierdie meertaligheid-obsessie nie. 2. Prof Wim moet sy stelling onomwonde terugtrek en nie verskonings daarvoorsoek nie .	**4**
A157	Die kontekstuele oorwegings is gebrekkig en laat die baie belangrike punt dat die Universiteit met privaatfondse gestig is om Afrikaanse opleiding aan 'n universiteit daar te stel, uit. Andersins sou almal na Rhodes se universiteit moes gaan en in Engels studeer. Geskiedenis is konteks.	**1**
A158	Afrikaans Behalwe vir die foutiewelik gebruik van dekades, eerder as meer as ‘n eeu is hierdie kontekstuele oorweging feitelik korrek en behoort daar deurgaans met die opstel van die beleid daarna verwys word. Engels Aangesien die US ‘n selferkende meertalige beleid volg, kan en mag nie een van die drie tale voorkeur bo die ander geniet nie.. Alle akademiese, administratiewe, professionele en sosiale kommunikasie, hetsy amptelik of intern moet dus in al drie tale van meet af beskikbaar wees. isiXhosa Enige spesifieke programme en inisiatiewe wat die US het om isiXhosa as ‘n ontwikkelende akademiese taal te ontwikkel,moet nie van bo afgedwing word nie, maar behoort dit vanaf voetsoolvlak van onder te kom.	**1**
A159	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as ’n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen ’n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond ’n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans ’n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal ’n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van ’n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit ’n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**

A160	Verbintenis tot die sprekers van Afrikaans, Engels en Xhosa is in orde, maar die stilswye oor die merkwaardige prestasie van die jong taal Afrikaans om in kort bestek tot volwaardige wetenskapstaal (enigste in Afrika in 19de eeu) te vorder, is opvallend. Afriaans het natuurlik ook beduidende akademiese, professionele en internasionale waarde soos bv. in die Lae Lande, in die besonder onder meer in die juridiese konteks omdat SA se regstelsel gegrond is in die Romeins-Hollandse tradisie. Die onderbeklemtoning van die akademiese en wetenskapswaarde van Afrikaans is eweneens opvallend en behoort reggestel te word. Daarbenewens is die stelling dat "sprekers van die verskillende Suid-Afrikaanse tale gebruik Engels om met mekaar te kommunikeer" nie juis nie en dui op gebrellige taalwetenskaplike kennis. Navorsing wys daarop dat Zulu en Afrikaans albei in 'n beduidende mate as ling, maar nie ua franca benut word in alledaagse kommunikasie. Engels het wel die afgelope twee dekades as akademiese lingua franca begin figureer maar nie sonder ernstige probleme nie (waar onder swak akademiese prestasie beslis genoem moet word).	**1**
A161	Ek stem saam met meertaligheid op die kampus, indien Afrikaans en Engels as gelyk beskou word. Afrikaans moet ook erken word as 'n inheemse taal.	**1**
A162	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as 'n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**
A163	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Inleiding Die Grondwet verleen amptelike status aan elf tale en ag al hierdie tale as bates wat aangewend behoort te word as 'n manier om mense se potensiaal te ontwikkel. Die Grondwet bepaal origens dat elkeen die reg het om in die openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Gevolglik het openbare onderwysinstellings dus die plig om toegang tot onderwys in die Suid-Afrikaanse amptelike taal of tale van mense se eie keuse te verskaf waar dit redelikerwys doenlik is, met inagneming van billikheid, uitvoerbaarheid en die behoefte aan die regstelling van die gevolge van vorige wette en praktyke wat op grond van ras gediskrimineer het. Afrikaans Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het. Die aanbod van Afrikaanstalige onderrig aan Suid-Afrikaanse universiteite het egter oor die afgelope dekades dramaties afgeneem. Daadwerklike stappe moet daarom gedoen word om te verhoed dat Afrikaans as akademiese taal uitsterf. Die universiteit lewer teen hierdie agtergrond 'n bydrae tot meertaligheid waar Afrikaans as akademiese taal aangewend, beskerm, en bevorder word. Die Afrikaanse taalgemeenskap is demografies – op grond van sowel die getal gebruikers as op die regionale en nasionale geografiese verspreiding – een van die sterkste taalgemeenskappe in die land. In kulturele opsig is Afrikaans 'n standaardtaal wat dekades lank reeds as akademiese taal funksioneer en wat as volledig ontwikkelde kultuurtaal 'n nasionale bate is. Die Universiteit is verbind tot die ontginning, beskerming en bevordering van die akademiese potensiaal van Afrikaans ter bemagtiging van 'n groot en diverse gemeenskap. Dit sluit 'n beduidende groep uit opvoedkundig agtergestelde gemeenskappe in.	**1**

A164	Meertaligheid in klasonderrig kan mos noodwendig 'n negatiewe invloed op aaneenlopendheid veroorsaak. Hoe kan 'n student behoorlik konsentreer in 'n klas as daar verskillende vertolkings is ?	**3**
A165	Ten gunste van meertaligheid maar nie as daar onder die vaandel van meertaligheid Engels, wat `n volwasse gevestigde internasionale taal is, bevorder ten koste van `n jong kwesbare plaaslike taal nie. Julle noem self "Afrikaans het oor dekades heen 'n akademiese repertoire ontwikkel, waartoe die US beduidend bygedra het". Is dit nie duidelik vir julle dat julle tans besig is om hierdie erfenis en wat julle geskep het te vernietig nie? Ek stem saam Engels moet daar wees om seker te maak 1) daar is geen uitsluiting op grond van taal of ras nie en 2) omdat dit `n gevestigde akademiese taal is wat leemtes kan invul waar Afrikaans en isiXhosa nie gevorderd genoeg is nie. Dis die enigste redes waarom Engels werklik daar behoort te wees. Ek stem saam ons bes doen om isiXhosa te bevorder aan die Universiteit Stellenbosch maar ook elders. Op die einde van die dag moet ons visies wees om alle plaaslike tale en kulture te bevorder en in harmonie te laat saamleef. Te leer en verryk te word deur mekaar se kulture.	**2**
A166	Ek verstaan nie: in 1977 toe ek univiersiteit toe is, kon ek nie by Rhodes, Ikeys of Wits gaan studeer en aandring op klasse in Afrikaans nie, al wou ek hoe graag my studentelewe daar gaan deurbring. Hoekom moet daar nou eintlik geen opsie vir die Afrikaans moedertaalspreker in die Wes-Kaap wees nie? Sjoe, UWK en Ikeys is suiwer Engels!	**2**
A167	Afrikaans moet nie afgeskaal word en verwyder word nie	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 2, 5.5, 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A168	Aanspraak word gemaak daarop dat US "Engels gereeld, maar nie uitsluitlik nie" gebruik. Dosente en studente berig egter die teendeel oor ervarings binne klasverband, vergaderings, kommunikasie oor administratiewe aangeleenthede en selfs in koshuise. Vir die hersiene taalbeleid om as begin van 'n beter bestel gesien te word, moet die huidige uitdagings erken word en kan hierdie stelling nie aanvaar word as 'n getroue weerspieëling van die huidige situasie nie.	**3**
A169	Ek kom uit 'n familie waar twee van my voorsate hulle lewens gegee het by die US om studente in Afrikaans, hulle moedertaal, uit te bou en vaktaal te ontwikkel en so die vakke vir Afrikaanssprekendes oop te sluit. Dis werklik hartseer om by huidige studente te hoor dat Afrikaans nie gebruik word in die fakulteite nie aangesien die dosent nie Afrikaans magtig is nie of dat agv 2 studente in die klas almal nou moet Engels praat. Ek dink die parallele taalbeleid is uiteindelik Afrikaans uitsluitend.	**2**
E67	This section should be rewritten as follows: 6.2 Language at SU should broaden access to and enhance success in academic, administrative, professional and social contexts, and should not constitute a barrier to students or staff. This is particularly important given the constitutional right to mother-tongue education, the imperatives to redress the results of past racial discrimination and to ensure no direct or indirect unfair discrimination against present or prospective SU staff and students. The SU is committed to redress through using Afrikaans to uplift educationally disadvantaged communities. 6.4 SU respects the languages and language varieties used by students and staff and acknowledges their language preferences and levels of language proficiency. SU also acknowledges that it is located in a region of South Africa where the vast majority of people are Afrikaans-speaking, and recognises that the university has a responsibility to also expand access to deserving students from this community. 6.6 SU applies the institution's chosen languages in such a way that it includes all students, staff and other stakeholders without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice. 6.9 The Language Policy and its implementation are informed by what is reasonably practicable in particular contexts. Relevant factors to be considered include, but are not limited to, the three foundational normative principles set out in 6.1 to 6.3 above; the number of students who will benefit from a particular mode of implementation; the academic language proficiency of the students involved; the availability and academic language proficiency of staff members; timetable and venue constraints; and SU's available resources and the competing demands on those resources. The above notwithstanding, the university undertakes to make the necessary investments to progressively make multilingual teaching reasonably practicable in more contexts. 6.10 The Language Policy implementation adapts to the changing language demographics and language preferences of students and staff without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice. 6.11 The university recognises the unique status of Afrikaans as an academic language and will contribute to the protection and promotion thereof. 6.12 The university accepts the principle that the success of the language policy depends directly on the implementation of appropriate and sufficient language support and language services.	**1**
E68	This section should be rewritten as follows: 6.2 Language at SU should broaden access to and enhance success in academic, administrative, professional and social contexts, and should not constitute a barrier to students or staff. This is particularly important given the constitutional right to mother-tongue education, the imperatives to redress the results of past racial discrimination and to ensure no direct or indirect unfair discrimination against present or prospective SU staff and students. The SU is committed to redress through using Afrikaans to uplift educationally disadvantaged communities. 6.4 SU respects the languages and language varieties used by students and staff and acknowledges their language preferences and levels of language proficiency. SU also acknowledges that it is located in a region of South Africa where the vast majority of people are Afrikaans-speaking, and recognises that the university has a responsibility to also expand access to deserving students from this community. 6.6 SU applies the institution's chosen languages in such a way that it includes all students, staff and other stakeholders without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice.	**1**

	6.9 The Language Policy and its implementation are informed by what is reasonably practicable in particular contexts. Relevant factors to be considered include, but are not limited to, the three foundational normative principles set out in 6.1 to 6.3 above; the number of students who will benefit from a particular mode of implementation; the academic language proficiency of the students involved; the availability and academic language proficiency of staff members; timetable and venue constraints; and SU's available resources and the competing demands on those resources. The above notwithstanding, the university undertakes to make the necessary investments to progressively make multilingual teaching reasonably practicable in more contexts. 6.10 The Language Policy implementation adapts to the changing language demographics and language preferences of students and staff without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice. 6.11 The university recognises the unique status of Afrikaans as an academic language and will contribute to the protection and promotion thereof. 6.12 The university accepts the principle that the success of the language policy depends directly on the implementation of appropriate and sufficient language support and language services.	
E69	This section should be rewritten as follows: 6.2 Language at SU should broaden access to and enhance success in academic, administrative, professional and social contexts, and should not constitute a barrier to students or staff. This is particularly important given the constitutional right to mother-tongue education, the imperatives to redress the results of past racial discrimination and to ensure no direct or indirect unfair discrimination against present or prospective SU staff and students. The SU is committed to redress through using Afrikaans to uplift educationally disadvantaged communities. 6.4 SU respects the languages and language varieties used by students and staff and acknowledges their language preferences and levels of language proficiency. SU also acknowledges that it is located in a region of South Africa where the vast majority of people are Afrikaans-speaking, and recognises that the university has a responsibility to also expand access to deserving students from this community. 6.6 SU applies the institution's chosen languages in such a way that it includes all students, staff and other stakeholders without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice. 6.9 The Language Policy and its implementation are informed by what is reasonably practicable in particular contexts. Relevant factors to be considered include, but are not limited to, the three foundational normative principles set out in 6.1 to 6.3 above; the number of students who will benefit from a particular mode of implementation; the academic language proficiency of the students involved; the availability and academic language proficiency of staff members; timetable and venue constraints; and SU's available resources and the competing demands on those resources. The above notwithstanding, the university undertakes to make the necessary investments to progressively make multilingual teaching reasonably practicable in more contexts. 6.10 The Language Policy implementation adapts to the changing language demographics and language preferences of students and staff without denying any person their constitutional right to use the language of their own choice. 6.11 The university recognises the unique status of Afrikaans as an academic language and will contribute to the protection and promotion thereof. 6.12 The university accepts the principle that the success of the language policy depends directly on the implementation of appropriate and sufficient language support and language services.	**1**
E70		
E71	Insightful.	**7**
E72		
E73	None	**7**
E74	Well said.	**7**
E75	no comment	**7**
E76		
E77	No comment	**7**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

E78	Inclusion of 6.1 is crucial in actually enabling epistemic access to a wide audience. Many students choosing to undertake their studies in English may have a limited understanding of the English language, and official recognition and allowance for other languages they are more comfortable with, especially during activities requiring input from multiple persons (e.g. tutorials, group work, class discussions) will facilitate effective learning. This will in turn expose other students to the languages represented in the classroom. Furthermore, this clause also serves to acknowledge the diversity represented amongst the staff members, and allows multilingual lecturing staff to take advantage of the languages they may be proficient in to help students.	**2**
E79		
E80		
E81		
E82		
E83	I agree, but the emphasis should be on English as the primary medium of instruction as anything else is impractical.	**7**
E84	I like 6.4 and 6.5. Paragraph 6.9 seems vague and also open to exploitation. In what way does the number of students inform the mode of implementation (and what does mode of implementation refer to?)? Does this mean that the minority can be excluded if the majority benefits? What prevents anyone from changing these environmental factors to enforce only on "mode" of implementation?	**1**
E85	Toegang is duidelik die ubernorm. Meertaligheid word hiervoor opgeoffer. Waarom dan nie maar eerlik hieromtrent wees nie?	**7**
E86	I DO NOT agree with the change in language	**7**
E87		
E88	No	**7**
E89		
E90	This seems suitably fuzzy to be open for interpretation.	**7**
E91	It is crucial that language should not be a barrier to students or staff. This ideal is well appreciated.	**1**
E92		
E93	No	**7**
E94	N/A	**7**
E95	N/A	**7**
E96	It is meant for the inclusion of the majority of learners, this is why it should remain as English.	**4**
E97		
E98		
E99		
E100	No comment	**7**
E101		
E102		
E103		
E104		
E105		
E106	No comment	**7**
E107		
E108	Perhaps some clarity as to what extent will you allow the use of other South African official languages.	**1**
E109	Noted, thank you.	**7**
E110		
E111		
E112		
E113		
E114		
E115	These are sound language policy principles. However, it is not clear why the principle of redress which is very central to the Language Policy Framework for Public Higher Education Institutions (2020), has been omitted. As required by the Constitution, the historically marginalised languages, isiXhosa, in the case of SU, need to be given high priority. The policy needs to clearly show how the the development of isiXhosa will be promoted.	**1/3/2**
E116	No comment.	**6**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

Afdeling 7.1 | Section 7.1

7.1 Leer en onderrig

7.1.1 Afrikaans en Engels is die US se leer- en onderrigtale. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur ’n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word.

7.1.2 Voorgraadse modules word aangebied deur enige van die maatreëls wat in 7.1.3, 7.1.4 en 7.1.5 hieronder uiteengesit word.

7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê, geld die volgende:

7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels.

7.1.3.2 Leergeleenthede soos groepwerk, opdragte, tutoriale en praktika waarby studente van verskillende taalgroepe betrek word, word gebruik om integrasie binne programme te bevorder.

7.1.3.3 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende ’n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien die tolking aanlyn gedoen is). Gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar op versoek van ’n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. ’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en (indien tolking verskaf en dit aanlyn gedoen is) ook die intydse tolking daarvan. Indien twee weke verloop sonder

dat enige studente van die tolkdiens vir ’n module gebruik maak, kan dit gestaak word.

7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word:

7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.

7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:

(a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan (indien die tolking aanlyn gedoen is). Indien die lesings in die eerstejaarmodules in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans beskikbaar, en gedurende die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane tolking beskikbaar op ’n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. ’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en, indien tolking verskaf en dit aanlyn gedoen is, ook die intydse tolking daarvan. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van hierdie dienste gebruik maak, kan dit gestaak word.

(b) Benewens lesings, is daar toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels.

7.1.5.3 Waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van ’n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige akademiese taalvaardigheid het en instem om dit te doen.

7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings ’n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategieë, wat insluit opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening.

7.1.7 Die leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel:

7.1.7.1 Alle verpligte leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor die taal self handel.

7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien, tensy dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie.

7.1.7.3 US-moduleraamwerke en -studiegidse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

7.1.7.4 Waar dit redelikerwys uitvoerbaar is en daar ’n pedagogiese behoefte bestaan, word isiXhosa en ander tale gebruik om konsepte verder vas te lê, byvoorbeeld deur die insluiting van meertalige woordelyste met kernbegrippe en akademiese terme.

7.1.8 In nagraadse leer en onderrig kan enige taal of tale gebruik word, mits die dosent(e) en al die studente akademies vaardig is in daardie taal of tale. Dit sluit voorgraadse modules op Nasionale Kwalifikasieraamwerk-(NKR-)vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in.

7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op Nasionale Kwalifikasieraamwerk- (NKR-)vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 uit. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is slegs in Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels.

7.1.10 Waar studente of personeellede alternatiewe tekste soos Braille- of vergrote tekste nodig het as ’n manier om te kommunikeer en om inligting te verstaan, en sodanige tekste is nie beskikbaar nie, behoort die betrokke personeellid met die Braille-kantoor van die US skakel om die tydige beskikbaarstelling van die alternatiewe tekste te reël.

7.1.11 Aangesien Suid-Afrikaanse Gebaretaal die primêre taal vir sommige Dowe persone is, is ’n Gebaretaaltolk en/of intydse voorsiening van onderskrifte gedurende lesings, tutoriale en die vernaamste openbare US-geleenthede beskikbaar waar dit vereis word en redelikerwys uitvoerbaar is.

7.1.12 Fakulteite kan in spesifieke gevalle van die beleidsbepalings in 7.1 afwyk, maar slegs as die afwyking:

7.1.12.1 Met die beginsels van hierdie *Beleid* strook; en

7.1.12.2 Geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat die Universiteit beskikbaar stel, deur pedagogiese oorwegings of deur fakulteitspesifieke oorwegings; en

7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat, of, in dringende gevalle, deur die Uitvoerende Komitee van die Senaat goedgekeur word

7.1 Learning and teaching

7.1.1 Afrikaans and English are SU’s languages of learning and teaching. SU supports their academic use through a combination of facilitated learning opportunities for students, including lectures, tutorials and practicals, as well as learning support facilitated by means of information and

communication technology (ICT). In the spirit of translanguaging, space can be provided for the use of other languages in, e.g., tutorials and practicals.

7.1.2 Undergraduate modules are offered by any of the measures set out in paragraphs 7.1.3, 7.1.4 and 7.1.5 below.

7.1.3 For undergraduate modules where it is reasonably practicable and pedagogically sound to have more than one class group:

7.1.3.1 There are separate lectures in Afrikaans and English.

7.1.3.2 Learning opportunities, such as group work, assignments, tutorials and practicals involving students from various language groups, are utilised to promote integration within programmes.

7.1.3.3 Students are supported in Afrikaans and English during a combination of appropriate, facilitated learning opportunities (e.g., consultations during office hours or routinely scheduled tutorials and practicals).

7.1.4 For undergraduate modules where both Afrikaans and English are used in the same class group, the combination of facilitated learning opportunities is as follows:

7.1.4.1 During each lecture, all information is conveyed at least in English and summaries or emphasis on content are also given in Afrikaans. Questions in Afrikaans and English are, at the least, answered in the language of the question.

7.1.4.2 Students are supported in Afrikaans and English during a combination of appropriate, facilitated learning opportunities (e.g., consultations during office hours, or routinely scheduled tutorials and practicals).

7.1.4.3 For first-year modules, SU makes simultaneous interpreting available on-site or online during each lecture, as well as a recorded version of the original unedited lecture and the real-time interpretation (if the interpreting took place online). During the second and subsequent years of study, SU makes on-site or online simultaneous interpreting available upon request by a faculty, if the needs of the students warrant the service and SU has the resources to provide it. A recorded version of the original unedited lecture and (if interpreting was provided and took place online) the real-time interpretation will also be provided. If two weeks have passed with no students making use of the interpreting service in a module, it may be discontinued.

7.1.5 In the following instances, lectures will be offered in one language only:

7.1.5.1 Where the nature of the subject matter of the module justifies doing so, for example where the module is on the language itself.

7.1.5.2 Where the assigned lecturer is proficient to teach only in Afrikaans or English. For these modules additional support is provided:

(a) If the lectures are in Afrikaans, SU makes simultaneous interpreting in English available on-site or online during each lecture, as well as a recorded version of the original unedited lecture and the real-time interpretation, (if the interpretation took place online). If the lectures are in English, SU makes simultaneous interpreting of the first-year modules available in Afrikaans on-site or online during each lecture, as well as a recorded version of the original unedited lecture and the real-time interpretation (if the interpretation took place online). During the second and subsequent years of study, SU makes simultaneous interpreting available in Afrikaans on-site or online upon request by a faculty, if the needs of the students warrant the service and SU has the resources to provide it. A recorded version of the original unedited lecture and (if interpreting was provided and took place online) the real-time interpretation will also be provided. If two weeks have passed with no students making use of the service in a module, it may be discontinued.

(b) In addition to lectures, there are appropriate, facilitated learning opportunities (e.g., consultations during office hours, or routinely scheduled tutorials and practicals) in Afrikaans and English.

7.1.5.3 Where all the students in the class group have been invited to vote by means of a secret ballot, and those students who have voted, unanimously agree to it, the module will be presented in Afrikaans only or English only, provided that the relevant lecturers and teaching assistants have the necessary academic language proficiency and agree to do so.

7.1.6 In addition to lectures, based on students' needs and practicability, SU provides a variety of ICT-enhanced learning strategies, including educational (audio and/or video) recordings of lecture material, which are made available to students in Afrikaans, English and, in some cases, isiXhosa for self-directed learning, the further reinforcement of concepts and for revision.

7.1.7 The learning materials for undergraduate modules are made available as follows:

7.1.7.1 All compulsory reading material is provided in English except where the module is about the language itself.

7.1.7.2 Compulsory reading material (excluding published material) is also provided in Afrikaans where reasonably practicable.

7.1.7.3 SU module frameworks and study guides are available in Afrikaans and English.

7.1.7.4 Where reasonably practicable and where there is a pedagogical need, isiXhosa and other languages are used to further reinforce concepts by, e.g., the inclusion of multilingual glossaries of key concepts and academic terms.

7.1.8 In postgraduate learning and teaching, including undergraduate modules at National Qualifications Framework (NQF) level 8 and postgraduate qualifications at NQF level 7, any language(s) may be used provided the lecturer(s) and all the students are academically proficient in the language(s).

7.1.9 Question papers for tests, examinations and other summative assessments in undergraduate modules, excluding undergraduate modules at NQF level 8 and postgraduate modules at NQF level 7, are available in Afrikaans and English. Question papers for tests, examinations and other summative assessments in postgraduate modules, including undergraduate modules at NQF level 8 and postgraduate modules at NQF level 7, are available in English only. Students may answer all assessments and submit all written work in either Afrikaans or English.

7.1.10 Where students or staff need alternative texts such as Braille or enlarged texts as a means to communicate and understand information and these are not available, the relevant member of staff should liaise with SU's Braille Office to arrange the timeous availability of the alternative texts.

7.1.11 As South African Sign Language is the primary language of some Deaf people, a Sign Language interpreter and/or real-time captioning is available during lectures, tutorials and principal SU public events, where it is required and it is reasonably practicable to do so.

7.1.12 Faculties may deviate from the policy provisions in this paragraph 7.1 in particular instances only if the deviation is:

7.1.12.1 Consistent with the principles of this *Policy*; and

7.1.12.2 Justified by the human and physical resources made available by the University, by pedagogical concerns or by faculty-specific considerations; and

7.1.12.3 Approved by the relevant faculty board, and reported with the justification to Senate and approved by Senate, or, when urgent, by the Executive Committee of Senate.

	Kommentaar rakende Afdeling 7.1: Beleidsbepalings rakende leer en onderrig	Analise*
A1		
A2		
A3	Voorafopgeneemde klasse in Afrikaans (by verre die grootste voertaal in Stellenbosch) met Engela as internasionale verwysing en gebruik.	**3**
A4	Reg so	**7**
A5		
A6	7.1.4.1 Hier moet die keuse aan die studente toegelaat word oor of Engels of Afrikaans gebruik moet word.	**4**
A7		
A8		
A9		
A10		
A11	Akkoord	**7**
A12	Die ideaal sou wees om dieselfde klas in Engels EN in Afrikaans aan te bied. DIT IS BESLIS PRAKTIES ONUITVOERBAAR EN SOU KONTRAPRODUKTIEF VIR DIE U.S. WEES . GEVOLGLIK stem ek saam met klasse in Engels en dan met 'n opsomming in Afrikaans. In die algemeen is ek ook akkoord met hierdie afdeling - aangesien dit meertaligheid stipuleer - en nie teen die behoud van Afrikaans diskrimineer nie.	**7**
A13		
A14	Ditto	**7**
A15		

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

A16		
A17		
A18		
A19	Dubbelmedium onderrig en keuse van Engesl en AFrikaans vir assesseringsdoeleindes.	**4/5** cf. 7.1.3, 7.1.4, 7.1.5
A20		
A21		
A22	Sien 3	**7**
A23		
A24		
A25	7.1.9: "Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op Nasionale Kwalifikasieraamwerk- (NKR-)vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 uit." Hierdie beleid is nadelig vir 4-jaar honneursgrade, bv. en o.a. ingenieurswese, waar slegs die eerste 3 jaar se studie tot niks lei mits die 4de jaar ook suksesvol voltooi word nie. Volgens hersiende klousule 7.1.9 bo, sal die 4de jaar modules nie in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees nie. Gevolglik, sal studente wat die eerste 3 jaar in hul moedertaal Afrikaans afgelê het (dit is tipies die oorgrote meerderheid) hul finalejaar in Engels moet aflê. Natuurlik is dit nadelig om te presteer, nietemin tipies uitdagende 4-jaar programme deeglik te slaag vir nagraadse keuring nie. My voorstel is om die klousule te verander soos in 2016 se weergawe van die taalbeleid, naamlik: "Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar.". Hier is die implikasies duidelik en eenvoudig: ALLE VOORGRAADSE ONDERRIG VIND PLAAS IN AFRIKAANS ASOOK ENGELS. Gegewe studentegetalle, waar Afrikaans in die meerderheid is, behoort hierdie reëling nie-onderhandelbaar te wees nie.	**1**
A26		
A27		
A28		
A29		
A30	Kommentaar op paragraaf 7.1.3: Leer en Onderrig Hier word bepaal: 7.1.3 Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te he, geld die volgende: 7.1.3.1 Daar is aparte lesings in Afrikaans en Engels. 7.1.3.2 ….. Hoe gaan hierdie beleid toegepas word indien talle modules tans slegs in Engels aangebied word? Dit kan slegs genbeur indien alle voorgraadse modules ook in Afrikaans beskikbaar is en die Taalbeleid dit in soveel woorde vasstel. Dit blyk uit persberigte dat die Senaat vir die eerste semeester vanjaar slegs Engelse lesings in vooruitsig stel. Hoe rym dit met hierdie beleid? Dit blyk dat talle belanghebbendes daarop wys dat hierdie “tydelike” reëling maklik permanent kan word. Hierdie bepaling kom net so uit die ou Taalbeleid. Dit is egter selde toegepas, want die praktyk het uitgewys dat Afrikaans selde of ooit in lesingsale gebruik is – iets wat regter Cameron van die Konstitusionele Hof uitgewys het (paragraaf 5 en 7 van sy uitspraak). Kommentaar op paragraaf 7.1.4: Leer en Onderrig Hier word bepaal: 7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.2 ….. Hierdie bepaling diskrimineer teen Afrikaanssprekende studente wat gedwing word om lesings in Engels aan te hoor. Wat gaan gebeur as die dosent nie vrae in Afrikaans kan beantwoord of opsommings in Afrikaans kan gee nie? Daar is reeds betoog dat Afrikaans en Engels ingevolge die Grondwet gelyke status behort te geniet – en hierdie paragrawe is in stryd daarmee. Hierdie paragraaf kom ook uit die vorige Taalbeleid. In die praktyk het dit in elk geval selde gebeur dat dosente probeer het om Afrikaanse opsommings te gee – die hele lesing was eenvoudig in Engels.	**3**

	Daar moet ook op die volgende gewys word: THE LANGUAGE POLICY FRAMEWORK FOR PUBLIC HIGHER EDUCATION INSTITUTIONS, DETERMINED IN TERMS OF SECTION 27(2) OF THE HIGHER EDUCATION ACT, 101 OF 1997 (AS AMENDED): 29. Language of Learning and Teaching (LOLT): Recognising the de facto status of English as the language of learning and teaching across South African higher education institutions, this policy calls upon universities to adopt a flexible approach in the implementation of English as the language of learning and teaching. Necessary support must be provided to students for whom English is not their first language or mother tongue, in order to ensure academic success. Met ander woorde: Die minister van Hoër Onderwys verwag dat studente wat nie Engelstalig is nie (onder andere Afrikaanssprekende studente) in staat gestel moet word om suksesvol in hulle moedertaal te kan studeer. Kommentaar op paragraaf 7.1.5: Onderrig en Leer In hierdie paragraaf word bepaal: 7.1.5 In die volgende gevalle sal lesings in slegs een taal aangebied word: 7.1.5.1 …. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Daar word vervolgens voorsiening gemaak vir tolkdienste in hierdie soort gevalle. Die praktyk het uitgewys dat min of meer alle Afrikaanssprekende dosente ook Engels magtig is. Daar is egter talle dosente wat nie ‘n woord Afrikaans kan of wil praat nie. In die praktyk sal dit daarop neerkom dat hierdie lesings steeds slegs in Engels aangebied word. Daardeur word teen Afrikaanssprekende studnete gediskrimineer en hulle word uitgesluit. Die hulp wat in hierdie soort gevalle aangebied word, byvoorbeeld tolkdienste, behoort deeglik geïmplimeneteer te word, nie net op eerstejaarsvlak nie. Daar word ook voorsiening gemaak vir lesings wat slegs in Arikaans aangebied word. Die praktyk het uitgewys dat dit slegs by wyse van uitsondering, indien ooit, gebeur. In paragraaf 40 van sy uitspraak het regter Cameron bevind: “Nevertheless, the University’s evidence indicates that dual medium classes with interpreting from Afrikaans to English peripheralise and stigmatise black students not conversant in Afrikaans. That, together with the non-prohibitive but significant cost of upscaling to full parallelism means that sustaining the 2014 Language Policy was not reasonably practicable for the University.” Die regter het daarna bevind dat die US se argument dat tolkdienste te duur sou wees, geregverdig is (parr 41-45). In die lig van die regter se bevindings is dit raaiselagtig waarom die nuwe Taalbeleid tog voorsiening maak vir tolkdienste uit Afrikaans na Engels. Dit kan slegs daarop dui dat die US nie in alle opsigte eerlik was in sy opponering van Gelyke Kanse se hofaansoek nie. Kommentaar op paragraaf 7.1.7: Leer en Onderrig Hier lees mens: 7.1.7 Die leermateriaal vir voorgraadse modules word soos volg beskikbaar gestel: 7.1.7.1 Alle verpligte leesstof word in Engels voorsien, behalwe waar die module oor die taal self handel. Vraag: Is die gebruik van Afrikaanse handboeke dan verbode? Hierdie onsinnige bepaling moet verdwyn. Kommentaar op paragraaf 7.1.9: Leer en Onderrig Wat gebeur as ‘n Engelssprekende dosent nie in staat is om antwoordstelle of studiestukke in Afrikaans te ontsyfer nie? Die konsep-Taalbeleid swyg hieroor en dit behoort reggestel te word. Kommentaar op paragraaf 7.1.12: Leer en Onderrig Hier word die deur oogemaak dat die Taalbeleid eenvoudig geïgnoreer kan word. Wat is die	

	nut om ‘n beleid met navolgenswaardige beginsels te formuleer as die moontlikheid bestaan dat sekere dosente of departemente alles in die wind kan slaan? Hierdie paragraaf kan nie so bly nie.	
A31		
A32		
A33	Dubbel medium asseblief	**4**
A34		
A35		
A36		
A37		
A38		
A39		
A40		
A41	Sien algemene kommentaar	**7**
A42	geen kommentaar.	**7**
A43		
A44	Werf met geesdrif Afrikaanssprekende skoliere om hul studies aan die US voort te sit deur die versekering te gee dat Afrikaans nie afgeskeep en/of gestigmatiseer word nie.	**3**
A45	Verwys na 7.1.3 - "waar dit redelikerwys uitvoerbaar is". Dit is te "wollerig" en systap 'n doelgerigte pertinente poging wat Afrikaans verdien. Onthou, Afrikaans is DIE taal wat die meeste opgang gemaak het in 20ste eeu - ontwikkel van iets tot 'n taal wat akademies ook sterk is. Praktyk by UP het bewys dat minderheidsgroepe Afrikaanse klasse gekaap het deur eenvoudig te se dat hulle nie Afrikaans verstaan nie. Om kontroversie te vermy, het lektore dan die meerderheid se behoefte verontagsaam en oorgeskakel na die moedswillige minderheid wat Engels wou hoor. Dit is wat in die praktyk gebeur. Neem kennnis !!!!!!!!	**1**
A46		
A47		
A48	Behou Afr as hoofkeuse	**4**
A49		
A50		
A51	7.1.4.3 Skrap die paragraaf en verwys slegs na 'tolking sal beskikbaar wees. So ook 7.1.5.2.	**1**
A52		
A53		
A54		
A55	Die praktiese implementering van hierdie bepaling rakende leer en onderrig is twyfelagtig. Die hoeveelheid tyd wat reeds spandeer word om alle kommunikasie en leer materiaal te vertaal is onprakties en ’n ongelooflike mors van hulpbronne. Ondersteuning vir die vertaling is nie die oplossing nie aangesien ’n dosent aanpasbaar moet kan wees binne ’n universiteitsonderrig omgewing, en nie alle materiaal voortydig beskikbaar het nie. Verder moet alle vertaalde materiaal in elke geval nagegaan word om seker te maak dat konteks behoue gebly het. As ons van studente verwag om genoegsaam Engels magtig te wees om die handboek te kan verstaan, dan sekerlik moet hulle notas en tutoriale ook kan verstaan. ’n Ongelooflike hoeveelheid werk word tans ingesit om materiaal te vertaal en dit word meestal deur minder as 20% van die studente gebruik. Dit is eenvoudig nie regverdigbaar nie.	**2**
A56	Die US behoort hom daartoe te verbind om meertaligheid in SA te bevorder deur alle klasse, lesings ens. in Afrikaans aan te bied. Daar is reeds verskeie opsies by verskeie universiteite in Engels. Die US se eerste verantwoordelikheid is duidelik teenoor Afrikaans. As daar genoegsame studente is om 'n Engelse baan ook te handhaaf, kan Engelse lesings in parallel aangebied word. Twee tale in dieselfde leeromgewing is belaglik, en sluit prakties diegene wat nie die tweede taal (in die praktyk gewoonlik Afrikaans) uit. Dit plaas 'n onredelike las op dosente om meertalig klas te gee en te vrae te tolk. Dat 'n dosent nie 'n taal magtig is nie is geen rede vir 'n klas om in Engels aangebied te word nie. Dosente is werknemers, en behoort verplig te word om binne 'n redelik tyd Afrikaans te leer. In die interim kan hulle deur navorsing bydra of in 'n aparte Engelse baan klasgee. Daar is geen rede vir Afrikaans om dosente van enige afkoms permanent uit te sluit nie.	**2/4**
A57	Ek stem glad nie met die beleid saam nie. Vir alle klasse behoort aparte lesings in beide Afrikaans en Engels aangebied word. Dit geld veral vir voorgraadse klasse. In nagraadse klasse kan daar deur middel van tolkdiensre verseker word dat beide Afrikaans en Engels beskikbaar is. Daar is genoeg dosente beskikbaar wat Afrikaans en Engels magtig is dat dit gedoen kan word. Hierdie is die kruks van die beleid. Sien asb my kommentaar oor beleidsbeginsels.	**2**
A58	Verengelsing is duidelik die US se enigste beleidsbepaling	**2**
A59	sien algemeen	**7**
A60		
A61	Om slegs in opsomming in Afrikaans te bied, is dom. Dit help nie eens nie, want die klas word die hele periode in Engels aangebied. Verder meer, dosente hou nie die tyd dop nie en gee anyway nie eers 'n opsomming in Afrikaans nie. Ook, wat keer dosente om net te sê hulle net Engels of Afrikaans magtig? Ek het klas geneem by dosente voorheen wat Afrikaans kon klas gee, maar wie nou skynbaar net Engels magtig is - definieer asb.	**2**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

	Dit is onbillik om te verwag dat Afrikaanssprekendes (of Engelsesprekendes) 'n tolkdiens moet gebruik (net soos dit onbillik was destyds met Open Stellenbosch se besware - die situasie is nou net omgeruil). Die interaksie in die klas gaan in elk geval verlore en die vertaler is soms nie goed nie.	
A62		
A63		
A64		
A65		
A66		
A67		
A68		
A69	Onderrig deur engels is geen probleem nie. In 1958 het die Geneeskunde dept 2 Duitse professors gehad vir Patologie en Mikrobiologie. Die 2 het baie vinnig ingeskakel en Afrikaans gepraat. Dieselfde geld vir lektore as vreemdtalige studente----hartlik welkom maar respekteer ons en leer Afrikaans. As jy US bewonder en graag daar wil wees,sal jy afrikaans leerbpraat.	**2**
A70	Reg, sluit Afrikaans in	**7**
A71	7.1.4.1. "...in ten minste Engels oorgedra..." Engels word implisiet bo Afrikaans gestel, eerder as gelyk. 7.11 Die beskikbaarheid van gebaretaaltolke is fantasties, maar moet meer bekendstel word op kampus aangesien min studente weet daarvan.	**2**
A72		
A73		
A74		
A75	100% korrek en die feit dat onderig en opleiding die primere rol bly en taal slegs die medium is vir die bereiking van akademiese doelwitte is, is die korrekte beleid om na te volg	**7**
A76	Vir my is dit logies dat dit tyd geword het om onderrig en leer slegs in Engels te doen. Vat die pyne wat daarmee gepaard sal gaan, nou en kry klaar. Die ouens wat kla sal al hoe minder word. Uiteindelik gaan dit net te duur word om alles, of dan nou die oorgrote meerderheid in albei tale te doen. Baie min Afrikaanse studente sal met Engels as akademiese onderrigtaal sukkel. Gee vir die wat sukkel ondersteuning en hulle sal gou regkom. Selfs die dosente wat sukkel met die Engels sal gou regkom as hulle eers 'n bietjie gedruk word. Hulle moet maar net beter voorberei. Vrae in die klas kan in die taal hanteer word soos wat die situasie dit verlang. Die beroepswereld wat die studente gaan betree na universiteit is Engels. Berei hulle ordentlik voor.	**4**
A77		
A78		
A79	Goed so indien Afrikaans nie afgewater word teenoor die ander tale nie.	**7**
A80		
A81	Die nadruk op die pedagogiese konsep van akademiese geletterdheid word ondersteun.	**7**
A82	Behoort altyd in Afrikaans beskikbaar te wees.	
A83		
A84	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse	**1**

	tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en tesame met die intydse tolking daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente, voorsien die US benewens lesings 'n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit "spraak-na-teks" vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik, behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A85		
A86		
A87	T.o.v. bepaling 7.1.9., dat vraestelle vir toetse en eksamens vir voorgraadse modules in Afrikaans en Engels aangebied moet word. Goed en wel, maar wat van die nasien/assessering van skrifte van studente in Afrikaans antwoord maar waarvan die dosent 'n eentalige Engelssprekende persoon is? Ek weet van studente, veral in die Opvoedkunde Fakulteit, wat al probleme met die nasiengehalte van sulke skrifte gehad het, wat gevoel het hulle is deur die wyse van nasien (dikwels deur intermediere persone namens die Engelssprekende dosent wat nie oor die intieme kennisbeoordelingsvermoens van die betrokke dosent self beskik nie) te na gekom is. Die antwoorde op hulle besware van hierdie probleem is nog nie bevredigend opgelos nie en dit wil voorkom of die US hierdie probleme maar stilletjies probeer wegwerk of onder die mat invee, want daar is, t.s.v. al die mooi voornemens van die taalplan, om studente in die beantwoording van vraestelle ter wille te wees dat hulle dit in Afrikaans kan doen, geen duidelik uitgespelde maatreels van hoe die probleem oorkom moet word wanneer die dosent slegs Engelssprekend is nie. Indien die US hierdie ongedefinieerde prakryk voortaan maar in die stilte gaan bly gedoog, waar Afrikaanssprekende studente benadeel kan word wanneer die nasienkwaliteit van hulle vraestelle a.g.v. die taalbeperkings van hulle Engelssprekende dosente nie vir die persoonlike nasien van sulke vraestelle voorsiening maak nie, maak die US hom inderwaarheid skuldig aan menseregte-oortredings deur Afrikaanssprekende studente nie op daardie vlak ook gelykwaardig te behandel nie. Tweedens, die aanvaarding (sonder behoorlike bespreking in die Senaat of wyer in die akademiese geledere) van 'n beleid dat nuwe voorgraadse kursusmateriaal vir 2021 "tydelik" slegs in Engels aangebied kan kan word, blyk teen die agtergrond van die US se mooiklinkende verklarings om Afrikaanssprekende studente t.o.v. kursusmateriaal sover moontlik ter wille te wees, op uiters dun ys te rus. Daar is beslis geen grootskaalse verskille van kursusaanbieding tussen ERTLA en die ARTLA onderrigsisteme nie. En buidendien, sou daar in sekere gevalle sulke groot veranderinge wees waarop dosente sou moes voorberei, waarom is hierdie aankondiging eers in Maart gedoen? Die US-bestuur het al 'n hele jaar van ERTLA-onderrigervaring agter die rug en moes dus alreeds in 2020 die oorgang na 'n ARTLA-onderrigsisteem voorsien en daarvoor beplan het sodat dosente tog sekerlik vanaf Januarie 2021 die nodige kursusaanbiedingsaanpassings in hulle leermateriaal kon doen? Dis derhalwe geen wonder dat daar 'n totale wantroue onder die Afrikaanssprekende publiek is oor die US-bestuur se motiewe t.o.v. taalberegtiging nie. Hierdie stap trek dus 'n dik streep deur al die mooiklinkende jargon van meertaligheidsbevordering in die US se taaldokumentasie en is uiters negatief vir die inrigting se openbare beeld onder Afrikaanssprekendes.	**3**
A88	Saamgevat: onderrig in Afrikaans is respek toon vir 'n belangryk deel van die SA-bevolking.	**2**
A89	"Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien. Vrae in Afrikaans en Engels word	**2**

	ten minste in die taal van die vraag beantwoord." Hierdie is die duidelikste erkenning dat Afrikaans 'n tweederangse rol ingeneem het by US. En dít aan 'n universiteit waar die grootste donateur se voorwaarde was dat Afrikaans nooit 'n mindere plek aan die universiteit mag inneem nie. Dis gewoon 'n skande.	
A90	Die verbintenis tot meertaligheid en absolute gelykheid tussen Afrikaans en Engels moet regdeur hierdie bepalings geskied as volg: 1. Engels en Afrikaans moet alternatiewelik as voorkeurtaal gebruik word met gelyke toeging to die alternatiewe taal soos bespreek. 2, Die Universiteit moet verpligting aanvaar dat sy studente EN dosente meertalig vaardig moet wees in Afrikaans en Engels. 3. Afrikaans op dag een, welke in die vorm van voordrag, voorgeskrewe materiaal, notas en kommentare moet gelykwaardig in die ander taal beskikbaar wees. 4. Netso moet Afrikaans op dag een afgewissel word met Engels op dag twee en dan ondersteunende notas in Afrikaans. 5. Lektore kan 'n vensterperiode van tot 5 jaar toegelaat word om die ander taal ten minste in geskrewe en verstaanbare basis te bemeester, As uitsondering kan lektore van alternatiew aanbiedingsmetodes gebruik maak tot tyd en wyl hulle voldoende taalvaardig is om self die woord te doen. Gelyke gebruik van Afrikaans en Engels is nie onderhandelbaar nie maar kan aanpasbaar met diskresie vir termyn toegepas word. 6. Indien enige oordrag van kennis die toets van volhoubaarheid slaag (Waarskynlik vir te minste 5 jaar geldig gaan wees) behoort dit die uitgangspunt te wees om dit in beide tale (of geen van die twee amptelike tale nie) in geskrewe en mondelinge vorm beskikbaar te stel. 7. Amtelike dokumentasie (soos trouens hierdie beleid ook), moet alternatiewelik in Afrikaans en dan Engels as amptelike weergawes aangeteken te word. Die gebruik van net een amptelike taal moet ten alle kostes verhoed word. Engels en Afrikaans verdien absolute gelyke behandeling. 8. Daar moet in beginsel nie verskil wees op voorgraadse of nagraadse vlak nie. Elke voornemende student of lektor moet bewus wees van die universiteit se ononderhandelbare standpunt wt betref Meertaligheid en die Gelyke gebruik van Afrikaans en Engels. ninne redelike periode. 9. Op Stellenbosch behoort studente en/of dosente nie toegelaat te word om slegs die gebruik van een taal te gebruik nie. Die produk van die universiteit is Meertaligheid as vaardigheid en die gelyke benutting van Enges en Afrikaans as vaardighede en dit moet nie toegelaat word om te verwater nie. Ons is trots op hierdie vaardigheid en wil dit nog verder versterk.	**4**
A91	Afrikaanssprekende studente het nie die getalle of styl om regte op te eis (demand) soos studente vir gratis hoër onderwys nie. Om in 'n klas te vra wie nie Engels verstaan nie, is onbillik. Paragraaf 7.1.5.3 as uitkomkans is verregaande. "...mits die dosent die nodige taalvaardigheid het en instem om dit te doen"!	**2**
A92		
A93		
A94	Onaanvaarbaar	**7**
A95	Die beleid dui aan dat leer en onderrig aan 1ste jaar studente "ten minste in Engels aangebied sal word". Sou baie eerder wou hoor "ten minste in Afrikaans" vir 1ste jaar studente.	**1/5** cf. 7.1.1, 7.1.3.1, 7.1.4.1
A96	Ek het hierdie Afdeling verskeie kere deurgelees op soek na isiXhosa. Dit is net Engels en Afrikaans. Jou onderrok hang uit US! Daar is mos 'n seding: as jy die waarheid praat, dan hoef jy nooit weer en weer te dink of te proeflees om seker te maak dat jy dieselfde kitaar slaan nie. Maar as daar dinge verdoesel en toegesmeer word, dan moet jy mooi dink voor jy praat en verskeie kere proeflees om seker te maak dat jy nie ander tromme slaan nie.	**5** cf. 7.1.6, 7.1.7.4
A97		
A98	Op 7.1.2 Afrikaanse klasse behoort beskikbaar te wees vir voorgraadse student van alle fakulteite. Op 7.1.5.3 Geen intimidasie tydens geheime stemmings mag toegelaat word nie. Op 7.1.12 As 'n fakulteit weens gebrek aan fisiese of menslike hulpbronne 'n verandering moet maak aan die taal waarin die studente onderrig word, behoort dit nie 'n permanente verandering te wees nie. Die volgende semester of jaar behoort weer vir studente die oorspronklike voorregte wat taal van onderrig aanbetref te bied. Op 7.1.12.2 SU moet poog om die menslike en fisiese hulpbronne beskikbaar te stel en dit nie as verskoning te gebruik om af te wyk van 7.1 nie.	**1**
A99	In voorgraadse modules waar Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep gebruik word, moet inligting ten volle in Afrikaans en Engels oorgedra word.	**1** cf. 7.1.4.1
A100	Soos hierbo genoem	**6**
A101		
A102		
A103		
A104		
A105	Hierdie gedeelte is die mees omvattende en komplekse omskrywing in die Taalbeleid, en hou potensiaal in vir alternatiewe interpretasies – moontlike verwarring – met die bedoeling of omskrywing van die Taalbeleid. Oorweging kan moontlik geskenk word om hierdie	**1**

	gedeelte te herformuleer onder ‘n struktuur wat ‘n onderskeid tref tussen taalgebruike in die onderrig-en-leer van taalvakke en nie-taalvakke. ‘n Onderskeid kan ook gemaak word tussen die taalgebruike in die voorsiening van geskrewe of gedrukte materiaal en die gesproke omgang met taal, byvoorbeeld: • Beleidsbepalings rakende taalgebruik in Leer-en-onderrig in Taalvakke o Soos van toepassing op geskrewe of gedrukte materiaal o Soos van toepassing op gesproke kommunikasie • Beleidsbepalings rakende taalgebruik in Leer-en-onderrig in Nie-taalvakke o Soos van toepassing op geskrewe of gedrukte materiaal o Soos van toepassing op gesproke kommunikasie Ek is van mening dat die taalgebruik soos van toepassing op geskrewe of gedrukte materiaal in die onderrig van beide Taalvakke en Nie-taalvakke met groter duidelikheid omskryf sou kon word; dit sluit in die voorsiening van materiaal vir gehoorgestremde en blinde persone. Ek is ook van mening dat die taalgebruik soos van toepassing op gesproke kommunikasie in die onderrig van Taalvakke met groter duidelikheid omskryf sou kon word. Die taalgebruik soos van toepassing op gesproke kommunikasie by Nie-taalvakke bied waarskynlik meer uitdagings. Dit sou egter hanteer kon word deur dit te omskryf in die onderskeie kontekste waarin gesproke kommunikasie plaasvind, soos byvoorbeeld tydens lesings, tutorial, praktika en konsultasies. [Verwys ook na opmerkings onder Algemene Kommentaar.]	
A106		
A107	Engels is die hoofsaaklike taal van leer en onderrig vanwee verskeie redes wat ek hierbo by verskeie geleenthede volledig bespreek het. My seun wat tans aan die US studeer en sy vriende het dit al telkens aan my bevestig. Soos die spreekwoord lui, daar le baie myle tussen se en doen. US praat, maar doen bitter min op uitvoering te gee aan die letter en die gees van die beleid. Met Afrikaans nou verdermeer as 'n minder taal van aanbod is daar nie juis enige ander positiewe tekens waar Afrikaans groei nie of verder uitgebou word taal van onderrig en leer nie. Die bewyse is legio van van die teenoorgestelde.	**2**
A108	Geen	**7**
A109	Soos hierbo met leer en onderrig in beide Engels en Afrikaans.	**7**
A110		
A111	Ek verwys graag na die deurwoe" meningstuk in Die Burger , waar die Dep Afrikaans en Nederlands hul opinie gegee het. Kan nie anders as om hulle volmondig te ondersteun nie.	**2**
A112	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur ’n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. ’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die	**1**

	perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan.’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word tesame met die intydse tolking daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings ’n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit “spraak-na-teks” vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van ’n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A113		
A114		
A115		
A116	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur ’n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. ’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die	**1**

	perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan.’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word tesame met die intydse tolking daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings ’n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit “spraak-na-teks” vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van ’n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A117	7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur ’n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. ’n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook ’n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan.’n Opname van die	**1**

	ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word tesame met die intydse tolking daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings 'n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit "spraak-na-teks" vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A118		
A119	Taal van keuse!	**2**
A120	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan.'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word tesame met die intydse tolking	**1**

	daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings 'n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit "spraak-na-teks" vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A121	NVT	**6**
A122	Indien moontlik sal dit ideaal wees as met aparte Afrikaanse en Engelse voorgraadse lesings voortgegaan kan word. Dit behoort ook verder uitgebrei en ingestel te word vir daardie groot voorgraadse groepe waar daar 'n behoefte bestaan of wat intussen verengels het. Ongelukkig is dit bekend dat waar Engels en Afrikaans in dieselfde lesing gebruik word, dit dikwels gebeur dat Afrikaanse vrae deur die Engelse studente onderbreek word, en dat dit tog maar tot 'n eentalige lesing lei. Baie van die apekte genoem in 7.1 is ideale wat in die praktyk onhaalbaar is, dikwels deur die toegeeflikheid van die Afrikaanssprekende studente wat nie daarop ingestel is om aan proteste ter wille van hulle taal deel te neem nie. Na my mening sal die mooi ideale en beloftes en verwagtinge wat in 7.1 geskep word, mettertyd vervaag en verdwyn.	**2**
A123	7.1.4: Die verstek situasie deur slegs ten minste Engels te gebruik is tot nadeel van die Afrikaanssprekende student. Stel voor dat aanlyn lesings in Afrikaans beskikbaar gestel word tydens lesings. Dit behoort te geld vir alle voorgraadse modules soos toepaslik. Verwys 7.1.6 wat dan 'n verpligte metodiek sal wees. 7.1.9 Deur slegs Engelse vraestelle etc in nagraadse modules bekikbaar te stel, hou nie verband met die beleid dat nagraadse leer en onderrig in enige taal (aanname Engels en Afrikaans) gebruik word. Dit behoort ook in Afrikaans beskikbaar gemaak te word om uitvoering van die taalbeleid te gee om Afrikaans akademies te ontwikkel.	**1**
A124	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord.	**1**

	7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. Indien die lesings in Engels is, stel die US intydse tolking in Afrikaans óf op die perseel óf aanlyn beskikbaar, asook 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan.'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word tesame met die intydse tolking daarvan. 7.1.6 Op grond van die behoeftes van studente sowel as uitvoerbaarheid, voorsien die US benewens lesings 'n verskeidenheid IKT-verrykte leerstrategie, wat insluit "spraak-na-teks" vertaling van lesings en opvoedkundige (oudio- en/of video-) opnames van lesingmateriaal, wat in Afrikaans, Engels en, in sommige gevalle, isiXhosa aan studente beskikbaar gestel word vir selfgerigte leer, die verdere vaslegging van konsepte, en hersiening. 7.1.7.2 Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien. 7.1.8 In nagraadse leer en onderrig word sowel Afrikaans as Engels in gelyke mate gebruik behalwe waar alle studente in die klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word. 7.1.9 Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in voorgraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar. Dit sluit voorgraadse modules op NKR-vlak 8 en nagraadse kwalifikasies op NKR-vlak 7 in. Studente mag alle assesserings beantwoord en alle skriftelike werk inlewer in óf Afrikaans óf Engels. 7.1.12.3 Goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, en saam met die regverdiging aan die Senaat voorgelê en deur die Senaat goedgekeur word.	
A125		
A126	Ek dink dat baie Afrikaanse dosente moeite doen om alle studente te akkommodeer met beskikbaarstelling van materiaal in beide tale, terwyl dit nie noodwendig gebeur in die geval van nie-Afrikaanse dosente nie. Omdat materiaal ten minste in Engels beskikbaar moet wees en Afrikaans net bykom as dit prakties moontlik is, is daar geen verpligting op laasgenoemde om Afrikaans vaardig te raak of hulp te soek met vertaling of tolking nie.	**2/5** cf. 7.1.4.1
A127	Simultane tolking, (7.1.4.3) is laat nie geregtigheid geskied teenoor Afrikaans sprekende studente nie aangesien konsentrasievlakke en - vermoeë nie dieselfde is wanneer veral nóg die "tolk" nóg die "hoorder" Engels as huis taal het, (die woord "bird" word byv. deur sommige swartaalsprekers as "bed" uit gespreek) Verbeel jou die baie tyd wat verlore gaan tydens die naarstiglike gryp na ñ woordeboek op dáárdie oomblik!)	**2**
A128	7.1.3 Die teks in hierdie paragraaf "Vir voorgraadse modules waar dit redelikerwys uitvoerbaar en pedagogies verantwoordbaar is om meer as een klasgroep te hê." dien as ontsnappingsklousule om so min as moontlik voorgraadse lesings in Afrikaans te bied. Dit is nie aanvaarbaar nie – Afrikaans is 'n verklaarde LOLT van die US. 7.1.4.1 Die teks in hierdie paragraaf "Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word opsommings of beklemtoning van inhoud ook in Afrikaans voorsien." bevoordeel Engelssprekendes en benadeel Afrikaanssprekendes. Dit is nie aanvaarbaar – Afrikaans is 'n verklaarde LOLT van die US. 7.1.4.3 Die teks in hierdie paragraaf "op versoek van 'n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien" dien as ontsnappingsklousule om nie in tweede en daaropvolgende studiejare voldoende tolkdienste na Afrikaans beskikbaar te stel nie. Dit benadeel hoofsaaklik Afrikaanssprekendes omdat die de facto LOLT meestal Engels is in die gevalle waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word. 7.1.5.2 Indien dit die US se keuse is om beide Afrikaans en Engels as LOLT te gebruik, dan moet die US toesien dat voldoende getalle dosente wat albei tale magtig is aangestel word sodat alle "tweetalige" lesings altyd aangebied sal word deur 'n dosent wat albei tale magtig is. 7.1.5.2 (a) Die strekking van hierdie paragraaf is dat indien voorgraadse lesings in slegs Afrikaans aangebied word, die US voldoende tolkdienste vir Englessprekendes sal beskikbaar maak ten alle tye vir all voorgraadse jaargroepe, maar dat indien voorgraadse	**3**

	lesings in slegs Engels aangebied word die US slegs voldoende tolkdienste vir Afrikaanssprekendes sal beskikbaar maak vir eerstejaarmodules, maar vir die ander voorgraadse jaargroepe is die tolkdienste slegs beskikbaar op "'n fakulteit se versoek, indien die behoeftes van die studente die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien." Wat 'n skandalige en blatante benadeling van Afrikaanssprekende studente! Dit is gewoon nie aanvaarbaar nie – Afrikaans is 'n verklaarde LOLT van die US. 7.1.5.3 Indien dit die US se keuse is om beide Afrikaans en Engels as LOLT te gebruik, dan moet die US toesien dat voldoende dosente aangestel word om te verseker dat alle lesings in albei van die die tale van LOLT aangebied kan word en nie slegs "mits die betrokke dosente en onderrigassistente die nodige akademiese taalvaardigheid het en instem om dit te doen" nie. Hierdie artikel is 'n verleentheid. Dit is 'n bedrieglike, siniese parodie op die beginsel van keusevryheid wat aan studente gebied word tov. die taal van onderrig in formele klasse. Eerstens, die klas moet "genooi" word om deel te neem aan 'n geheime stemming oor hierdie keuse. Genooi deur wie? Dit word nie uitgespel nie. Is dit die dosent, die Departementshoof, die Dekaan, die Viserektor Akademies of die Rektor? En as niemand hulle nooi nie, dan kan die stemmming net nie plaasvind nie, of hoe? Maw., geen keuse kan in werking tree nie. Tweedens, die artikel lees dat die uitslag van die stemming "eenparig" moet wees om deur te gaan, onderhewig aan die ontsnappingsklousules soos hierbo genoem. Hierdie vereiste van 'n 100% slaag-koers in 'n keuse tussen twee taal-opsies is banaal, bespotlik en totaliter. 'n Enkele teenstem, of die klas nou bestaan uit 20 studente, of 150, of 450, kelder sodanige uitslag. Hierdie vereiste is 'n helder versinnebeelding van die onverdraagsame en outoritere manier waarop "diversiteit" aan die US bestuur word, en is bloot 'n misleidende tierlantyntjie wat die vals beeld van redelikheid en tegemoetkomendheid skep. 7.1.7.2 Die teks in hierdie paragraaf "Verpligte leesstof (buiten gepubliseerde materiaal) word ook in Afrikaans voorsien, tensy dit nie redelikerwys uitvoerbaar is nie" benadeel Afrikaanssprekendes en is 'n onaanvaarbare ontsnappingsklousule. 7.1.9 Die teks in hierdie paragraaf "Vraestelle vir toetse, eksamens en ander summatiewe assesserings in nagraadse modules is slegs in Engels beskikbaar." benadeel Afrikaanssprekendes blatant (dit word nie eens gedoen deur middel van 'n ontsnappingsklousule nie) en is onaanvaarbaar – Afrikaans is 'n verklaarde LOLT van die US.. 7.1.12.2 Hierdie paragraaf stel die bestuur van die US in staat om enige pogings om die benadelende en beperkende aspekte van die voorafgaande Beleidsbepalings te versag, af te wys op grond van beskikbare hulpbronne. Met ander woorde 'n oorkoepelende ontsnappingsklousule. Verwys asseblief na die bespreking onder die hofie "Algemene kommentaar" insake die verpligting wat op die US rus om die hulpbronne en finansiering te voorsien ter ondersteuning van die keuse van beide Afrikaans en Engels a LOLT.	
A129		
A130	Die Bepalings is die vrug van navorsing en beraadslaging en bevredig my as Afrikaans sprekende.	**7**
A131	Ek stem Afrikaans en Engels is albei Akademiese tale, dus moet albei ondersteun word in Akademiese omgewings.	**2**
A132		
A133		
A134	7.1.3. - Ek weet nie of aparte Engelse en Afrikaanse lesings ooit prakties moontlik is in die meeste fakulteite nie? Of geregverdigbaar in terme van dosente se tyd en moeite, tensy die studente-getalle baie na aan 50/50 is nie? 7.1.4.1 - Ek sou verkies dat die kennis ten minste in Afrikaans oorgedra word, met vertaling/opsomming in Engels beskikbaar. Die meeste handboeke is reeds in Engels, so dit is makliker vir die Engelssprekende student om veral nuwe begrippe en definisies in sy/haar moedertaal te vind. Die Afrikaanssprekende student (en die isiXhosa-sprekende nog minder), het nie hierdie voordeel nie. 7.1.4.3. - Het tolking ooit gefunksioneer in die verlede? Weereens, dink ek nie dis prakties uitvoerbaar nie, veral nie as dit oor akademiese of wetenskaplike taal of begrippe gaan nie. Die aanlyn video tolk opsie lyk wel vir my prakties uitvoerbaar en kan baie nuttig wees. In hierdie geval dink ek nie die staking na twee weke sonder dat tolk-dienste gebruik is, is geregverdig nie, omdat ek vermoed baie studente sou dit dalk juis wou gebruik tydens hersiening voor die eksamens.. 7.1.5 - Ek dink dit is noodsaaklik dat waar die klasse slegs in Engels aangebied word (veral as die dosent nie gemaklik voel om dit in Afrikaans te doen nie), dit verpligtend moet wees dat _al_ die toepaslike terminologie en definisies in Afrikaans (of as twee- of drietalige woordelys) beskikbaar moet wees. Dit help nie veel as die student die teoretiese moontlikheid het om in die taal van sy/haar keuse eksamens en toetse af te lê, maar die nodige akademiese woordeskat is nie beskikbaar nie. So 'n drietalige of tweetalige woordelys (en studiegids in beide tale, waar daar 'n studiegids gebruik word) moet verpligtend wees vir alle voorgraadse kursusse, behalwe waar 'n spesifieke taal bestudeer word (7.1.5.1), in my opinie. 7.1.7 - Sien my punt hierbo oor minstens verpligte woordelys/tweetalige woordeboek. Dit is die _minimum_ vereiste as die US ernstig is oor meertaligheid (en nie bloot geleidelik 'n Engelstalige universiteit wil word nie). 7.1.8 - Nagraadse studente sluit baie internasionale studente in. Ek sou weereens (in navolging van baie Europese universiteite) wou hê dat nuwe studente 'n verpligte inleidende	**3**

	kursus in een van die inheemse tale (Afrikaans of IsiXhosa) doen, minstens sodat hulle bv. vorige publikasies en tesisse wat in Afrikaans geskrywe of gepubliseer is, kan lees en verstaan. 7.1.12. - Wat is prakties moontlik (gegewe beperkte tyd en bronne) vir die meeste fakulteite? Is meertaligheid prakties? Gaan dit nie maar eindig met benadeling van veral die plattelandse Afrikaanssprekende student nie? Wat weer tot gevolg gaan hê dat al meer Engelssprekende studente Stellenbosch gaan verkies... en weer die demografie gaan druk in die rigting van Engelstaligheid? Is daar enige rede waarom hierdie punt ingesluit is? Bv. Fakulteite wat reeds gewys het dat meertaligheid nie vir hulle prakties moontlik is nie? Indien nie, dink ek hierdie punt is oorbodig en moet uitgehaal word (of minstens beter geregverdig word).	
A135	Daar is 'n werklike en beduidende gevaar dat dosente wat Afrikaans magtig is toenemend uitgebuit word in die akademiese omgewing soos wat die aantal dosente wat nie Afrikaans magtig is nie toeneem. Ek skets twee senarios wat reeds voorkom. (1) Wat maklik gebeur is dat die Afrikaans-magtige dosente gedwing word om die voorgraadse en eerstejaarmodules te doseer wat tydrowende werk is en nie vir hulle kontak gee met potensiele nagraadse studente nie en dus nadelig is vir hulle navorsingsloopbaan. Die nie-Afrikaanssprekende dosente word beperk tot die aanbied van die nagraadse modules wat baie minder tyd in beslag neem en wat dit vir hulle moontlik maak om die beste nagraadse studente te werf vir hulle navorsingsprojekte. (2) Wat ook gebeur is dat Afrikaanssprekende dosente gedwing word om vertaalwerk uit Engels na Afrikaans te doen namens dosente wat nie Afrikaans magtig is nie. Soms gebeur dit omdat die Taalsentrum glad nie dokumente wat met behulp van Latex geskep is kan vertaal nie (ek beskryf die probleem in meer besonderhede onder afdeling 7.6). Soms gebeur dit omdat die nie-Afrikaanssprekende dosent nalaat om betyds die materiaal by die Taalsentrum te laat vertaal en dan wanneer daar nie meer genoeg tyd is om dit te laat doen nie, dan moet 'n kollega maar inspring en dit oornag sit en doen. Weereens is dit tydrowende werk wat op geen manier erkenning kry nie en wat tot nadeel van die Afrikaans-magtige dosente se loopbane is. Voorstel vir 'n addisionele bepaling: 7.1.14 Akademiese personeellede mag nie op grond van die personeellid se Afrikaanse taalvaardigheid gedwing word om bepaalde voorgraadse of eerstejaar modules aan te bied nie. Regverdige verdeling van onderrig verantwoordelikhede mag nie deur taalvaardigheid gedikteer word nie. Akademiese personeellede wat Afrikaans magtig is mag nie gedwing word om vertaling van materiaal na Afrikaans te doen namens nie-Afrikaans magtige kollegas nie. Indien die dosent van 'n voorgraadse module nie Afrikaans magtig is nie moet daardie dosent verantwoordelik gehou word om effektief en betyds van die professionele tolking en vertaling deur die ondersteuningsdienste gebruik te maak en dit moet duidelik gekommunikeer word watter eenheid (departement of fakulteit) vir die koste van die professionele vertalingsdienste verantwoordelik is. Wanneer 'n dosent aangestel word wat nie Afrikaans magtig is nie moet daar 'n realistiese jaarlikse bedrag vir vertaalwerk begroot word en moet dit finansieel erken word as deel van die koste om die persoon in diens te neem.	**2/1**
A136		
A137		
A138		
A139		
A140	Vrae word beantwoord id taal waarin die vraag gevra word? Hoe is dit enigsins moontlik as die dosent nie eers self n woord Afr. Verstaan nie.	**2**
A141		
A142		
A143	In orde	**7**
A144	Afrikaanse notas en leermateriaal moet altyd beskikbaar bly	**5** cf. 7.1.7.2
A145	Billik en aanvaarbaar.	**7**
A146	"Redelikerwys uitvoerbaar" is 'n gaping so groot soos 'n waenhuisdeur en gaan misbruik word ten koste van Afrikaans sou hierdie taalbeleid ingestel word. "Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra..." moet wees "...ten minste in Afrikaans..."	**1**
A147	Die geld beskikbaar, kan aangewend word vir 'n multitalige onderrig aanbod ipv die geweldig baie fasiliteitsverbetering wat op die oomblik aangaan.	**2**
A148		
A149		
A150		
A151		
A152		
A153	7.1.4.1 - Daar word nie voorsiening gemaak vir 'n dosent/tutor wat nie in die taal van die vraag kan antwoord nie. 'n Dosent kan dalk Afrikaans verstaan, maar is dalk nie vertroud genoeg met die taal om in Afrikaans te antwoord nie. 7.1.4.3 - Daar word nie voorsiening gemaak indien die lesing tegniese probleme ondergaan en 'n opname is dus nie moontlik nie (hetsy die oorspronklike of getolkte weergawe). Op die stadium gaan dit ook teen enige dosent se wense wat juis nie 'n opname na die tyd beskikbaar wil maak nie, ten einde intydse bywoning te bevorder.	**1**

	7.1.5.2(a) - Die bogenoemde punt geld ook hier. Boonop dring die taalbeleid aan dat tolking ten alle tye beskikbaar moet wees vir klasse wat in Afrikaans geskied, ongeag enige versoek na Engels, of van die fakulteit na tolking. Die Taalbeleid is baie meer vergewensgesind teenoor 'n klas wat net in Engels geskied. 7.1.11 - Voorsiening moet ook gemaak word vir eksamengeleenthede.	
A154	Die volgende voorstel is ooreenstemming met en 'n uitbouing van die bestaande bepalings ten opsigte van Leer- en onderrig: My voorstel is dat video-opnames met onderskrifte van alle voorlesings opgeneem word. Soos Anthony Pym in sy lesing verduidelik, neem hy al sy lesings op met sy skootrekenaar ("laptop") en voeg dan self byskrifte by ná die lesing. Hy het dit gedoen by die lesing wat hy op Stellenbosch gelewer het en die lesing was binne een dag beskikbaar op die internet. Ná covid19 is bogenoemde werkswyse by baie dosente reeds in plek. Onderskrifte kan nou in Afrikaans, Engels of isiXhosa aangebring word. Die vertaaldienste van die Universiteit en van die toepaslike departemente kan vir die aanbring van die onderskrifte aangewend word. PowerPoint-skyfies kan ook aangeheg word. Die voordeel van so 'n stelsel is dat die studente die video's tuis weer kan bestudeer. Op dié wyse kan klasse meer nuttig aangewend vir bespreking (met meertalige assistente). Die dosent bied die lesing aan in die taal waarmee hy/sy gemaklik is. Bostaande is in ooreenstemming die US se oogmerke: "Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale enpraktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- enkommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees vantranstaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld,tutoriale en praktika voorsien word." Die gebruik van simultane tolking, wat nie baie gewild by die syudente is nie, kan desnoods gestaak word.	**1**
A155		
A156	Leer en onderrig kan geskied in beide Afrikaans en Engels ----- dit was reeds so in my dae op die kampus, en geen probleme in die klasse veroorsaak nie. Gaan steek gerus kers op by die Noordwes Universiteit in Potchefstroom hieroor. Die US hoef nie die wiel her te ontwerp nie.	**2**
A157	Hier is weer 'n agterdeur oop met die voorwaarde dat US oor die hulpbronne moet beskik en inidien "die behoeftes van die die studente die diens regverdig ...."en "uitvoerbaarheid"(7.1.6) en so gaan dit aan.. Indien die doel die spoedige volledige verengelsing van die US is, dan is hier genoeg skuiwergate.	**5** cf. 7.1.1
A158	Studiemateriaal Die beleidsbepalings verwys slegs na die mondelinge lesings en glad nie na die verskaffing van studiemateriaal nie. Dit is veral noodsaaklik dat alle studiemateriaal in ten minste Afrikaans en Engels verskaf word en ook in isiXhosa mits die taal in die betrokke vak akademies haalbaar is. Studente gebruik veral die notas en studiemateriaal vir hulle hersiening en om detail na te gaan en MOET dit dus in die taal van voorkeur beskikbaar wees. 7.1.3.2 Studente moet tydens hierdie leergeleenthede in al drie die amptelike tale kan kommunikeer. 7.1.4 Die gebruik van Engels en Afrikaans in dieselfde klasgroep Afrikaans en Engels moet op dieselfde grondslag gebruik word en nie net op voorgraadse vlak nie. 7.1.4.1 Dit is blatante diskriminasie teen Afrikaanssprekende studente dat slegs opsommings en beklemtoning in Afrikaans gedoen word. 7.1.4.3 Tolke 'n Intydse tolkstelsel vir lesings wat net in een taal gegee word moet gedurende elke lesing vir alle jaartalle beskikbaar gestel word. Daaruit volg dat die dosent ook in sy taal van voorkeur klas kan gee. Dosente se voorkeure kan nie ten koste van die studente se voorkeure gestel word nie, derhalwe moet lesings in ten minste Afrikaans en Engels deurgaans na die eerste jaar beskikbaar wees. Weens die pandemie is die US sekerlik gerat vir aanlyn klasse en tolke. Dit bly 'n ope vraag of daarmee voortgegaan moet word post-pandemie, aangesien dit 'n verskoning vir studente kan bied om nie lesings by te woon nie. Voordele van fisiese klasbywoning sluit in dat dosente en studente nie vreemdelinge vir mekaar bly nie en studente ook met AL die klasmaats in aanraking kom ipv slegs met die in sy/haar onmiddellike omgewing. Gehalte van vertalings Daar moet streng kontrole wees oor die gehalte van enige vertaling en tolkdiens, hetsy	**1/3/5** cf. 7.1.7

	Engels na Afrikaans of andersom. Hierdie kontrole moet insluit taalgebruik, asook die korrekte gebruik van akademiese/tegniese terme. Onbepaalde woorde en konsepte In die bepaling van sy beleid word woorde en konsepte soos redelikerwys uitvoerbaar is, regverdig, oor hulpbronne beskik, ens., gebruik om 'n agterdeur vir die US oop te laat om nie die beleid na te kom nie. Dit is nie aanvaarbaar nie. Die US het besluit om die meertalige pad te volg en moet dit in elke aspek volhou. Geheime stemming Dit blyk 'n futiele oefening te wees wat slegs in die beleid ingeskryf is om gemoedere te kalmeer weens (i) die eenparigheid van die besluit (ii) dosente en onderrigassistente se veto reg. (iii) wat is die geval as die dosente en onderrigassistente nie 'n eenparige besluit neem om dit in slegs een taal aan te bied, aldan nie. 7.1.7 Verpligte leesstof buiten gepubliseerde material Sulke leesstof MOET in al die tale voorsien word, en redelikerwys kan nie as verskoning gebruik word nie. Wie bepaal die redelikheid aldan nie? 7.1.8 Hierdie paragraaf is nie duidelik nie. Daar word die opsie gegee om meer as een taal te gebruik en hoef dus nie gekwalifiseer word dat al die student in daardie taal of tale vaardig is nie. 7.1.9 Assessering Toetse, eksamens ens moet op beide voor en nagraadse asook NKR vlakke in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees. Voorsorg moet getref word dat die vrae in al die tale duidelik gestel word en dat swak vertalings wat nie sin maak nie, nie gebruik word nie. 7.1.10 en 11 Hierdie afdelings is baie belangrik en kan nie in hierdie twee kort verwysings reg laat geskied aan die omvang van die behoeftes van studente met alternatiewe leervereistes nie. Die Universiteit moet 'n totale beleid in hierdie opsig hê waarna die taalbeleid kan verwys.	
A159	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: 7.1.1 Afrikaans en Engels is, in alle opsigte, gelyke tale van leer- en onderrig aan die US. Die US ondersteun die akademiese gebruik van hierdie tale deur 'n kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede vir studente, wat insluit lesings, tutoriale en praktika, sowel as leerondersteuning wat deur middel van inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) gefasiliteer word. In die gees van transtaligheid kan ruimte vir die gebruik van ander tale in, byvoorbeeld, tutoriale en praktika voorsien word. Die US is verbind daartoe om die akademiese aanwending van beide tale doelgerig uit te brei. 7.1.2 Voorgraadse modules word by verstek aangebied deur die maatreëls soos uiteengesit in 7.1.3, en die maatreëls in 7.1.4 en 7.1.5 word slegs aangewend in uitsonderlike gevalle. Afwykings van die metodiek soos uiteengesit in 7.1.3 moet deur die Senaat goedgekeur word volgens die prosedure in 7.1.12. 7.1.3 Parallelmediumonderrig met afsonderlike klasse in Afrikaans en Engels is die voorkeuropsie in alle voorgraadse modules. In parallelmediummodules geld die volgende: VERWYDER 7.1.3.2 7.1.4. Vir voorgraadse modules waar dubbelmediumonderrig in Afrikaans as en Engels in dieselfde klasgroep gebruik word soos goedgekeur deur die Senaat volgens die prosedure in 7.1.12, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg: 7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in beide Engels en Afrikaans oorgedra. Vrae in Afrikaans en Engels word ten minste in die taal van die vraag beantwoord. 7.1.4.3 Vir alle voorgraadse modules wat in dubbelmedium aangebied word, stel die US simultane tolking óf op die perseel óf aanlyn gedurende elke lesing beskikbaar, sowel as 'n opname van die oorspronklike, ongeredigeerde lesing en die intydse tolking daarvan. 'n Opname van die ongeredigeerde, oorspronklike lesing sal verskaf word en ook die intydse tolking daarvan. 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien: (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US simultane tolking in Engels óf op die	**1**

A71	Ek verskil van die definisie van "inheemse tale" wat bepaal dat dit tot die Suid-Bantoetaalfamilie moet behoort om te kwalifiseer. Afrikaans is 'n inheemse taal siende dat dit in Suid-Afrika ontstaan en ontwikkel het.	**1**
A72		
A73	definieer "billike toegang"	**1**
A74		
A75	100% in eenstemming	**7**
A76	Geen	**7**
A77		
A78		
A79	Nie beskikbaar in dokument nie.	**7**
A80		
A81	Aanvaarbaar.	**7**
A82		
A83		
A84	Inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A85		
A86		
A87		
A88		
A89		
A90	Kennis geneem	**7**
A91	.	
A92		
A93		
A94		
A95		
A96	Geen Afdeling 14 aangeheg nie.	**7**
A97		
A98	Geen kommentaar	**7**
A99	Geen kommentaar.	**7**
A100	Soos hierbo genoem	**7**
A101		
A102		
A103		
A104		
A105	Goed so. Die lys van terme wat omskryf kan word kan moontlik uitgebrei word met terme soos: taalvaardigheidsontwikkeling; handboekvaardighede; taalvakke; nie-taalvakke; taalgebruik in geskrewe verband; taalgebruik in gesproke verband; ensomeer Oorweging kan geskenk word aan 'n standaard formaat vir die definiëring van konsepte en terme soos die gebruik is by woordeboeke. [Verwys ook na kommentaar onder Algemene Kommentaar.]	**1**
A106		
A107	Daar is nie veel fout te vind met hierdie aspekte nie. Die uitvoering van die beleid en die totstandkoming van die beleid is die wesenlike probleem.	**7**
A108	Geen	**7**
A109	Geen kommentaar.	**7**
A110		
A111	_	**7**
A112	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A113		
A114		
A115		

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

A116	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A117	Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A118		
A119	In taal wat gebruik word.	**7**
A120	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A121	NVT	**7**
A122	Verstaan dit	**7**
A123		
A124	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A125		
A126		
A127	Geen kommentaar	**7**
A128	Die uitsluiting van Afrikaans uit die definisie van inheemse tale is onverstaanbaar en onaanvaarbaar. Suid-Afrika is die land waar Afrikaans ontstaan het en Suid-Afrika is die enigste land ter wereld waar Afrikaans beduidend gebruik word. Dit maak Afrikaans per definisie ‘n inheemse taal. Hierdie (foutiewe) uitsluiting dui op die onderliggende benadering van onderdrukking van Afrikaans as ‘n LOLT by die US, wat duidelik sigbaar is in die formulering van die US Taalbeleid.	**1**
A129		
A130	Verhelderend.	**7**
A131	Inheemse tale, die verduideliking hier hou baie probleme in, eerstens Bantoe tale is net 'n paar van die amptelikke tale, as slegs Bantoe tale inheemse tale is, dan wat is die Nama-, San- en Khoitale of Afrikaans. Die beskrywing hier is diskrimineerend teen oor die ander tale wat eie is aan die land.	**1**
A132		
A133		
A134	Ek sou Afrikaans as inheemse taal insluit. Dit het in Afrika ontstaan, al het dit Europese wortels. Indien die Universiteit van Stellenbosch verkies om Afrikaans nie as inheemse taal te sien nie, sou ek eerder al die pad wou gaan en Afrikaans as akademiese taal wou insluit as deel van die groter Nederlands-Vlaamse taal (en dus ook 'n internasionale taal). Maar dit sou 'n doelbewuste keuse moes wees, en nie iets wat ek dink die meeste Afrikaansprekendes vandag nog sou voorstaan nie. Die huidige opset, waar Afrikaans nie as internasionale (of selfs Europese taal) erken word nie (in teenstelling met Engels), maar ook nie as inheemse taal nie (in teenstelling met die ander Afrika-tale), is onlogies en teenproduktief vir die voortbestaan van die taal, in my opinie.	**1**
A135	In die definisie van "Inheemse tale" behoort die Khoi-, San- en Namatale ook ingesluit te word.	**1**
A136		
A137		
A138		
A139		
A140		
A141		
A142		
A143	In orde	**7**
A144		
A145	Billik en aanvaarbaar.	**7**
A146		
A147	Die Taalsentrum sal hiermee help	**3**
A148		
A149		
A150		
A151		
A152		
A153		
A154		
A155		
A156	Geen	**7**
A157	Duidelik	**7**
A158		
A159	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel	**1**
A160	Inheemse tale: Afrikaans nie ingessluit onder hierdie rubriek nie:	**1**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

	Afrikaans het op Afrika-bodem ontstaan as gevolg van taalkontak tussen inheemse mense wat sprekers was van Khoi-tale, die slawe uit die Ooste en sprekers van Europese tale (veral sprekers van 17e eeuse Nederlands). Die vooraanstaande taalkundige en Akademielid, prof Hans du Plessis, verwys trouens na Afrikaans as 'n Afro-Germaanse taal. Dit gee m.i. 'n goeie aanduiding van die Afrika-oorsprong van die taal, asook haar Europese bande. Daar is taalwetenskaplik geen twyfel oor die oorsprong van hierdie taal nie! Die DHOO se siening getuig jammerlik van politieke vooroordeel en taalwetenskaplike onkunde. Dit is daarom bedenklik dat die US nie sy taalwetenskaplike huiswerk gedoen het nie.	
A161	Ek neem kennis van die Beleidsbepalings soos in Afdeling 14 uiteengesit	**7**
A162	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A163	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A164		
A165		
A166	Neem kennis	**7**
A167	Afrikaans moet nie afgeskaal word en verwyder word nie	**6**
A168	Die definisie van inheemse tale is uitsluitend en diskriminerend. Hoewel dit so deur die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) gebruik word, kan die foutiewe en aanvegbare definisie van die departementele beleid nie deur 'n hoër onderwysinstelling soos die US onderskryf en gebruik te word nie. Dit moet ook erkenning gee aan Afrikaans en tale van die Khoisan-taalfamilie as inheems.	**1**
A169		
A170	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A171	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A172	Inheemse taal Soos tevore genoem, is die uitsluiting van Afrikaans uit hierdie groep 'n growwe mistasting wat onverwyld reggestel moet word. Die feit dat die DHOO oënskynlik politiek speel deur hierdie soort uitsluiting, beteken nie die US hoef daarop in te koop deur dit te bevestig nie. Tensy die US se Bestuur natuurlik daarmee saamstem, wat die enigste logiese afleiding is wat gemaak sal kan word as dit so in die finale weergawe van die beleid bly staan. Pedagogies verantwoordbaar In die (enkele) bron wat geselekteer is om hierdie term te verklaar, word geensins verwys na doeltreffende leer as 'n deel van pedagogiese verantwoordbaarheid nie. Dit is 'n groot tekortkoming. Verder kan daar ook gevra word wie sal bepaal wat studente se "pedagogiese behoefte" is en waarvolgens dit bepaal sal word. Om vir mense wat pas skoolverlaters is te vra om 'n voorkeuronderrigtaal aan te dui, byvoorbeeld, is beslis nie erkenning of getroue meting van 'n pedagogiese behoefte nie. Redelikerwys uitvoerbaar • Hierdie begrip word ernstig oorgebruik in die beleid en lees deurgaans soos 'n agterdeur wat oopgehou word vir willekeurige afwykings op grond van motiverings waarvoor daar geen duidelike raamwerk vir beoordeling in die beleid gegee word nie.	**1**
A173	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A174	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A175	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A176	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A177	Die afdeling behoort as volg herskryf te word: Definisie van inheemse tale: Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel.	**1**
A178	Hier sou Afrikaans ook bygevoeg moet word as inheemse taal by die defnisie van inheemse tale.	**1**
A179	Geen kommentaar	**7**

A180	Kry die nuwe Afrikaanse Woordelys en spelreëls!	**7**
A181		
A182	Afrikaans aan US verdien voorkeurstatus en dus moet terme, afkortings en akronieme hoofsaaklik in Afrikaans gegee word waarna die Engelse vertalings kan volg.	**4**
A183	Uiters skokkend dat Afrikaans nie geag word 'n inheemse taal te wees nie. Wat is Afrikaans as dit nie inheems is nie? Dit is hiér geskep en beïnvloed deur ander inheemse tale wat dit in wese laat verskil het van Nederlands.	**1**
A184		
A185		
A186		
A187	Dit is duidelik en word op gepaste wyse uitgelig. Ons het nie daarmee 'n probleem nie.	**7**
A188		
A189	Bantu-tale word deesdae Ntu-tale genoem. Afrikaans word ook wel as inheemse taal erken.	**1**
A190		
A191	Verskoon my onkunde, maar van wanneer is Afrikaans nie as 'n inheemse taal beskou nie? Dit is die enigste taal van al elf amptelike tale wat direk na die kontinent van sy oorsprong verwys.	**1**
A192	Reg so.	**7**
A193		
A194	US is 'n instelling wat staatsideologie vrywillig aanneem en dienstig uitvoer. Die US is rugraatloos en buig graag voor politieke korrektheid-en-inklusiwiteit. Die beleid is hol en is so saamgestel om minste weerstand te ontlok, maar tog die uiteindelike oogmerk nog uit te voer. Dit is, om ten volle na 'n staatsdepartement om te skakel, Afrikaans as onderrigtaal, en Afrikaanssprekendes in te lyf by die ideale van die regering. Mag die realiteite van die verantwoordelikes van hierdie inlywing, elkeen inhaal.	**2**
A195		
A196	Die US het nog altyd die nasionale taalbeleid as ʼn raamwerk beskryf waaraan nie volledig voldoen hoef te word nie. Die insluiting van die definisie van Afrikaans as uitheemse taal lyk dus na ʼn doelbewuste keuse, een wat mense nie sal vergeet nie. Dit verstom dat ʼn universiteit soos die US ʼn wetenskaplik bedenklike definisie soos dié kan aanvaar, een waarvolgens die Bantu-tale as die enigste inheemse tale in die land geld. Dit is grof en beledig die sprekers van Afrikaans en van die Khoi- en Boesmantale.	**1**
A197		
A198	Geen kommentaar	**7**
A199		
A200		
A201		
A202		
A203		
A204		
A205	Die definisie van inheemse tale is uitsluitend en diskriminerend. Hoewel dit so deur die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) gebruik word, kan die foutiewe en aanvegbare definisie van die departementele beleid nie deur ʼn hoër onderwysinstelling soos die US onderskryf en gebruik te word nie. Dit moet ook erkenning gee aan Afrikaans en tale van die Khoisan-taalfamilie as inheems.	**1**
A206		
A207	Ek is gelukkig met Afdeling 14	**7**
A208	geen kommentaar	**7**
A209		
A210		
A211		
A212		
A213		
A214		

	Comment(s) on Section 14: Glossary of terms, abbreviations and acronyms	Analysis*
E1		
E2		
E3		
E4	Make the entire university english only	**4**
E5	Not well.This must be re- visited it must only acronyms not abbreviations and glossary and this section must be at the beginning of the policy document.	**1**
E6		
E7		
E8		
E9	NA	**7**
E10		
E11		
E12	No comment	**7**
E13		
E14		
E15		

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

E16	None	**7**
E17		
E18		
E19		
E20	Glossary is in order.	**7**
E21		
E22	Why have IT and ICT, they are the same thing, but thats fine.	**1**
E23	How come Afrikaans is not described and affirmed as an indigenous language? How come the actual geographical reach of Afrikaans is ignored? As a Namibian, who obtained their MA in Afrikaans and Dutch, nogal, it is worrisome that my Alma Mater ignores the history and development of one of the youngest languages in the world for the sake of political conformity. Quote is by Prof Hein Willemse from UP: "Afrikaans more black than white Afrikaans is a southern African language. Today six in 10 of the almost seven million Afrikaans speakers in South Africa are estimated to be black. It's a figure that will by all indications increase significantly in the next decade. Like several other South African languages, Afrikaans is a cross-border language spanning sizeable communities of speakers in Namibia, Botswana and Zimbabwe. In South Africa and Namibia it's spoken across all social indices, by the poor and the rich, by rural and urban people, by the under-educated and the educated."	**1**
E24	No comment	**7**
E25		
E26		
E27	Appropriate.	**7**
E28		
E29		
E30		
E31		
E32		
E33		
E34		
E35		
E36		
E37		
E38		
E39		
E40	English	**4**
E41	afrikaans	**4**
E42		
E43	No comment	**7**
E44		
E45		
E46	This helps a lot in some of my modules having these terms in various languages	**6**
E47	N/a	**7**
E48		
E49	English	**4**
E50	English please	**4**
E51		
E52		
E53		
E54		
E55		
E56		
E57		
E58		
E59		
E60	No comment	**7**
E61		
E62	The definition of "Indigenous languages" must be expanded to recognise Afrikaans as a language which originated and flourished in South Africa.	**1**
E63	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E64	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E65	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E66	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E67	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E68	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E69	Indigenous languages are languages that have their heritage roots in Africa.	**1**
E70		
E71		
E72		
E73	None	**7**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

E74	Good.	**7**
E75	no comment	**7**
E76		
E77	No comment	**7**
E78		
E79		
E80		
E81		
E82		
E83	All good	**7**
E84	I understand that the definition of "indigenous language" comes from official government documentation, but it would be disingenuous of the University as a thought leader to not make provision for the expansion of the definition based on linguistic narratives.	**1**
E85	Geen kommentaar	**7**
E86	these are all clear	**7**
E87		
E88	No	**7**
E89		
E90	No comment	**7**
E91		
E92		
E93	No	**7**
E94	N/A	**7**
E95	N/A	**7**
E96		
E97		
E98		
E99		
E100	No comment	**7**
E101		
E102		
E103		
E104		
E105		
E106	No comment	**7**
E107		
E108	None	**7**
E109	No comment, thank you!	**7**
E110	I am impressed about academic literacies. Without necessarily suggesting that it is perfect, my view is that this section has been done by specialists in the fields dealing with the explained terms and concepts.	**7**
E111		
E112		
E113		
E114		
E115	Good	**7**
E116	No comment.	**7**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

Algemene kommentaar | General comments

	Algemene kommentaar	Analise*
A1	Hou asb afrikaans by US! Die media maak US se naam so sleg! Dis onnodig! Afrikaanse borge gaan onntrek! Dit gaan nie goed wees vir US nie! Maties is beste kampus in SA! Hou dit asb so!	**4**
A2	US word onnodig sleg gemaak in media agv taalbeleid! Hou asb US meertalig en herstel US se naam! US is beste en mooiste kampus in SA ! Asb bevorder afrikaans en engelse onderrig	**2**
A3	US moet EERS Afrikaans wees. Dis by verre die oorgrote voertaal. En dan die ander ...	**4**
A4	Dankie vir die positiewe pogings om verdeeldheid teen te werk.	**7**
A5	Hou 'n referendum en implimenteer die taal wat die meerderheid vd studente en personeel verkies	**3**
A6		
A7	Die Universiteit van Stellenbosch sal n fatale fout begaan in terme van die voortbestaan van die instansie indien hulle die Afrikaanse segment van studente vervreem. Vir jare het hierdie studente en ouers die instansie help dra en floreer op verskeie vlakke...waarvan finansies ook n groot deel uitmaak. Groot bydraes is gelewer en dit sonder stakings, grootskaalse vandalisme en chaos. Afrikaans en die Afrikaanse studente was nog altyd die hartklop van die Universiteit van Stellenbosch. Sonder hierdie groep studente se ondersteuning kan die Universiteit maar sy deure sluit. Jy byt mos immers nie die hand wat jou voed nie, of hoe? Die akademiese instelling in SA wat sy keuse openlik gaan maak vir AFRIKAANS sal die instelling word wat in die toekoms sal floreer. Van n bekommerde Afrikaanssprekende oud-Matie met kinders wat só graag ook Stellenbosch toe wil gaan.	**2**
A8	Die Universiteit van Stellenbosch sal n fatale fout begaan in terme van die voortbestaan van die instansie indien hulle die Afrikaanse segment van studente vervreem. Vir jare het hierdie studente en ouers die instansie help dra en floreer op verskeie vlakke...waarvan finansies ook n groot deel uitmaak. Groot bydraes is gelewer en dit sonder stakings, grootskaalse vandalisme en chaos. Afrikaans en die Afrikaanse studente was nog altyd die hartklop van die Universiteit van Stellenbosch. Sonder hierdie groep studente se ondersteuning kan die Universiteit maar sy deure sluit. Jy byt mos immers nie die hand wat jou voed nie, of hoe? Die akademiese instelling in SA wat sy keuse openlik gaan maak vir AFRIKAANS sal die instelling word wat in die toekoms sal floreer. Van n bekommerde Afrikaanssprekende oud-Matie met kinders wat só graag ook Stellenbosch toe wil gaan.	**2**
A9	Met die huidige beleid, staan een feit soos 'n paal bo water: binne maksimum 5 jaar sal Afrikaans totaal verdwyn as onderrig en administratiewe taal en sal 'n mens jou gelukkig kan ag as jy dit hier en daar informeel op die kampus hoor. Afrikaans het hierdie instelling gebring waar hy is. Indien Afrikaans dan so gelyk behandel word soos deur die universiteit beweer, waarom het ek dit dan nie EEN keer tydens die eerstejaarsverwelkoming op Coetzenburg laasjaar gehoor nie? Ek verstaan julle dilemma t.o.v. druk van verskeie oorde, daarom is die Universiteit skaam en verskonend om die Taal te gebruik.	**2**
A10	Taal en daarom taalbeleid, bepaal kultuur of kultuurloosheid van 'n instansie soos die US. Wees uiters versigtig om nie verskeur te word tussen populisme en wat die regte en eerlike ding is wat gedoen moet word nie. Beide gaan sy eiesoortige geveg en gevolge hê - kies met wysheid vir die toekoms en moenie teen die pyne van nou en hier vaskyk nie.	**2**
A11	Goed geformuleerde en verantwoorde beleid. Ek gaan ook akkoord met reëlings wat die bepaling van aanvraag vir die Afrikaanse aanbod bepaal en dit "afskakel" wanneer daar geen aanvraag is nie.	**7**
A12	NB AFRIKAANS, AS "n ONDERIGTAAL BY UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.... MOET BEHOU WORD. Verwys gerus na Potchefstroom Universiteit PU vir CHO) waar meertaligheid suksesvol toegepas word. Vir voornemende studente wat NIE aan die US se meertaligheidsbeleid gehoor wil gee nie, kan by enige van die vele ander opleidings-instansies gaan inskryf.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A13	Afrikaans moet die akedemies onderrig as primere voertaal bly en nie net altyd aangepas word omdat afrikaanse studente ook ander tale magtig is nie. Moeder taal onderrig self op tersiere vlak is van kardinale vlak om ten volle alle vakke te begryp en doeltreffend te bestudeer en nie ure aan vertalings uit eng na afr te spandeer nie.	**4**
A14	Dis onverstaanbaar dat in 'n provinsie met moontlik sowat die helfte van die inwoners Afrikaanssprekend en drie van die vier universiteite reeds met Engels as voertaal (sonder U.S. se probleme om 'inklusiwiteit' te probeer bevorder) U.S. moes afgewyk van sy oorspronklike Afrikaans-as-voertaal-beleid. Baie energie en koste kon/kan bespaar word. Studente, ongeag ras of herkoms, behoort hul keuse van universiteit volgens hul taalvoorkeur te kan doen. 'n Student sal moedswillig wees, met bedenklike motiewe, indien 'hy hom opdring aan 'n leerinstelling waar hy nie tuishoort nie en dan nog eise stel!	**2**
A15	Ek ondersteun die beleid.	**7**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

A16	Herformuleer die beleid sodat Afrikaans, Engels & Xhosa 'n gelykwaardige posisie beklee	**3/5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A17	Afrikaans moet as 'n moderne akademiese taal beskerm word - meer so deur die Universiteit van Stellenbosch as enige ander instansie. Enige ander oorweging is sekonder.	**1**
A18		
A19	Moenie vir Afrikaanssprekendes hul enigste universiteit in Wes-kaap ontoeganklik maak nie. Hulle wil graag hul steun gee waar hul taal respekteer word.	**2**
A20	Ek het vanaf 1983 tot 1985 'n BRek graad behaal op Stellenbosch. Dit was in Afrikaans. Ek het selde indien ooit na 1991 enige verslae geskryf Afrikaans. In sekere vakgebiede maak dit nie sin om iets in Afrikaans te doen nie, want sodra jy in werksituasie kom word alles in Engels gedoen. Dat daar plek is vir Afrikaans in sekere vakgebiede is seker waar, maar in ander is dit vermors van tyd. Dit daar gelaat. As 'n Alumni, indien ek iets in Engels kry, wetend dat my huistaal Afrikaans is gaan ek nie eens moeite doen om dit te lees nie.	**2**
A21	Dis eenvoudig. Daar is die afgelope klompie jare 'n hewige bakleiery tussen die meer, sal ons maar sê, behoudende akademici en alumni van Stellenbosch Universiteit (Hermann Giliomee, Adv Heunis, Christo Viljoen et al) en nou ook Willa Boezak wat voel dat Afrikaans afgeskeep word op die kampus. Aan die ander kant is die groepering waarby ek my skaar (Wim de Villiers, Lesley van Rooi, George Steyn, Jonathan Jansen et al) wat voel dat regstelling en transformasie nog nie bereik is by die US nie. Soos Lina Spies sê, het die taal debat 'n totale ideologiese inslag gekry. Baie Bruin afrikaanssprekendes vertrou, aldus Spies, nie die wit stryders vir die taal nie weens agterdog dat dit meer gaan oor die 'Afrikanersaak' as die belange van die Afrikaanstalige studente. https://www.litnet.co.za/in... Die 'geveg' het al 'n draai gaan maak in die Hooggeregshof waar die 'Gelyke Kanse' groepering die loef afgesteek is. Die Rektor, Wim de Villiers, word ook (verkeerdelik) gekritiseer dat hy gekonkel het met die aanstelling van die nuwe Kanselier, Regter Edwin Cameron, wat die 'Gelyke Kanse' uitspraak gelewer het in die Grondwetlike Hof. In vanjaar se Konvokasie verkiesing was die stryd om die Voorsitterskap juis oor Afrikaans op die US. Met die verkiesing van Adv Heunis en sy 'stalgenote', soos die Burger hulle noem, word die polemiek nou verhef tot 'n hoër vlak. Ek is op rekord dat ek De Villiers en die Senaat se visie vir die US ten volle ondersteun Die Universiteit van Stellenbosch het 'n ongelukkige verlede van Afrikaans en Afrikaner hegemonie. Die transformasie projek is goed op koers maar nog nie voltooi nie. Intussen is veral die 'ouer garde' ontstoke en verlang terug met heimweë na hul ou Afrikaanse /Afrikaner heimat. Daardie dae is verby. Maar, bygesê, het hierdie nuwe petalje oor geforseerde Afrikaans in 'n koshuis(e) niemand enige gunste bewys nie. Dis bloot laf en die administrasie moet dit hokslaan voordat dit enige verdere skade kan doen. Natuurlik het die 'behoudendes' onmiddelik van hulle laat hoor en het hul mondstuk, Die Burger, dit wyd rugbaar gemaak in hoofopskrifte. Die rektor, die Senaat en die ganse administasie word nou van vooraf beskuldig van taal rassisme en verkla die DA die Universiteit nou by die Menseregte Kommissie. Prof Jonathan Jansen tweet : "The day I believe the DA is serious about mother tongue (Afrikaans) at Stellenbosch is the day I see them agitating for the teaching of mother tongue (isiXhosa) in the schools & universities of the Western Cape. Until then, their political visits to SU counts as rank opportunism." Vir my is dit 'n tipiese geval van oor-reaksie en 'overkill' waar die een wat die hardste skreeu hoop om aandag te kry. Miskien 'n desperate kreet van'n desperate groep? Opsommenderwys, net dit. -Die US moet toeganklik bly vir alle taalgemeenskappe, waarvan Afrikaans een is. -Voorgraads kan jy eksamens skryf in enige taal van jou voorkeur -Die hoof doserings medium is Engels wat as lingua franca dien en tolk dienste en verduidelikings in Afrikaans is beskikbaar op aanvraag	**2**

	-Na-graadse studies (met enkele uitsonderings) en veral M en PhD verhalings wat internasionaal deur portuur groep (peer reviews) geëvalueer en gepubliseer word, is uiteraard in Engels. Die vraag ontstaan : Is daar al 'n opname gedoen onder alle (nie net Afrikaansprekende) studente om hul opinies te kry oor watter taal /tale die studente moet bedien? Ek sal my hoed opvreet as die oorgrote meerderheid nie by verre ten gunste van Engels as algemene spreekstaal is nie.	
A22	Breyten Bretyenbach het tereg gevra (tov Afrikaans aan US) "Indien nie hier beskerm nie, waar dan"(of woorde tot die effek. US het 'n unieke geleentheid laat verlore gaan om Afrikaans in 'n meertalige omgewing tot sy reg te laat kom. Die taal is deel van wie ons is (insluitende die vratte) maar dit is ook deel van US sukses.	**2**
A23		
A24	Afrikaans was nie verantwoordelik vir Apartheid en die gepaardgaande vergrype nie - dit was mense en poltici. DaRom hoef Afrikaans nie te boet vir anderstiges se ontevredenheid met al die onverwante probleme nie!!!	**2**
A25		
A26		
A27	Die Universiteit van Stellenbosch wen met die implimentering van sy taalbeleid hofsake, maar verloor mense	**2**
A28		
A29		
A30		
A31		
A32	Algemen Opmerkings: Die nuwe weergawe van die Taalbeleid verskil nie veel van die vorige beleid van 2016 nie. Hierdie sogenaamde nuwe Taalbeleid sal doodgewoon die dominansie van Engels bo Afrikaans soos in die verlede bevestig en laat voortduur – met die gevolg dat Afrikaans hoogstens by die US geduld word, maar geensins bevorder of beskerm word nie. In sy uitspraak in die Konstitusionele Hof het regter Cameron daarop gewys dat die vorige Taalbeleid opgestel is na aanleiding van die Fees Must Fall-beweging en die oproerighede wat daarmee saamgehang het (par 4). Dit is dus duidelik dat die US deur 'n aantal amokmakers geïntimideer is om Afrikaans as onderrigtaal uit te rangeer. Die regter het bevind dat die Taalbeleid van 2014 met sy voorkeur vir Afrikaans teen swart studente gediskrimineer het omdat min van hulle Afrikaans magtig is en dat daar nie na hierdie vorige Taalbeleid teruggekeer kan word soos Gelyke Kanse gevra het nie (paragraaf 28 van die uitspraak). Die Taalbeleid van 2016, asook die nuwe voorgestelde Taalbeleid, hel nou na presies die teenoorgestelde oor deur voorkeur aan Engels te gee – soos hier bo telkenmale uitgewys is. Die gebreke van 2014 se Taalbeleid kan slegs reggestel word indien Afrikaans en Engels gelyke status en behandeling in die nuwe voorgestelde Taalbeleid ontvang. Regter Cameron het ook bevind: "The practical effect is that, while undergraduate classes are still generally offered in Afrikaans, Afrikaans has lost its position of primacy. Instead it is placed on a sandy footing where the deluge of English predominance, both local and global, could well destabilise and eventually topple it." (paragraaf 7) Die regter het ook in pargraaf 49 van sy uitspraak geskryf: "But that [the 'flood-tide of English'] is not the University's burden, as little is the fact that Afrikaans has all but vanished at other tertiary institutions, barring only one other. And the dilemmas the global march of English poses is not the question before the Court. Yet we should not miss the cost that the diminution of Afrikaans at the University entails not only for Gelyke Kanse and its adherents, but for our world, and for ourselves." Met ander woorde: die verdwyning van Afrikaans as akademiese taal sal in die oë van die regter op 'n groot verlies neerkom. Is dit waarheen die US op pad is? Dit betelken verder doodgewoon dat die huidige Taalbeleid, asook die nuwe Taalbeleid, onvermydelik daartoe gaan lei dat Afrikaans as akademiese taal aan die US gaan sneuwel – waardeur die regte van talle student aangetas sal word. Of dink die US dat die verdwyning van Afrikaans as akademiese taal aanvaarbaar en wenslik is? Dit is immers waarheen die nuwe voorgestelde Taalbeleid neig. Ongelukkig gaan regter Cameron se uitspraak soms gebrek aan akkuraatheid. Die regter het byvoorbeeld geskryf: "Under the 2014 Language Policy, at undergraduate level, a student wanting tuition in Afrikaans could obtain it in all courses and classes, while one seeking English tuition could not always do so: some classes, at least, would be in Afrikaans. In those cases, interpreting within the lecture aimed to bring non-Afrikaans-	**2**

speakers up to speed in English."

As voormalige lid van die Universiteitsraad (2008-2012) en onder-voorsitter van die IF (tot 2020) kan ek getuig dat daar sekerlik nie in 2014 'n Afrikaanse aanbod van 100% was nie. Die agteruitgang van die Afrikaanse aanbod het al lank voor hierdie tyd plaasgevind. Daar is twee moontlike verklarings vir hierdie fout van die regter: hy het óf die US se getuienis verkeerd verstaan, óf die US het hom mislei. Dit is wel so dat die beleid van 2016 (en die nuwe konsep-beleid) teoreties voorsiening maak vir 'n min-of-meer volledige Afrikaanse aanbod, maar dit was sekerlik nooit die geval in die praktyk nie.

Nog 'n uitspraak van regter Cameron waarmee nie saamgestem kan word nie, is die volgende in paragraaf 18: "Gelyke Kanse also sought to introduce evidence showing that the 2016 Language Policy is currently being implemented in a way that gives warrant to its fears about side-lining Afrikaans. But the High Court rightly rejected this evidence, as must we. "

In teenstelling met voorgaande bevinding het die regter in paragraaf 5 van sy uitspraak geskryf: "The major change from the 2014 Language Policy was that the University now committed itself to a one hundred percent English offering of all classes. This means that students not conversant in Afrikaans can receive all their tuition in English. But while English tuition increased, there was no concordant increase in Afrikaans."

Dit is dus duidelik uit die regter se uitspraak in hierdie paragraaf dat Afrikaans inderdaad aan 'n proses van "side-lining" onderwerp is, soos Gelyke Kanse in sy getuienis aangevoer het.

Die regter skryf ook in paragraaf 7 van sy uitspraak: "The practical effect is that, while undergraduate classes are still generally offered in Afrikaans, Afrikaans has lost its position of primacy. Instead it is placed on a sandy footing where the deluge of English predominance, both local and global, could well destabilise and eventually topple it."

Dit is dus duidelik dat regter Cameron toegee dat die US grootliks verengels het. En tog beweer hy dat hy nie Gelyke Kanse se getuienis in hierdie verband kan aanvaar nie. Hierdie teenstrydigheid verminder die waarde van die uitspraak.

Regter Cameron se uitspraak, naamlik dat Gelyke Kanse se versoek dat 'n volledige aanbod van Afrikaans ingevolge die beleid van 2014 herstel moet word, kan nie aanvaar word nie omdat dit ingevolge artikel 29(2) van die Grondwet nie "redelikerwys doenlik" sou wees nie, as gevolg van die koste daaraan verbonde (paragraaf 31).

Hierdie argument maak nie sin nie, aangesien die US in sy huidige beleid (en begroting) wel voorsiening maak vir tolkdienste, waar dit benodig sou word.

Nog 'n rede, volgens Cameron, waarom Gelyke Kanse se appêl nie kan slaag is, is 'n tegniese rede. Volgens hom is getuienis oor hoe die US sy Taalbeleid van 2016 sedert 1 Januarie 2017 toegepas het, nie toelaatbaar nie en daar moes bloot oor die Taalbeleid as sodanig 'n uitspraak gemaak word – nie oor die toepassing daarvan in die praktyk nie (paragraaf 18-19).

Hy het nogtans bygevoeg: "Gelyke Kanse has ample remedies should the University betray the commitment to Afrikaans it embraced in the 2016 Language Policy. For now, the question before us must be, and be only, whether the University has sufficiently justified the diminished role for Afrikaans in the 2016 Language Policy, as issued, and not as applied." (paragraaf 19)

Daar kan inderdaad 'n saak daarvoor uitgemaak word dat die US sy eie beleid oor die gebruik van Afrikaans nie na behore toepas nie – gesien die proses van feitlik algehele verengelsing wat sedertdien plaasgevind het en wat die regter toegegee het. Om hierdie proses van verengelsing – en die diskriminasie en onreg wat daarmee gepaard gaan – te stop, is beter waarborge in die nuwe Taalbeleid nodig. Die huidige protes oor die afdwing van Engels op studente, waarvan die media deesdae vol is, is 'n baie goeie aanduiding dat die US weinig doen om Afrikaans as akademiese taal en omgangstaal lewendig te hou.

Dit is my ondervinding dat die US se Bestuur bang is om die minister van Hoër Onderwys enigsins teen te gaan of aanstoot te gee. So is daar byvoorbeeld aan die minister se eis toegegee dat die Statuut bepaal dat hy die maksimum aantal lede wat deur die Wet op Hoër Onderwys toegelaat word, wel deur hom aangewys mag word, waar die Statuut voorheen minder lede vir hom toegelaat het. Hierdie Taalbeleid is 'n verdere teken van politieke gedienstigheid. Wat gaan die US doen as die huidige regerende party tydens 'n algemene verkiesing uit die kussings gelig word? Sal die US dan sy Taalbeleid weer aanpas om by die wense en voorkeure van die nuwe heersers aan te sluit?

	Wanneer gaan die US sy politieke gedienstigheid laat vaar en doen wat reg is? In die tyd van HB Thom was die US 'n instelling wat die destydse regering se beleid in alle opsigte onderskryf en ondersteun het. Vandag word dit as 'n fout gesien. Wanneer gaan die US die moed aan die dag lê om te doen wat reg is, in plaas van om na die pype van die huidige bewindhebbers te dans? Ten slotte: In die aanhef van die US se Statuut van 2019 word die volgende waardes genoem wat die US wil nastreef: "akademiese integriteit, akademiese vryheid en vryheid van wetenskaplike navorsing, verantwoordelikheid, verantwoordbaarheid, etiese gedrag, billikheid en deursigtigheid." Het dit nie tyd geword dat die Taalbeleid hierdie waardes duideliker weerspieël en toepas nie? In die Wes-Kaap is daar vier univeriteite binne 'n radius van minder as vyftig kilometer. Drie van hierdie universiteite is volledig Engelstalig en dit word van studente verwag om goeie taalvaardigheid in Engels te hê voordat hulle daar toegelaat word. Nie een van hierdie universiteite maak daarvoor voorsiening dat Afrikaanssprekendes onderrig in hulle moedertaal kan ontvang nie. Afikaanssprekendes word dus by hierdie universiteite uitgesluit indien hulle in Afrikaans wou studeer. Daarbenewens is 50% van die inwoners van die Wes-Kaap Afrikaanssprekend. Die US, wat bovermelde waardes aanhang, behoort dus onderrig op 'n gelyke basis aan Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes aan te bied sodat die helfte van die Wes-Kapenaars wat Afrikaanssprekend is, onderrig in hulle moedertaal kan ontvang. Studente wat Afrikaanssprekend is, moet nie gedwing word om in Engels te strudeer nie en ook nie geïntimideer te word as hulle in universiteitskoshuise (veral in privaatgesprekke) Afrikaans met mekaar praat nie.	
A33	Ek voel dat 'n student te alle tye die keuse van moedertaal onderrig moet hê.	**4**
A34		
A35	My kommentaar is dat meertaligheid alleenlik haalbaar is indien daar genoegsame voorsiening gemaak word vir vertalers en tolke om studente te help wie se taal onvoldoende is. Deur vertaling van lesmateriaal en tolke vir wie dit nodig het in Afrikaans, Engels en Xhosa kan die universiteit inderdaad vir alle studente toeganklik word en 'n voorbeeld nasionaal en internasionaal stel van wat deur die juiste aanpak van meertaligheid bereik kan word.	**2**
A36	Dit dien nie veel van 'n doel om kommentaar op die vorige spesifieke afdelings te lewer nie. Die koeel is deur die kerk vir 'n Afrikaanse universiteit. Hoewel ek as alumnus van 50 jaar gelede heeltemal gekant is teen die huidige en die konsepbeleid t.o.v. die afskaling (lees: afskaffing) van Afrikaans, besef ek dat die bewoording van die Grondwet en die interpretasie daarvan, sowel as die Wet op Hoer Onderwys, eintlik die taalbeleid tot 'n oorheersende mate bepaal en nie soseer die US se taalbeleid nie. Boonop is die wette op regstellende aksie en swart ekonomiese bemagtiging op die lange duur vernietigend vir Afrikaans. Die beleid mag miskien nog op papier vir Afrikaans voorsiening maak, maar met die dubbelsinnige formulering en die verskillende interpretasies wat moontlik is, lui dit in die praktyk die doodsklok vir Afrikaans. Ek weet die US het eintlik min keuses vir die taalbeleid, want dit moet binne die raamwerk van die voorskriftelike wette hierbo genoem, geformuleer word. In die praktyk is dit onvermydelik dat Afrikaans se aanbod gaan verminder en uiteindelik doodloop, namate anderskleuriges, selfs buitelandse, wit personeellede aangestel word wat die taal nie magtig is nie en boonop as dit binnelandse aanstellings is, moontlik, selfs waarskynlik, die taal as die "taal van die verdrukker", vyandiggesind sal wees en dit probeer dwarsboom. Transformasie gaan die taal vernietig. Dit is tragies, maar waarskynlik 'n realistiese siening. Ek is boonop van mening dat die meeste Afrikaanssprekende studente nie hulself gaan uitsit om weerstand te bied teen die taalbeleid nie, want hulle voel of nie so sterk oor taal nie, of hulle besef die stryd ten koste van die akademie wat hul eintlike fokus is, is futiel. Dit help nie dat afgestudeerdes, veral die ouer garde, 'n veldtog voer en selfs moeite en onkostes aangaan om dit in howe te beveg, as die studente self louerig is daaromtrent. Nogtans spreek ek my absolute misnoee uit oor die rigting waarin die regering die land en sy minderheidsgroepe, wie se taalregte boonop sogenaamd gewaarborg is, neem. Die Grondwet self is uiteindelik die probleem omdat dit ook dubbelsinnig opgestel is, omdat regte in die handves van regte nie absoluut is nie, maar teen mekaar gebalanseer moet word.	**2**
A37		
A38	Afrikaans was nie verantwoordelik vir Apartheid en die gepaardgaande vergrype nie - dit was mense en poltici.	**2**

	DaRom hoef Afrikaans nie te boet vir anderstiges se ontevredenheid met al die onverwante probleme nie!!!	
A39	Dit blyk uit die taalbelied Stellenboach se dringende wens om so vinnig as moontlik van Afrikaans weg te stap. Dit sou nie so tragies gewees het as daar baie ander Afrikaanse Universiteite was wat die vaandel van die Idee kon opvat nie, daar is nie. Die geskiedenis van Afrikaans rus swaar op Stellenbosch se skouers, wees bedagsaam hoe julle daarmee omgaan.	**2**
A40	Goeie dag en dankie vir die geleentheid In breë verwoord ek net graag my diepe, diepe bekommernis dat Afrikaans geleidelik soos mis voor die son aan die US gaan verdwyn want dis eenvoudig en duidelik sigabaar - waar Engels voorrang begin geniet, verengels alles. Ek woon in die Suidelike Voorstede van Kaapstad en waar daar eens sterk Afrikaanse gemeenskappe, kerke, skole en instansies was, is alles Engles vandag en kan 'n Afrikaans sprekende persoon en gesin beswaarlik in Afrikaans "geakkommodeer" word. Ons is almal ongelooflik lief vir en trots op ons Afrikaanse Moedertaal. Die Afrikaanse weergawe van die Taalebeleid sou nooit in so 'n indrukwekkende standaard Afrikaans geskryf kon word as dit nie vir Afrikaanse Taalstryders oor die afgelope 140 jaar was nie. Die werklikheid is dat Afrikaans sprekende mense meer en meer gemarginaliseer word in SA en 'n reuse deel van ons kultuur - ons taal - word verwerp as nie bevorderlik tot ons demokrasie en mult-kulturele demografie nie. Natuurlik is almal toegewyd tot die bevordering van 'n pragtige, veel-rassige en veel-talige samelewing waar almal ingesluit voel en geakkommodeer word, maar weereens, Engels neem outomaties oor. Dit is ook duidelik so verwoord in die US se taalbeleid - die Engelse aanbod moet geleidelik vermeerder word. Ek verstaan die komplekse werklikheid dat politieke druk en druk van ander instansies die navigering van die US se taalbeleid oor die afgelope 25+ jaar geweldig bemoeilik het. Hierdie is inderdaad 'n baie komplekse aangeleentheid. Die feit dat die US die enigste laaste tersiëre instelling in die Wes Kaap is met 'n Afrikaanse aanbod is te danke aan stryders wat geveg het vir die behoud van Afrikaans en daarvoor sê ek baie dankie en baie wel gedaan! My diepe wens is dat dit so sal voortgaan! Dat Afrikaans die hoof voertaal van die US sal bly en dat ons Afrikaans sprekende kinders en hulle kinders in Afrikaans, die taal van hulle harte, sal onderrig kan word. Wat egter betreurenswaardig en diep kommerwekkend is, is dat daar nie meer tersiëre instellings deur die regering gebou is die afgelope 27 jaar om voorsiening te maak vir 'n groeiende aanvraag van Engels sprekende studente nie. Ek sluit af deur elke persoon sterkte toe te wens in hierdie proses om te veg vir die behoud en bevordering van Afrikaans aan die US. Weereens dankie dat u hierdie kort skrywe van my lees. Vriendelike groete.	**2**
A41	Stop die sirkus!! Net nog 'n 100% ANC gedrewe politieke speletjie om dit wat oor baie jare opgebou is tot voordeel van die land en kosbaar is vir die Afrikaner, ook te vernietig!!	**2**
A42	dit is vir my noodsaaklik dat die erfenis van die US 'n groter rol speel in die hantering van die taal beleid en dat gelykheid nie net aan die US gemeet word nie maar op 'n groter speelveld gemeet word. Ons kan nie hierdie universiteit opoffer nie. Afrikaans se geleenthede by ander tersiere instellings is besig om te verdwyn en daarom is dit belangrik om hierdie geleentheid te beskerm.	**2**
A43	Afrikaans behoort Engels voor te gaan by US aangesien daar tans geen universiteit in SA voorsiening maak vir Afrikaans alleen as moedertaal nie. Die US is gestig deur n Afrikaanssprekende persoon met sy eie fondse vir Afrikaanssprekende studente , Ek weet van duisende studente wat US as alma mater gehad het en in Afrikaans opleiding ontvang het en hulle uitstekend van hulle taak kwyt in die markgebied of oorsee. Voorbeelde van Engels alleen Universitete is talryk en selfs instellings waar isiXhosa en isiZulu as hooftaal alleen gebesig word, maar geen enkele voorbeeld van n Afrikaans alleen staatsondersteunde Universiteit bestaan nie, Afrikaans se plek op US word elke vyf jaar verder verskraal en gesmoor met hierdie konsep voorstelle, As die US toenemend (en al vir meer as tien jaar) Engels eerste taal studente inneem en dan daarna deur n sensusopname beweer die meerderheid van die studente wil in Engels onderrig ontvang, is dit gewoon belaglik en oneerlik; natuurlik gaan hierdie studente almal Engels as onderigtaal alleen vereis. Die Ingenieurs Eerste jaar klas van 2017 het meer Engelse studente as Afrikaanse studente bevat en daarna jaar op jaar tot 2021 word die Afrikaans Eerste Taal inname verder verminder. Met hierdie Taalbeleid en metode van studente inname is dit duidelik dat die US doelbewus gestuur word in die rigting van n Engels voertaal alleen Universiteit. Die aanbod van die Afrikaanssprekende (Eerste taal) voornemende studente in die Wes-Kaap en vanaf elders in die land is meer as voldoende om die getalle basis van die US jaarliks te vul. Internasionale studente kan soos in die verlede geakommodeer word deur Engelse notas te voorsien en n Spesiale Afrikaanse Taalkursus (6 maande of langer) te neem. Eksamens kan soos in die verlede in Engels ook afgele word.	**2**
A44	Dankie en groete!	**7**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

A45	My grootste kommer is dat die totale beleidsdokument (wat oorwegend baie goed lyk) nie in die praktyk deurgevoer word nie. Dit is mooi en maklik om pragtige woorde in 'n beleidsdokument neer te skryf. Maar 'n ander ding om dit prakties uit te voer. Deur byvoorbeeld doelbewus te poog om meer Engelssprekende studente te lok, sal Afrikaans met verloop van tyd doodgewurg word. Die US moet onthou daar is vele ander universiteite (inteendeel AL die ander universiteite) bevorder reeds die belange van die Engelssprekende. Die US moet nie om "polities korrek" te wees, ons Afrikaanssprekendes in die rug steek nie. As oud-student wil ek trots bly op US en nie my kop in skaamte laat sak nie. Wat gaan die geskiedenis oor 50 jaar van US skryf? Gaan dit ons Afrikaanssprekendes trots maak of nie?	**2**
A46	As n student van die platteland het ek dit uiters moeilik gevind om in engels onderrig te ontvang met my eerste diploma,en soos tyd aangaan leer jy om aan te pas,nietemin dit bly n groter druk op afrikaans sprekendes om eers te vertaal en dan opsommings te maak as vir die engels sprekende.Baie lektors is afrikaans sprekend en kan soms die druk van in engels klas gee by hulle ook sien.Kan beide tale nie geakkomodeer word,studente sal baie baat vind by moedertaal onderrig en soveel beter vaar ook	**2**
A47	Julle ruk hierdie hele situasie heeltemal buite konteks. Kry 'n midde weg om alle studente volgens hulle taal behoeftes te akkommodeer. Tree uiters streng op teen studente betogings en vandalisme. Derduisende Rande en klasloop tyd word so gemors, wat positief gebruik kon word om studente met studie probleme ens.te help.	**2**
A48	Behou Afr as hoofkeuse/taal.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A49	EK HAAT DIT OM ENGELSE LEESWERK TE LEES WAT NOG TE SE OM IN ENGELS GEONDERRIG TE WORD. SO, VAN MY KANT AF, 'N GROOT NEE VIR ENGELS AS ONDERRIG TAAL BY US.	**2**
A50		
A51	Die volgende paragraaf hieronder is sekerlik die mees kommerwekkendste en toonaan dat US nie Afrikaans as inheems beskou nie. Die miskenning is veragterlik, boos en 'n klap in die gesig van die Universiteit se bouers, studente en mense van SA. Die toon die boosheid van die huidige bestuur en hul onderduimshede. Vir hierdie benadering is daar nie plek in die SA samelewing nie. 'n Openbare verskoning is die minste wat deur die bestuur gedoen kan word. Inheemse tale Die term verwys na tale waarvan die erfenis in Afrika wortel. en wat tot die Suid-Bantoetaalfamilie behoort (met “Bantoe” in die suiwer taalkundige betekenis). In die literatuur en sommige politieke dokumente praat ook van “Afrikatale” om na hierdie tale te verwys	**5** cf.14
A52	Daar is beslis baie werk ingesit in die voorlopige hersiene Taalbeleidsdokument. Die universiteit het beslis nie 'n maklike taak om soveel rolspelers tevrede te hou nie. Die minste daarvan is die alumni van die 100 jaar wat julle as universiteit funksioneer het. Ongelukkig dink baie mense (politici ingesluit) dat meeste afrikaanssprekendes noodwendig blankes is en wil vorige diskriminasie "omkeer" deur die taalbeleide by verskeie tipes instellings te verander en voorrang te gee aan Engels, wat nie eers op enige manier 'n Afrika-oorsprong het nie. Maar as teen Afrikaans diskrimineer word is daar veel wyer impak as op die historiese groep studente wat oor die afgelope 100 jaar by US afstudeer het. Sterkte met julle werk!	**2**
A53	The test for any policy lies in its implementation. While your goals might sound laudable, the public and potential donors will not trust the administration in this regard. Recent reports regarding intimidation for minority language speakers, do not bode well for U.S.	**3**
A54	Meertaligheid is aanvaarbaar, solank Afrikaans as opdvoedingstaal gelykstaande aan Engels gehandhaaf word.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A55	Die taalbeleid is onnodig kompleks. Dit laat baie ruimte vir interpretasie wat altyd die moontlikheid skep vir ongelukkigheid. Afrikaans is nie in gevaar nie en sal altyd deur Afrikaans sprekendes gepraat word. As die universiteit streef om 'n uitmuntende internasionale universiteit te wees, moet meer fokus geplaas word op kwaliteit onderrig en navorsing. Die taalbeleid het 'n groot masjien geraak wat deur eksterne akteurs gebruik kan word teen die universiteit vir hulle eie gewin, ten koste van die sleutelrolle van die universiteit. Die universiteit is te gereeld in die nuus weens sy taalbeleid, pleks van sy wêreldklas navorsing en alumni.	**2**
A56	Die taalbeleid soos voorgestel lê klem op meertaligheid, maar in praktyk beteken dit dat die Universiteit in 'n Engelstalige instelling omskep word. Daar is reeds vele universiteitsgeleenthede in SA in Engels beskikbaar, en dus veroorsaak die ontworteling van Afrikaans uit die US 'n verlies aan meertaligheid in die akademiese konteks in SA. 'n Klem op die nie-uitsluiting van almal aan die US is gepas, maar dit kan net behaal word as almal aan die US bemagtig word om Afrikaans magtig te word. Die alternatief is dat	**2**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

	alle ruimtes waar daar 'n enkele persoon is wat nie Afrikaans magtig is nie, Engelse ruimtes word.	
A57	My algemene gevoel strek uit my kommentaar hierbo. Ek glo dat daar ruimte moet wees vir al drie tale. Afrikaans moet egter minstens gelyk met Engels wees. Hopelik kan IsiXhosa ook uitgebou word as 'n volledige akademiese taal en dalk kan Stellenbosch in die toekoms net Afrikaans en Isixhosa aanbied. Diegene wat in Engels wil studeer kan dan volle geleenthede kry by UK en UWK	**2**
A58	Van wanneer af is Afrikaans nie 'n inheemse taal nie?!	**6**
A59	n Wysigende taalbeleid kan net soos enige polities gemotiveerde aksie in RSA skuil agter bree liberale en subjektiewe regsbeginsels waaroor ek my nie wil uitlaat nie. Ek is 100% ten gunste van 'n inklusiewe instansie, maar inlusief vir almal wat in Afrikaans onderrig wil. Daarmee sê ek nie dat Engels as onderrig taal moet verdwyn nie maar waarom die fokus verskuif anders as vir 'n bree politieke agenda? Daar is 2 ander uitsluitlik Engelse universiteite binne 'n 40 km radius wat die geleentheid bied aan Engels sprekendes, wat 'n weersin vir Afrikaans het, om daar te gaan studeer. As Afrikaans as hooftaal verdwyn of nie gelykstaande aan Engels op kampus toegepas word nie haal ek my kwalifikasie in my kantoor af en sal ek net soos die norm my trots verloor omdat ek in Afrikaans studeer het en daarmee my geskiedenis ontken...	**2**
A60		
A61	Julle moet die begrippe van "redelik uitvoerbaarheid" verduidelik - dit is hopeloos te vaag. Ek vind dit moeilik om te sien hoe julle Afrikaans bevorder as taal van onderrig - al my klasse word slegs in Engels aangebied. Om 'n tut klas te hou, of om vir my die geleentheid te gee om in Afrikaans 'n vraag te vra, of om my vraestel in Afrikaans te beantwoord, het min waarde indien ek nie onderrig in Afrikaans ontvang nie! Die dominering van Engels in die klaskamer, is so erg dat ek indirek geforseer word my studies in Engels aan te pak.	**6** cf. 14
A62	Afrikaans moet gewaarborg word in alle lesings behalwe waar dosente buitelandse persone is. Afrikane wat nie afrikaans magtig is nie moet die volledige teks van lesing laat vertaal en dit op a skerm vertoon tydens die lesing. Dosente wat nie afrikaans magtig is nie moet beperk word tot 4 per departement. Hou op om teen afrikaans te diskrimineer! Ons land benodig ten minste een afrikaanse universiteit. Die huidige taalbeleid bring mee dat daar diskrimineer word teen afrikaanse studente tydens die aansoekproses.	**3**
A63	I was an English-speaking student (in Dagbreek, no less) at the University of Stellenbosch in the 80's; even then, from the 2nd year onward, prescribed text books were in English. No university can succeed internationally without adopting, in part, an international language. Equally, Afrikaans as an academic language cannot/should not be marginalized and ignored.	**2**
A64	Die meeste studente verstaan Engels ,maar ek voel nogtans dat daar ńUiversiteit moet wees wat vir Afrikaans sprekende studente moet akomodeer wat van gebiede kom wat nie so gemaklik is met Engels nie. Daar is genoeg Univeriteit wat net Engels is	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A65		
A66	Die Universiteit se besluit om tydens die eerste semester slegs Engels as aanbiedingstaal vir eerstejaar-studente te gebruik, is opvoedkundig verkeerd. Afrikaans-sprekers moet nou nie net aanpas by die sneller pas van onderrig nie, maar moet ook nou inderhaas 'n vreemde vaktaal aanleer. Waar Afrikaans beskrywend is, is Engels onder meer op Latyn geskoei, en derhalwe is terminologie dikwels obskuur. Terme is nie sonder meer verstaanbaar vir nie-Engelssprekendes nie. Uit eie ondervinding van studeer by 'n universiteit waar die taal wat in voorlesings gebruik is, nie my moedertaal was nie, weet ek dat dit nie altyd maklik gegaan het nie. Moet asseblief nie Afrikaanse eerstejaars beide afskeep en benadeel nie.	**2**
A67	Julle het reeds lankal besluit om Afrikaans uit te fasseer. Dit is eintlik maar net 'n kwessie van hoe, en hoe vinnig. Hierdie uitnodiging om insette te lewer is slegs 'n rookskerm om te kan sê dat julle darem 'n openbare proses geloots het. Die US laat Afrikaanssprekendes skaamtelois en sonder gewetenswroeging liederlik in die steek. Net terloops: Afrikaans het bagasie, maar is 'n taal wat hier aan die suidpunt van Afrika ontwikkel het. Engels se bagasie lyk veel ellendiger. Dit sal julle baat om julle te verdiep in hierdie land se taalgeskiedenis, veral dié van Afrikaans, voordat julle 'n hoogs-ontwikkelde (wetenskaps en akademiese) taal goedsmoeds by die deur uithelp. US se besluitnemers se onkundigheid stel teleur. Ek skaam my vir julle!	**2**
A68		
A69		
A70	Reg, sluit Afrikaans in. Hierdie is die enigste Afrikaanse universiteit en daarom is dit belangrik Afrikaans as onderrig medium behou word.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

		6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A71	Engels word deurgans in die Beleid bo Afrikaans geplaas en word gesien as die "status quo" en terugvalopsie. Dit is teenstrydig met die Grondwet wat alle tale gelykstel. Daar moet gewaak word daarteen dat die US soveel mense van ver wil gelukkig maak, dat dit sy onmiddelike omgewing (die Wes-Kaap) vergeet: volgens die 2011 sensus was Afrikaans die huistaal van 49.7% van Wes-Kapenaars en 53.8% van Noord-Kapenaars. Afrikaans moet ook nie net gesien word as die taal van blankes nie: volgens die 2011 sensus is Afrikaans die huistaal van 75% van gekleurde Suid-Afrikaners. Ek verstaan dat die universiteit op nagraadsevlak internasionale studente het, maar op voorgraadsevlak behoort die studente in die onmiddelike omgewing in hulle huistaal kan studeer. Eerder as om Afrikaans af te breek en te verminder, moet die ander inheemse tale bevorder word in die tersiêre instellings in die omgewing waar dit gepraat word. Verder wil ek daarop wys dat ek reeds die afgelope 5 jaar in die privaatsektor in die Wes-Kaap werksaam is. Ek was al in telkemale in vergaderings met kliënte wat slegs in Afrikaans gehou is. Dit is dus nie waar om te sê dat Afrikaans nie nut het ná universiteit nie.	**2**
A72	My "answer" op al julle vrae is: "good luck" met enige toekomstige finansiële skenkings uit die Afrikaanse geledere. Julle sal moet 'n ander "sponsor source".	**2**
A73	STUUR ASB VIR MY N UITDRUK VAN HIERDIE ANTWOORD VAN MY.Baie dankie.	**7**
A74	Die voorstel word gemaak om te verseker dat die bepaling in Artikel 30 van die Grondwet, wat die reg op die gebruik van enige amptelike taal waarborg, in die Taalbeleid ingesluit word. Die reg op die gebruik van 'n taal beteken dat die gebruik daarvan nie deur enige owerheid verbied mag word nie, soos wat na bewering onlangs deur koshuisowerhede aan die Universiteit gedoen is.	**2**
A75	SA se transformasie die afgelope 30 jaar het nuwe vereistes en nuwe uitdagings na vore gebring. Om dogmaties oor enige onderwerp te wees, soos Taal bv sal strategies fataal wees in my mening. Die doelwit van die US moet wees om die primere en mees suksesvolle akademiese instelling in Afrika te wees en nie hulself te beperk tot n relatiewe kleinsegment van die Afrika mark. Die uitdagings van Afrika is anders as die uitdagings van Noord Amerika en Europa. Ek ondersteun die verandering 100% omdat die voortbestaan van die US as n internasionaal aangesiene instansie belnagriker vir my is as die handhawing van n Afrikaanse dogmaties uitkyk op die wereld.	**2**
A76	Baie dankie vir die geleentheid. Net 'n laaste gedagte: Ons mense maak alles vir onsself tog so onnodig ingewikkeld, waarvan hierdie taalbeleid 'n sprekende voorbeeld is. Die wat so kla oor die taal wat sy "regmatige" plek misgun word, het meestal 'n politieke agenda. Dit gaan nie oor die beste vir die student nie. Die student moet oor 'n paar jaar by die universiteit uitstap en dan gaan Afrikaans hom nie ver bring nie. Gebruik asseblief elke geleentheid om ons kinders behoorlik voor te berei vir wat voorle. Ek is so afrikaans as wat jy kan kry. My hele werkslewe het ek Engels in die werkplek moes aanwend en praat. Dit het nie my gevoel en liefde vir my Moedertaal laat verdwyn of laat kwyn nie. Ons taal sal ook nie uitsterf as gevolg van onderrig in Engels nie.	**2**
A77	Afrikaans as akademiese taal moet gehanhaaf word, met Engles as tweede taal. Die Wes-, Suid- en Noord Kaap is oorwegend Afrikaans, daar is 25 ander universiteite in SA waar studente in Engels kan studeer.Inklusiwiteit, soos deur die US benader, is teenstrydig met ons diverse, multiculturele nasie en kom neer op kultuurwoord. Daar is niks fout met Afrikaanse akademiese uitnemendheid nie. Ek steun Wannie Carstens se commentaar, ook die van Dave Steward en Glenn Babb.	**2**
A78	Gegewe die komplekse (en dikwels emosionele) omgewing waarin die US se taalbeleid van toepassing is, dink ek die US slaag besonder goed daarin om met hierdie beleid die beste belang van die US op n verstandige, realistiese en uitvoerbare wyse te dien. Voorspoed verder!	**7**
A79	Afrikaans moet nie na 'n sekondere taal na Engels afgewater word nie. US behoort trots te wees op die Afrikaanse geskiedenis en prestasies wat in die verlede en steeds vandag nog deur sy Afrikaanse alumni bereik is.	**2**
A80	Moenie n politieke speelbal word ten koste van waardes wat beproef.Daar is geen.Universiteit meer vir primêr Afrikaans nie.En dit in die Wes-Kaap waar Afr die oorheersende taal is nie!!	**2**
A81	Die 2016 beleid verg nie verandering nie en sou net so aanvaar kon word vir 'n volgende periode.	**7**
A82		
A83	Die taalbeleid is alles behalwe inklusief. Jong studente uit voorheen benadeelde gebiede word weereens benadeel. Dosente wat nie eers behoorlik kan Engels praat nie gee klas(Buitelanders). Alle tradisies is reeds afgebreek. Hk-lede praat net Engels!!!	**2**
A84	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**

A85	Stellenbosch het voldoende transformeer om nou by die punt te kom om Afrikaans finaal te begrawe. Maak dit amptelik! Hou op doekies omdraai. Sê wat julle wil doen en doen dit. Publiseer dit in die media (ook Afrikaanse media). Afrikaans is dood. Lank lewe ENGELS!	**4**
A86	Ek betreur die wyse waarop die Universiteit Stellenbosch hierdie proses bestuur. Natuurlik kan die belangrikheid en noodsaaklikheid van Engels om brûe te help bou, om die wêreld vir studente wat van oral kom, te help ontsluit, nie ontken word nie. Ook nie die praktiese probleme en uitdagings waar sprekers van verskillende tale betrokke is nie. Maar die verbeeldinglose ivoortoringwyse waarop die US hierdie uitdagings aanpak en hanteer, die onsensitiwiteit, kilheid, afsydigheid, traak-my-nieagtige gebrek aan deernis in ’n veeltalige land en in ’n meertalige provinsie waar die basiese regte van so baie mense vir só lank misken is, laat die hart ineenkrimp. ’n Mens sou dink dat — om jong mense nie net op loopbane voor te berei of op navorsing om geld vir koffers en aansien te in nie, maar hulle terselfdertyd toe te rus om weg te gaan en te help bou aan ’n Suid-Afrika waar mense wat verskillend lyk, verskillend praat, verskillend glo, verskillende tradisies en gewoontes het, mekaar nie bloot verdra nie, maar mekaar in elke opsig aanvaar en in meelewende gemeenskappe wedersyds dra — die US, in plaas van andersheid koelbloedig tot eendersheid te stootskraap, sy bes sou doen om sigbaar ook aan hierdie ideaal te help bou. Elke student, ongeag waar hy of sy vandaan kom, verdien ’n uitdagende maar veilige leerskool wat verskeidenheid aanmoedig, koester, beskerm — ten spyte van taalhekkies, wat soms maklik oorkom kan word, soms nie. ’n Universiteit wat sy studente hulle eiegoed help beskerm. ’n Universiteit wat sy studente help sien, leer, wys hoe ’n mens jou herkoms en taal kan vier, én dié van ander, hoe studente saam dit alles kan vier, en wedersyds daardeur verryk kan word. ’n Mens sou reken dat die US moeite sou doen om by elke nuwe student juis in te skerp dat wie oor jou, jou taalgebruik, taalkeuse, voorkoms, geloof, kultuur, wat ook al, frons, wie jou die vryheid van hierdie keuses ontneem, ’n oortreder is van jou heel basiese regte as mens, wat deur die grondwet van hierdie land beskerm word. In plaas van denke te verruim, kyk die US eng en verskralend. Ek treur.	**2**
A87		
A88	Hierdie pleidooi kom reg uit my hart uit liefde vir die rykdom van Afrikaans wat ons in Vlaandere bewonder vir sy kreatiwiteit en beeldspraak.	**2**
A89	Die Taalbeleid is mooi geformuleer. Maar die dood is in die ongeskrewe detail. Die dood van Afrikaans aan die hand van US. Wat 'n tragiese, bitter pil.	**3**
A90	Indien die verbintenis tot meertaligheid en daarna die universiteit se verbintenis tot die uitbou van Afrikaans as inheemse taal tot volwaardige akademiese taal wat op dieselfde vlak as Enngels gebruik word geld, , behoort daar min probleme te wees. Praktiese probleme kan met oorleg en in die gees van versoening hanteer en bestuur word solank dit op gelyke basis toegepas word en albei tale weer op gelyke basi tot hulle reg sal kom.	**3**
A91	Enige kommentaar is waarskynlik 'n futiele oefening. Soortgelyke gesprekke op kampusse was nie tot voordeel van die Afrikaanse gemeenskappe nie. By die lees van die konsepdokument is dit duidelik dat die Universiteitvan Stellenbosch se eie dokumente spreek van pro-Afrikaans, veeltaligheid en diversiteit. So gaan voort en implimenteer Afrikaans tot op die hoogste vlak. "...want hoe de hel kan eentaligheid inklussiwiteit bevorder? Uit watter woordeboek kry hulle daai snert?"(William Sezoe Litnet)	**2**
A92	Ek is tans besig om my testament te hersien weens u miskenning van Afikaans op die US kampus.	**7**
A93	My testament maak voorsiening vir studie vir kleinkinders op primere,sekondere en tersiere vlak in medium Afrikaans. Gaan US hieraan voldoen?	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A94	As Stellenbosch voortgaan om alles vir almal te probeer wees gaan dit op die ou einde niks vir niemand wees nie. Afrikaans is die meerderheidstaal van die natuurlike voedingsgebied se inwoners. (Weskaap en Noordkaap) Die prestasies van sy oudstudente wat in Afrikaans onderrig was, steek nie af by die bestes in die wereld nie. Probeer eerder Moedertaal onderrig op alle vlakke van onderrig in al die inheemse tale van Suid-Afrika bevorder as om Afrikaans wat reeds op alle vlakke van die samelewing presteer het, te degenereer en te vernietig.	**2**
A95	Ek het in 1979 - 1982 in Afrikaans studeer en ons handboeke was meestal Engels, maar die onderrig taal was Afrikaans. Ek kon heelhartig my plek volstaan deur aan ‘n Engelse Meisieskool skool te hou en daarna vir baie jare by 'n maatskappy, met Engels as voer- en kommunikasie taal as rekenaarprogrammeerder en bestuurder (ook globaal) in inligtingstegnologie sektor, te werk.	**2**
A96	Op bladsy 1: "Die Engelse weergawe van die beleid is die geldende weergawe en die Afrikaanse weergawe is ‘n vertaling daarvan."	**2**

	Natuurlik. Hoe dan anders? En waar is die isiXhosa? Nee wat, dit is so duidelik soos daglig - US fop die algemene publiek en belanghebbendes met woorddigte dokumente en fyngekose gonswoorde om sogenaamde bewyse te lewer dat die US pogings aanwend om 'n drietalige universiteit staan te maak. Drietalig is nie meertalig nie. Die beleidsdokument se brontaal is Engels en dit is in Afrikaans vertaal - die voorkeurvolgorde is mooi uitgespel. En dit is glad nie beskikbaar in IsiXhosa nie. Lank lewe Engels - hier kom die US!	
A97	Ek slegs probleem met 3 tale. Finansieel onhaaalbaar	**3**
A98	Dankie vir die geleentheid om te kan kommentaar lewer. Ek hoop dat hierdie opinies in ag geneem sal word (nie net myne) en SU sal help om goeie beginsels in die Taalbeleid vir die volgende 5 jaar te inkorporeer.	**7**
A99	Ek ondersteun nie hierdie nuwe Taalbeleid nie.	**7**
A100	US Dept. Afrikaans en Nederlands se motivering in Die Burger 27/3/2021 verwoord presies wat Afrikaansprekendes weens US se taalbeleid verwag. Die dood in die pot van Afrikaans! So ook die onderhoud Oop Kaarte deur Murry La Vita met Danie van Wyk van 26/3/2021 wat die plattelandse arm bruin kinders se professionele en akademiese toekoms sal vernietig. Dit sal ook die einde van die bestaan van Afrikaans-skole beteken weens die polities-gedrewe heksejag op Afrikaans met die 2016-taalbeleid en veral nou met voorgestelde wysiging daarvan. Hoër funksies van Afr. vir navorsing sal wegval, alles die gevolg van senior US-personeellede wat druk op Afrikaans plaas. My en alle ander se voorleggings vir die 2016-beleid is algeheel geïgnoreer dat moedertaal-onderrig wetenskaplik gefundeer is vir optimale akademiese prestasie. Kom tot besinning, want US het nog nooit die teendeel bewys of bevestig nie!	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A101	Kommentaar pas naamloos ingedien, maar dit verskyn met my e-posadres. Ek stel reg.	**7**
A102	Ek vereenselwig my met die kritiese teks wat verskyn in die Department Afrikaans en Nederlands se Ope Brief in "Die Burger" op 27 Maart 2021.	**2**
A103	Hierdie beleid is 'n blatante skending van menseregte.	**2**
A104	In Desember 2020 is 'n artikel van my onder die titel "Afrikaansontmagtiging" in "Tydskrif vir Geesteswetenskappe" gepubliseer (BOTHA, Willem J. Afrikaansontmagtiging. Tydskr. geesteswet. [online]. 2020, vol.60, n.4-2, pp.1258-1279. ISSN 2224-7912. http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2020/v60n4-2a9.) Ek is van oordeel dat van die gedagtes daarin uitgespreek, behoort in ag geneem te word by die bepaling van 'n taalbeleid waarin Afrikaans ter sprake is. Die Engelse opsomming volg: Afrikaans, like any other language, is not merely a medium of communication. Should one hold such an opinion, one tends to consider only the symbolic nature of the specific language. That is exactly the view taken by those who wish to reduce the formal and official status of Afrikaans. It enables them to use metaphorical mappings to link Afrikaans with the stigmatized concept 'apartheid'. The conceptual metaphor "Afrikaans is apartheid" is scrutinized in order to exemplify language metaphors such as "Afrikaans is the language of apartheid", "Afrikaans is a language of exclusion" and other pejorative labels. To come to a conclusion with regard to the nature of the different language metaphors that are used to the disadvantage of Afrikaans, different meanings of the word Afrikaans are looked into. The view is taken that the central meaning of the word Afrikaans is disregarded in favor of a symbolic meaning to enable various emotive experiences of apartheid to be linked to the concept Afrikaans. Such a metaphorical strategy contributes to the disempowerment of Afrikaans. When one considers the morality of such actions to disempower Afrikaans, it is obvious that the question of truth comes to the fore. Different dimensions of truth are outlined in order to establish a background knowledge against which morality should be considered if one wishes to understand the actions targeting the formal and official status of Afrikaans. Morality is a very complex concept. To analyze its role in the disempowerment of Afrikaans, we have to view the phenomenon of morality within a specific theoretical framework. It is done against the background of the three broad discoveries made within cognitive linguistics. Lakoff and Johnson (1999:3) formulate these as follows: "The mind is inherently embodied. Thought is mostly unconscious. Abstract concepts are largely metaphorical." According to this view, morality is to be understood as the manifestation of the moral accounting conceptual metaphor. Considering this metaphor, one has to realize that the general metaphor of moral accounting consists of a small number of basic moral schemes, namely "reciprocation", "retribution", "revenge", "restitution", "altruism", "turning the other cheek", "karma" and "fairness"'. The most relevant moral scheme that applies regarding the disempowerment of Afrikaans, is the fairness scheme. But this scheme as such also has its own complexities, entailing amongst others the following models: equality of distribution, equality of opportunity, procedural distribution, rights-based fairness, need-based fairness, scalar distribution, contractual distribution, equal distribution of responsibility, scalar distribution of responsibility and equal distribution of power. Lakoff and Johnson (1999:296/297) rightly remark: "Many of our moral disagreements arise from conflicts between two or more of these conceptions of fairness" ... and "there is typically no overarching neutral conception of fairness that can resolve the conflict of values". The remainder ot this article investigates the way in which	**2**

	the demise of Afrikaans in the formal and official contexts can be attributed to the fact that fairness is mostly determined by interpretations of the concept 'transformation'.	
A105	1. Algemene kommentaar As Oudmatie, Navorser en Praktisyn op die gebied van gehalte in onderrig-en-leer in onderwys, verwelkom ek die geleentheid om kommentaar te lewer oor die Taalbeleid van die US. As algemene kommentaar het ek die eerste konsep van die hersiene Taalbeleid, soos geformuleer, as ‘n belangwekkende dokument beleef ... my eerste indrukke van hierdie dokument was egter: ietwat gebruikers-onvriendelik, ietwat akademies gewigtig (swaar), onsamehangend, lomp, ietwat ondeurdag, redelik onduidelik, miskien ondoelmatig, miskien selfs afskrikwekkend ... en dan word ‘n omvattende riglyn dokument voorgelê sonder ‘n inhoudsopgawe ... dit werk mos nie so nie? ‘n Mens kry die indruk daar heers onduidelikheid oor die teikenpopulasie aan wie hierdie dokument gerig word ... is dit geskryf om te dien as ‘n akademies voortreflike voorlegging aan ‘n Universiteitsraad? ... of as ‘n riglyn aan diegene wat moet uitvoering gee aan prosesse en aktiwiteite van die Universiteit wat deur ‘n voorgeskrewe Taalbeleid beïnvloed word? ... dus, aan diegene wat moet uitvoering gee aan ‘n Taalbeleid? ‘Prosedureel’ en struktureel voldoen die dokument waarskynlik aan al die vereistes van ‘n aanvaarde praktyk waarvolgens beleidsdokument geformuleer word. As ‘n riglyn om die effektiwiteit van taalgebruik in ‘n akademiese instelling te rig is dit egter ‘n teleurstellende en lompe dokument. [In ‘n radio gesprek op RSG, Praatsaam, op 12 Maart, aangebied deur Lynette Frances-Puren, waaraan professor Antionette van der Merwe (SU), Professor Sharleen Dyers (UWC) en Bernard Pieters (Afriforum) deelgeneem het, is die opmerking gemaak: “... die Taalbeleid van die US word gesien as ‘n papieroefening waaraan niemand aandag gee nie, wat in die praktyk nie tot uitvoering gebring word nie.” Dit wil voorkom asof baie mense nie kon sin maak van die Taalbeleid soos wat dit geformuleer is in die betrokke Taalbeleidsdokument nie ... en dan het dit duidelik niks tedoen gehad met die taalverband waarin die dokument geskryf is nie ... dus, of dit in Engels of Afrikaans of Xhosa geskryf is nie.] Ek is van mening dat die probleem om ‘n sinvolle Taalbeleid vir die US te formuleer is waarskynlik geleë in die volgende: 1.1 Die Taalbeleid en taalontwikkeling moet deur navorsing ondersteun word ‘n Taalbeleid moet ondersteun word deur gepaste navorsing. Voorbeelde van Taalbeleide en praktyke van universitietsinstellings in ander wêreld-dele in taaldiverse samelewings, byvoorbeeld Brasilie, Kanada, België, ensomeer, behoort bestudeer en aangedui te word; die taalgebruiksverwagtinge van voornemende studente moet bepaal, aangedui en in ag geneem word; die meertaligheid en taalvaardighede van ingeskrewe studente en personeel moet bepaal, aangedui en in ag geneem word; die behoefte vir taalvaardigheidsontwikkeling by studente en personeel moet bepaal, aangedui en in ag geneem word, veral die lees-met-begrip, handboek- en skryfvaardighede in onderskeie taalverbande; ‘n evaluering behoort gedoen te word van die gebruikswaarde en die moontlike gebreke of tekortkominge in die huidige Taalbeleids-formulering. Nêrens in hierdie beleidsdokument is enigsins ‘n aanduiding gegee van die taalverspreiding en die moontlike behoefte aan en verspreiding van taalvaardigheids-ontwikkeling onder ingeskrewe of voornemende studente en personeel nie. 1.2 Onderskei tussen taalgebruik in ‘n gesproke- en geskrewe (gedrukte) verband ‘n Onderskeid behoort getref te word tussen die taalgebruik in ‘n gesproke kommunikasie verband, soos byvoorbeeld by die aanbieding van lesings en in sosiale en interaktiewe verbande, en in ‘n geskrewe-of gedrukte verband, soos van toepassing in papier-dokumente of materiaal op ‘n digitale platform, met ‘n onderskeid tussen akademiese dokumente, soos handboeke, kursusmateriaal, studente gidse/notas, ensomeer, en administratiewe dokumentasie soos omsendbriewe, notules van vergaderings, ensomeer. Soos dit is het die taalverband van geskrewe of gedrukte materiaal, soos wat dit uitdrukking vind in handboeke en ander leermateriaal, ‘n groter invloed op die gehalte van onderrig-en-leer, as die gesproke taal. In ‘n afstands-onderrig en -leer model – die meeste universiteite was genoodsaak om hierdie model te implimenteer weens die omstandighede wat deur COVID-19 geskep is – het die gehalte van geskrewe materiaal en die lees-met-begrip- en handboekvaardighede van studente ‘n groter invloed uitgeoefen op die vermoë van Universiteite om gehalte in onderrig-en-leer te handhaaf of te verseker, as die gesproke taalvaardighede van beide studente en dosente. 1.3 Onderskei tussen Taalvakke en Nie-taalvakke in ‘n akademiese verband In akademiese verband behoort onderskeid getref te word tussen die taalgebruik en taalontwikkeling by Taalvakke, byvoorbeeld soos wat dit geld by die bestudering van Hebreeus, Duits, Xhosa, Afrikaans-Nederlands, Latyn, ensomeer, en die taalgebruik in navorsing, ontwikkeling van kursus materiaal en kennisoordrag by Nie-taalvakke, byvoorbeeld soos wat dit geld by die bestudering van Wiskunde, Geskiedenis, ensomeer ... die taaluitdagings tussen die twee oriënterings sal aansienlik verskil. 1.4 Taalontwikkeling soos van toepassing op Basiese-Onderwys Die rol van universitiete by die ontwikkeling van taalvaardighede en die omgang met taal in ‘n Basiese-onderwys verband, behoort in ‘n Taalbeleid aangespreek te word. Taalontwikkeling en die standaardisering van inheemse tale soos wat dit in skole gebruik word behoort in die eerste plek by universiteite aangespreek te word ... die ontwikkeling van IsiXhosa, soos by enige ander taal, as ‘n volwaardige gebruikstaal in alle kontekste,	**1**

	behoort by die Departement Xhosa Studies aangespreek te word. En dan het die Onderwysfakulteit bepaalde verantwoordelikhede in die taalvaardigheids-ontwikkeling van studente-onderwysers en die indiensopleiding van onderwysers. Dit word algemeen aanvaar dat die krisis in Basiese-onderwys grootliks toegeskryf kan word aan die gebrekkige taal-, vak- en pedagogie-kennis en -vaardighede van onderwysers en dit hou direk verband met die gehalte en relevansie van die opleiding wat deur onderwyseropleidingsinstellings voorsien word. 1.5 Die invloed van 'n Taalbeleid op die gehalte van Onderrig-en-leer: Taalvaardigheidsontwikkeling behoort gesien te word as deel van 'n groter inset (enabling input) om die doeltreffendheid en gehalte van hoëronderwys te ontwikkel. Die taalverband waarin onderrig-en-leer onderneem word het slegs betekenis wanneer dit aangespreek word in die mate dat dit gehalte in onderrig-en-leer ondersteun en verseker. In die verband moet 'n Taalbeleid voorsiening maak vir die taalvaardigheidsontwikkeling van studente – veral wat betref die ontwikkeling van lees-met-begrip-, handboek- en skryfvaardighede. Voorsiening moet ewe-eens gemaak word vir die taalvaardigheids-ontwikkeling van akademiese personeel – veral wat betref die effektiewe benutting van taal om gehalte in leermateriaalontwikkeling te verseker. En hierdie oorwegings behoort veral te geld ten opsigte van die primêre tale van onderrig-en-leer, dus Afrikaans en Engels, terwyl dit ewe-eens in die onderrig van Xhosa aandag behoort te kry . [Ek is onlangs blootgestel aan leermateriaal by US wat aan studente op 'n nagraadse vlak voorsien is ... dit was uiters swak ... wat aandui, ten minste ten opsigte van die program waaraan ek blootgestel is, dat daar 'n behoefte is aan die ontwikkeling van leermateriaal-ontwikkelings-vaardighede by sommige akademiese personeel. Ek merk op dat opstandige studente en student-aktiviste in hul betoë al hoe meer aandring op gehalte in onderrig-en-leer. Dit kan ook gelees word as 'n oproep op taalvaardigheidsontwikkeling, wat insluit die ontwikkeling van die lees-met-begrip-, handboek- en skryf- vaardighede van beide studente en dosente.] As die universiteit erns wil maak met die ontwikkeling van gehalte in onderrig-en-leer behoort die verband tussen taalvaardigheidsontwikkeling en gehalte in onderrig-en-leer in 'n Taalbeleid aangespreek te word. 2. Onsekerhede oor die interpretasie van die Taalbeleid 'n Proses behoort voorsien te word waarvolgens rolspelers en belanghebbendes klarigheid kan kry oor 'n interpretasie of vertolking van die Taalbeleid waar onduidelikhede oor die Taalbeleid ter sprake mag kom ... wie sou as finale arbiter dien van 'n interpretasie van die Taalbeleid? Waar onduidelikhede oor die Taalbeleid ter sprake mag kom moet rolspelers aangemoedig word om klarigheid te kry oor die inpretasie van die Taalbeleid, verkieslik deur middel van 'n skriftelike navraag, voordat 'n taalkwessie tot konflik aanleiding gee. In die verband is die huidige twis by studente in 'n koshuisverband ter sprake wat aanleiding gegee het tot die toetrede en betrokkenheid van die SA Menseregtekommissie. Rolspelers kan ook aangemoedig word om terugvoer te gee, verkieslik skriftelik en in fakulteits- en koshuis verbande, oor hul belewenis en toepassing van die Taalbeleid. 3. Voorsien opskrifte by afsonderlike paragrawe Die leesbaarheid van die Taalbeleid kan verhoog word deur gepaste opskrifte aan te bring by paragrawe, byvoorbeeld: 'n Gepaste opskrif vir paragraaf 7.5.3 - Die ontwikkeling van Afrikaans as medium vir onderrig-en-leer. 'n Gepaste opskrif vir paragraaf 7.5.4 - Die ontwikkeling van IsiXhosa as medium vir onderrig-en-leer. 'Information Mapping' beginsels onderskryf die gebruik van opskrifte by paragrawe om die leesbaarheid en effektiwiteit van geskrewe kommunikasie te verhoog. 4. Taalondersteuningbehoeftes van Buitelandse, en Sig- en Gehoorgestremde studente Hierdie onderwerp kan moontlik onder 'n afsonderlike afdeling of hoof hanteer word. 5. Paragrawe 7.1 - 7.6 Hierdie paragrawe behoort as volwaardige afdelings in eie reg in die Taalbeleid opgeneem te word en nie as 'n onderafdeling onder een oorhoofse opskrif nie. In wese verteenwoordig hierdie paragrawe (afdelings) die kern van die Taalbeleid, en maak 52% uit van die totale Taalbeleid, dus: 7. Taalbeleidsbepalings in Leer-en-onderrig 7.1 Beleidsbepalings rakende taalgebruik in Taalvakke 7.2 Beleidsbepalings rakende taalgebruik in Nie-taalvakke 8. Taalbeleidsbepalings rakende Institusionele Kommunikasie; 9. Taalbeleidsbepalings rakende Eksterne Kommunikasie; ensomeer. 6. Uitbreiding van Taalbeleid Oorweging kan geskenk word aan 'n uitbreiding van die Taalbeleid deur die byvoeging van die volgende afdelings of velde met 'n formulering van die US se verbintenis tot elkeen. • Ondersteuning vir Taalvaardigheidsontwikkeling by Basiese-Onderwys Betrokkenheid van Universiteite by die ontwikkeling van die taalvaardighede by Basiese-Onderwys word aangedui in die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020), paregrawe 11 en 36; die fokus van hierdie raamwerk is met reg ingestel op taal- en taalvaardigheids-ontwikkeling van die inheemse tale, alhoewel nie uitsluitlik inheemse tale nie, ook by Basiese-Onderwys. Hier gaan dit veral oor die rol van die betrokke Taaldepartemente (IsiXhosa, Engels en	

	Afrikaans) ten opsigte van kurrikulum ontwikkeling, materiaal ontwikkeling – ondermeer, handboekontwikkeling en ‘n evaluering van die gehalte van handboeke in gebruik – asook in die ontwikkeling van hulpmiddels, byvoorbeeld: inligtingstukke in die ontwikkeling van taalvaardighede vir leerlinge en onderwysers. [Ek sou graag in ‘n posisie wou wees om interessante materiaal wat ek in die buiteland bekom het, wat kan dien as illustrasie om hierdie aspek van taalvaardigheidsontwikkeling by skole te ondersteun, met betrokke taaldepartemente en die onderwysmense by US te deel.] Hier is ook ter sprake die rol van die Fakulteit van Onderwys by US by die ontwikkeling en opleiding van onderwysers ... dus die opleiding van onderwys-studente en die indiensopleiding van onderwysers. Hierdie aspek is as Algemene Kommentaar soos volg aangespreek: “Die rol van universitiete by die ontwikkeling van die taalvaardighede en die omgang met taal in ‘n Basiese-onderwys verband, behoort in ‘n Taalbeleid aangespreek te word. Taalontwikkeling en die standaardisering van inheemse tale soos wat dit in skole gebruik word behoort in die eerste plek by universiteite aangespreek te word ... die ontwikkeling van IsiXhosa as ‘n volwaardige gebruikstaal in alle kontekste, behoort by die Departement Xhosa Studies aangespreek te word. En dan het die Onderwysfakulteite bepaalde verantwoordelikhede in die taalvaardigheidsontwikkeling van studente-onderwysers en die indiensopleiding van onderwysers; dit word algemeen aanvaar dat die krisis in Basiese-onderwys grootliks toegeskryf kan word aan die gebrekkige taal-, vak- en pedagogiese kennis en vaardighede van onderwysers en dit hou direk verband met die gehalte en relevansie van die opleiding wat deur onderwyseropleidingsinstellings voorsien word.” • Ondersteuning vir Taalvaardigheidsontwikkeling en -gebruik deur middel van Navorsing Onder paragraaf 7.5 – Bevordering van meertaligheid – word kursories verwys na die beskikbaarmaak van institusionele finansiering vir die uitvoering van navorsing vir die bevordering van meertaligheid (7.5.2). In paragraaf 7.5.3 word aangedui dat die akademiese potensiaal van Afrikaans bevorder kan word deur middel van navorsing. Die onderneming om navorsingsondersteuning vir taalvaardigheidsontwikkeling te bevorder behoort spesifiek in die Taalbeleid aangespreek te word. In die opmerkings onder Algemene Kommentaar is spesifiek verwys na die behoefte vir navorsing in die ontwikkeling van die US se Taalbeleid, soos volg: “‘n Taalbeleid moet ondersteun word deur gepaste navorsing. Voorbeelde van Taalbeleide en praktyke van universitiesinstellings in ander wêrelddele in taaldiverse samelewings, byvoorbeeld Brasilïe, Kanada en België, behoort bestudeer en aangedui te word; die taalgebruiksverwagtinge van voornemende studente moet bepaal, aangedui en in ag geneem word; die meertaligheid en taalvaardighede van ingeskrewe studente en personeel moet bepaal, aangedui en in ag geneem word; die behoefte vir taalvaardigheidsontwikkeling by studente en personeel moet bepaal, aangedui en in ag geneem word, veral die lees-met-begrip en skryfvaardighede in onderskeie taalverbande; ‘n evaluering behoort gedoen te word van die gebruikswaarde en die moontlike gebreke of tekortkominge in die huidige Taalbeleids-formulering. Nêrens in die Beleidsdokument is enigsins ‘n aanduiding gegee van die taalverspreiding en die moontlike behoefte aan en verspreiding van taalvaardigheidsontwikkeling onder die ingeskrewe of voornemende studente of personeel nie.” Wat betref die ontwikkeling van taalvaardighede, ondersteun deur navorsing, behoort rolspelers kennis te neem van die Witskrif oor Wetenskap, Tegnologie en Innovering wat in Maart 2019 deur die Department Wetenskap en Tegnologie (DST, 2019) gepubliseer is. Die Witskrif maak voorsiening vir deurtastende wysigings van die navorsingslandskap in SA wat ‘n effek sal hê op toekomstige navorsings-inisiatiewe. Die Hoëronderwys(HO)-sektor word gesien as een van die vernaamste rolspelers in die publikasie van navorsingsverslae, verantwoordelik vir ongeveer 90% van alle navorsing wat gepubliseer word, in vergelyking met ongeveer 8% wat gepubliseer word deur Navorsingsrade en Nasionale Navorsingsfasiliteite. Navorsingsverslae wat deur die HO-sektor gepubliseer word het toegeneem van 4696 in 1996 tot 17246 in 2015; vyf Universiteite produseer meer as 60% van alle navorsingsuitsette; ‘n driekwart (¾) van alle PhD graduandi in die land word deur ses universiteite geproduseer. Die rol van navorsing by universiteite word hoog aangeslaan en erken. Navorsing in die HO-sektor sal waarskynlik beïnvloed word deur die huidige ondersoek wat deur die Raad vir Hoëronderwys onderneem word na die gehalte van PhD programme. Daar word voorsien dat die ondersoek ondermeer sal bepaal die mate waartoe PhD studies krities belangrike vraagstukke in samelewingsverband aanspreek. Taalvaardigheidsontwikkeling is een van die werklik belangrike vraagstukke in samelewingsverband in SA wat as ‘n prioriteit aangespreek moet word.	
A106	My eerste inset is 'n versoek tot meer inligting asb. Die hersiening van 'n taalbeleid (of enige beleid!) kan net sinvol gedoen word, indien al die nodige inligting beskikbaar is. Dit beteken dat die resultate van die toepassing van die huidige beleid gekwantifiseer moet word en publiek beskikbaar moet wees. Dit is onder andere die inligting wat vervat is in die die verslae waarna verwys word in 8.2 tot 8.4 in die huidige beleid. Daarby is onder andere statistiek oor die afgelope vier jaar nodig soos: huistaal en voorkeur taal van onderrig van VOORGRAADSE ingeskrewe studente; dieselfde inligting oor EERSTEJAARSTUDENTE die afgelope vier jaar; statistiek oor getal modules in albei tale aangebied afgelope vier jaar ens ens. BELANGRIK: hierdie inligting moet publiek beskikbaar gestel word op die US se webblad en eers daarna kan sinvolle insette gegee word as deel van 'n eerlike konsultasie-proses. DAAROM MY VERSOEK dat hierdie	**3**

	inligting beskikbaar gemaak sal word en dat die eerste periode van konsultasies dan verleng word verby 12 April. Sonder statistiek en feite en die ter sake inligting raak die gesprek 'n filosofiese (en emosionele) gesprek wat die doel van eerlike hersiening (en dus verbetering) van die beleid totaal mis Dankie	
A107	Die US sal baie dringend 'n Taal Kodesa moet oorweeg waar alle belanghebeendes deel van die proses moet vorm. Daa is absoluut geen hass om die nuwe taalbeleid deur te forseer nie. Dit sal baie meer deursigtigheid en kredeitwaardigheid aan die Taalbeleid verleen. Ek is bereid om deel te wees van daardie proses, maar nie van die huidige tendens van verengelsing nie. Daar is 'n tyd en 'n plek vir alles. Afrikaans het nog 'n plek as tersiere taal van onderrig in die Wes-Kaap. Die demografie kan nie lieg nie.	**2**
A108	Geen	**7**
A109	Tensy ek iets mis, is dit eintlik onmoontlik om sinvolle insette en kommentaar te lewer sonder die Uitkomste en Verslag van die 2016 Taalbeleid tot op hede. Die algemene beeld van die US is uitwissing van Afrikaans tsv sy kamtige meertalige beleid, absoluut negatief vir 'n instelling wat aanspraak maak op meertalige uitnemendheid.	**3**
A110	n Taalbeleid moet niemand uitsluit of enige groepering bevoordeel of ander benadeel nie. Dit beteken in wese dat n taalklimaat moet heers waar niks op niemand afgedwing word nie, maar ook niks van niemand ontneem word nie. Die volgende is gewoon nie waar nie: 1) Afrikaans is per definisie uitsluitend en Engels per definisie insluitend. 2) Afrikaans het in Afrika ontstaan, maar is nie n inheemse taal nie. 3) Afrikaans verhoed dat n instelling wêreldklas uitnemend kan wees. Afrikaans en Engels moet as gelykwaardige tale hanteer word. As tale nie as gelykwaardig hanteer word nie, sal die een taal as mindere taal uitgerangeer word. "Redeliker gewys" laat gapings vir eietydse intrepretasie wat wyer is as die Liewe Heer se genade. Skokkende irrasionele beluite soos dat studiemateriaal net in Engels beskikbbaar sal wees agv Covid 19 werkslas, beaam dit in die praktyk. Die US senior bestuur se ongeërgdheid met 2021 se voorvalle spreek boekdele en strook nie met wat die huidige rektor verkondig het met sy inhuldiging op 29 April 2015 nie, naamlik dat US nie n Afrikaanse universiteit is nie, ook nie n Engelse universiteit nie en ook nie n Xhosa universiteit nie, maar n meertalige universiteit. Bravo! Doen dit dan in die praktyk. Benut die US Taalsentrum! Leef inklusiwiteit deur Afrikaans nie uit te sluit nie, dit is inderdaad moontlik.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A111	Dis bitter jammer dat Afrikaanssprekendes al meer vervreem voel en vervreem word, ipv inklusief deel te voel van 'n groter Universiteitsgemeenskap in ons land , en wat al die ander suiwer eentalige Engelstalige Universiteite insluit.	**2**
A112	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A113	Alhoewel julle my die geleentheid gun om in Afrikaans te studeer, kan ek in effek nie: hoekom nie? Want Dosente praat slegs Engels in die klas (al is hul Afrikaans magtig). Powerpoint slides word nie eens vertaal in Afrikaans nie en as dit vertaal word, kon ek 'n beter werk gedoen het. Opsommings en inleidings in Afrikaans help min. Die klas word in Engels aangebied. Ek, wat nie Engels magtig is nie, kan nie deel neem in die klas nie. Die helfde van die inligting gaan verlore want ek moet die lesing vertaal soos wat daar klas gegee word. Engels word as't ware op my afgedwing.	**3**
A114	Ek haal aan uit http://hetjanmarais.co.za/ (Het Jan Marais Nationale Fonds | Het Jan Marais Nationale Fonds (HJMNF) fokus op die belange van die Afrikaanssprekendes van Suid-Afrika, met klem op die behoud en uitbou van die Afrikaanse taal en kultuur landwyd in alle bevolkingsgroepe, en met voorkeur aan die bevordering van die materiële en geestelike welsyn van die bevolking van die Stellenbosse distrik) : "Marais het hierdie geld in sy testament bewillig en so verseker dat Victoria Kollege as 'n selfstandige instelling kon voortbestaan. Sy skenking is formeel gedoen op voorwaarde dat Afrikaans as 'n gelykwaardige taal vir onderrig aan die instelling behou word: "Ter bevordering van het hoger onderwijs te Stellenbosch, doch meer beijzonder van het onderwijs in en door middel van de Hollandse taal in zijn beide vormen (dat wil zeggen Afrikaans zowel als Nederlands) en wel te dien einde dat in zodanige onderwijs de Hollandse taal in zijn beide vormen als voormeld geen mindere plaats dan de andere officiele landstaal zal innemen"." Na my mening moet u dan nie meer hierdie trust se geld gebruik nie en dit vir ander instellings beskikbaar stel wat wel Afrikaans bevorder.	**2**

	Dit is vir my baie hartseer dat u Afrikaans vertrap en marginaliseer. Ook is dit vir my hartseer dat u die Geskiedenis van die instelling versaak. Dit is dan wel seker maar net ñ weerspieëling van wat in die parlement gesê is op navraag oor waarom top skole nie as voorbeeld gebruik word om ander skole op te bou nie, waarop die antwoord uit die parlement was dat: "we will break everything down till everybody is equal, then we wil start building up". Sekerlik sou die teenoorgestelde soos gevra is tog ñ beter benadering wees? Miskien moet u die werk van Ivan Illich lees in sy boek Deschooling Society van 1970 en die belang verstaan van ñ hele gemeenskap betrokke kry eerder as om hulle te verdruk. Soos sake nou staan, het u nie meer my steun om fondse aan u te gee nie en skenk ek dit al ñ geruime tyd aan instellings wat Afrikaans bevorder. Mag ek nie nie ook in die strik trap van waarin die Jan Marais Trust hom nou bevind nie.	
A115	Ek is jammer maar US het ons oustudente die rug toegekeer. U stel eintlik glad nie belang is ons insette rakende taalbeleid nie. Dit wat Prof Wim de Villiers sê kan nie geglo word nie. US het ons Afrikaanssprekende oud-studente heeltemal geïgnoreer en in die rug gesteek. U het van die begin af beplan om Afrikaans (voorheen byna 100% by US) uit te werk en dit 'n Engelstalige Universiteit te maak. Ek het self 'n hele paar praktiese klasse by US Landboufakulteit aangebied en moes toe al vir 'n groep van ±30 studente waarvan een persoon Engels was (kon egter Afr redelik verstaan) die hele klas in Engels aanbied. Hoe sal dit nie nou, 'n paar jaar later wees nie? My beswaar gaan glad nie oor ras nie maar slegs oor Taal. Ek het baie goeie Afrikaanse bruin vriende en hulle is ook die rug toegekeer. Ek is jammer, dit is baie duidelik dat u ons as vyande beskou. Ek het 'n besonder groot bedrag in my testament aan US bemaak maar is reeds besig om dit totaal daaruit te haal. US het amper 'n haatveldtog teenoor Afrikaanssprekendes en tensy daar 'n sterk ommeswaai is vorentoe, beskou ek myself nie meer as 'n US-ondersteuner nie. U het ons blykbaar nie meer nodig nie.	**2**
A116	Algemene kommentaar Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A117	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A118	Die beleid op papier lyk baie goed. Maar wat kommerwekkend is, is die kultuur, of aanslag wat van topbestuur af deurfilter tot by studenteleiers. Hoekom voel dit asof dit minderwaardig of arrogant geag word om in Afrikaans te kommunikeer?	**2**
A119	Afrikaans is 'n taal wat hier ontwikkel het. Dit is 'n ontwikkelde taal en kan vir enige studie rigting gebruik word. Handhaaf dit!	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A120	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A121	Ek is klaar met die US.Idont give a damn if the cow calves or if she breaks her neck.Vaarwel us.	**2**
A122	Dit is jammer dat Afrikaans nie as 'n inheemse taal met wortels in Afrika beskou word nie. Hoe beskou die San en die Khoi en die Namas hulle tale? Behoort dit ook tot die Suid-Bantoetaalfamilie? Indien nie, dan is hulle tale ook nie inheems nie.	**6**
A123		
A124	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A125	Ek kan my kinders na tientalle Universiteite in Suid-Afrika stuur waar Engels die enigste voertaal is - geen Afrikaans word daar gebruik of bevorder nie. Stellenbosch is een van die laaste Universiteite waar Afrikaans wel bevorder en gebruik kan word as voertaal.	**2**

	Gesien die aantal mense in Suid-Afrika wat Afrikaans as huistaal het, uit alle kulture, moet daar n plek wees waar sulke burgers van die land n billike kans het op tersie^re onderrig.	
A126	Ek dink nie dat die US eerlik is oor die ware stand van taalgebruik aan die universiteit nie. Dit was reeds duidelik met die implementering van die taalbeleid in 2016 dat die US op die pad na totale verengelsing is. Dis net 'n kwessie van tyd.	**2**
A127	Geen kommentaar	**7**
A128	Soos reeds gestel in kommentaar onder die hoof "Kern van die Beleid", word die US nie gedwing deur Artikel 29(2) van die Grondwet of die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) om Engels sowel as Afrikaans as LOLT te kies nie. Die keuse van slegs Afrikaans is selfs moontlik, en volledig verdedigbaar, onder die bepalings van 29(2) van die Grondwet. By die keuse van beide Engels en Afrikaans as LOLT moet die US volledig voorsiening maak vir die praktiese uitvoerbaarheid, in terme van die voorsien van voldoende hulpbronne met die gepaardgaande finansiële implikasies, om albei tale volledig as LOLT te implementeer. Dit is duidelik uit die bepalings van die Taalbeleid dat die US nie voorsiening gemaak het, of beplan om ooit voorsiening te maak, vir die verkryging van die hulpbronne wat hiervoor nodig is nie. Hierdie gebrek aan hulpbrone word trouens telkens gebruik in die formulering van die ontsnappingsklousules, wat by bykans alle bepalings van die Taalbeleid voorsien word om die aanbod in Afrikaans te verminder of te verskraal ten gunste van die aanbod in Engels. In hierdie opsig bied die vorige en die nuwe konsep Taalbeleid slegs skynheilige lippetaal ter voldoening aan klousule 29(2) van die Grondwet. Die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings (2020) stel dit baie duidelik in Klousule 30 dat "Where demonstrable competencies have been established in one or more languages other than English, such competencies and initiatives should not be impeded, but rather, nurtured and encouraged". In die direk daarop volgende sinsnede bied hierdie dokument egter sy eie onsnapklousule met "as long as they do not serve as barriers of access to speakers of other languages." Hierdie ontsnapklousule word duidelik deur die US in die Taalbeleid aangegryp om Afrikaans as LOLT teenoor Engels as LOLT te benadeel. Dit is gewoon teen die gees van Artikel 29(2) van die Grondwet. Afrikaans is deur die loop van die twintigste eeu aan die US ontwikkel as 'n volwaardige akademiese taal en volledig geïmplementeer as LOLT. Deur die formulering en uitvoering van die huidige Taalbeleid is die US besig om doelbewus die ondergang van Afrikaans as akademiese taal te bewerkstellig en die nuwe konsep Taalbeleid sal hierdie tendens slegs versnel. Dit is 'n skreiende skande. Verder sal die onafwendbare uiteindelike uitkoms van die US Taalbeleid en die uitvoering daarvan, naamlik dat Hoëronderwys in Afrikaans binne kort nie meer vir Afrikaanssprekendes beskikbaar sal wees in die Suid-Afrikaanse nie, 'n ongrondwetlike uitkoms wees. Enige uitsprake in die Suid-Afrikaanse howe dat die huidige US taalbeleid voldoen aan die bepalings van Artikel 29(2) van die Grondwet en/of die Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoëronderwysinstellings, sal nie vir die US as skans kan dien teen die ongrondwetlikheid van hierdie noodwendige uitkoms nie. Die konsep Taalbeleid moet verwerp word en daar moet opnuut begin word met werklik inklusiewe konsultasie om 'n nuwe Taalbeleid vir die US te formuleer wat volhoubare en gehalte Hoëronderwys in Afrikaans aan die US sal waarborg en waarvan die uitkoms sal voldoen aan Artikel 29(2) van die Grondwet.	**2**
A129	Daar word heelwat gepraat oor die koste daraan verbonde om Afrikaans te behou op Stellenbosch. Dit was glo 'n faktor in die besluit om die bestaande 2016 taal beleid goed te keur. Ek is nie bekend met die geleerde regter se uitspraak hieroor nie,.maar dit sou interessant wees om te weet van watter soort koste begrippe hy gebruik gemaak het om tot hierdie gevolgtekking te kom, en dit sou nuttig wees as ons almal dit kan sien om dit te bespreek. In 'n breë sosio-ekonomiese konteks kom 'n wye reeks koste ter sprake. Neem dit bv. die volgende faktore in ag? Indien wel, behoort die kalkulasies beskikbaar gemaak te word vir die publiek sodat ons kan kommentaar lewer (en onafhanklike ekonome, waarnemers, ens. opinies kan uitspreek). • Wat van die miljarde rande en mense lewens wat reeds belê is in Afrikaanse opvoeding op primêre en sekondêre vlak? Hoeveel daarvan is verlore deurdat die kinders wat kan, nie verder kan studeer in die taal wat met soveel moeite en koste geleer is nie? Moet dit dan nou eers alles afgeskryf word sodat hulle oor kan begin op tersiêre vlak, van 'n baie swak posisie, aangesien in baie, indien nie meerderheid van die gevalle, hulle swak bevoeg is om die kompleksiteite van hoër onderwys in daai tweede taal te waardeer? (Mens kan aan Stellenbosch professore dink wie nie sou geword het wat hulle is nie indien hulle in Engels moes begin voorgraads studeer). Was dit 'n mors van staatgeld en miljoene mense se moeite om hulle in die eerste plek Afrikaans te leer? • Wat kos dit vir die land en die betrokke persone om oor te skakel na Engels – om in Engels te leer lees, skryf, dink? Almal sal die oorgang sekerlik nie suksevol voltooi nie. Wat kos dit nie? En dis twyfelagtig of hulle ooit al die fynere punte in Engels sal kan sien en leer wat hulle in hulle moedertaal sou kon verstaan. So hulle sal vir altyd benadeel word – geen onderrig in die taal wat hulle ken nie, en waarin hulle goed sal kan leer – en swak verstand van/ in 'n tweede taal. Wat is die koste daaraan betrokke? En dis veral die Wes-Kaapse gemeenskap wat so swaar gekry het onder apartheid wat nou weer sal benadeel word - wat is die koste van daai mense wat nie hulle potensiaal kan verwesenlik nie, beide in terme van hul eie persoonlike lewensondervinding en inkomste en vir die land as geheel?	**3**

	• Dan is daar ook natuurlik die groot Afrikaanse media en taal bedryf wat geleidelik sal sterwe as hy van menslike insette ontneem word, as daar nie meer mense is wat in Afrikaans kan dink of skryf nie: wat is die koste van die verlies daarvan in terme van werksgeleenthede, bydrae tot die staatskas deur belasting betaling, ens.? • Verder is Stellenbosch nie net 'n Wes-Kaapse bate nie maar 'n nasionale bate – al die koste hierbo genoem moet op nasionale vlak uitgewerk word. Hoeveel is al hierdie die koste as mens dit monetiseer, in vergelyking met die koste van publikasies en klasgee in Afrikaans op Stellenbosch? In teenstelling – wat is al die voordele daaraan betrokke as al hierdie kostes vermy word en 'n lewensvatbare multikulturele taalomgewing tot stand kan kom? Hoeveel is die koste wat vermy kan word en wat is die voordele? Om net op koste, en daarby enkele soorte koste, to fokus is onbevoeg.	
A130	Veeltaligheid, in die besodner by US, teen die agtergrond van die onregverdige en verdrukkende diskriminasie oor 'n baie lang tyd, verlig my Afrikaner-, Christen- en Afrikanerbond-gewete, maar maak dit nie stil nie. Hoeveel lewens het ons nie kultureel verarm nie? Hoeveel talent en breinkrag het ons Suid-Afrika ontneem? Ons spog met "Christen-Afrikanerskap"' wat fundamenteel on-Christelik is, want ons het ons mede-landsburgers nie net beroof nie, maar nagelaat om hulle te dien. Christenskap is ten diepste selfverloenend en nie selfverrykend ten koste van ander nie. Die Here seen die toepassing en uitbouing van die US se taalbeleid.	**2**
A131	Die dokument bou die fondasies vir die uitwissing van Afrikaans, die klein woord keuses kan later groot nagevolge in hou vir die Afrikaanse gemeenskap, kyk na die Universiteit van Pretoria. Die US se stigtings dokument vereis dat Afrikaans of Nederlands 'n amptelikke taal moet wees van die Universiteit, as daardie dokument nie onderhou word nie wie is te sê dat die een se beskerming, of te kort daarvan, vir Afrikaans sal behou. Die Universiteit Stellenbosch is 'n Afrikaanse Univrsiteit as jy Engels wil studeer gaan UCT toe.	**2**
A132	Tale in die Wes-Kaap : Afrikaans (49,7%), gevolg deur Xhosa (24,7%) en Engels (20,2%) vlgs Wikipedia. 3 Universiteite in die Wes-Kaap. Twee van hulle is alreeds heeltemal Engels (UWK en UCT), hoekom moet Stellenbosch Universiteit ook Engels wees. Verder voel ek ook daar behoort 'n isi-Xhosa Universiteit wees in SA. Is dit nie wat ons as SA so uniek maak dat ons veelsydig is nie, maar al die instansies probeer ons dieselfde kry.	**2**
A133	Die onlangse gebeure op kampus spreek juis teen inklusiwiteit. Die studente leierskap het ook waarskynlik gereageer op SU kommunikasie en was hoogs onwaarskynlik opportunisties - al word dit so in die media gekommunikeer. Dit is ook nie tot voordeel van die SU beeld as die Rektor die taalkwessie af maak as "political gains" nie. Histories was Engels die taal van die "kolonialis" en nou wil SU dit die voertaal in die Weskaap gemaak? US mis ook die punt tussen onderrig en uitnemendheid. Onderrig met Engels as ekslusiewe taal gaan nie noodwendig uitnemendheid bevorder nie.	**2**
A134	Ek het net een vraag: Is die Universiteit van Stellenbosch ernstig (en eerlik) oor meertaligheid? Of is dit bloot 'n dekmantel vir verengelsing in die praktyk?	**2**
A135	Ek was onder die indruk dat ons veronderstel is om deesdae die afkorting SU te gebruik, en nie meer US nie (vir Stellenbosch Universiteit).	**6**
A136	Baie dankie vir die geleentheid om kommentaar te lewer op die Universiteit se beoogde taalbeleid. Die Rektor van US skryf soos volg oor die taalbeleid: "Maar taal sigself is nie ons hooffokus nie. Dit is immers nie die primêre taak van 'n universiteit, as instelling, om enige bepaalde taal te bevorder nie." Tradisionele Engelse universiteite in Suid-Afrika sal nie eers daaraan dink om so 'n verklaring uit te reik nie. Hulle beskou dit eenvoudig as hulle volste reg om Engels te wees en daardeur, sonder om dit ten doel hoef te stel, maak hulle enorme bydraes om Engels te bevorder. Op soortgelyke wyse het tradisioneel Afrikaanse universiteite in hulle tyd enorme bydraes gemaak om Afrikaans te bevorder. Deur US se verengelsing maak die universiteit 'n groot bydrae tot die bevordering van Engels en verskraal dit terselfdertyd sy vroeëre bydraes tot die bevordering van Afrikaans. Dit is neerhalend teenoor Afrikaans dat die taalbeleid se definisie van "inheemse tale" Afrikaans uitsluit. Orals in die beoogde taalbeleid waar woorde soos "inklusiwiteit" en "insluit" gebruik word, is dit duidelik dat Engels by US doelbewus bevorder gaan word. Orals in die dokument waar daar 'n woord soos "hindernis" gebruik word, is dit duidelik dat die US Afrikaans op die oog het en dat so 'n "hindernis" verwyder of vermy moet word. As daar van "meertaligheid" gepraat word, is dit duidelik dat daar van Afrikaanssprekendes verwag word om meertalig te wees op 'n wyse wat nie van Engelssprekendes verwag word nie. Orals waar woorde soos "mits" of "redelikerwys uitvoerbaar" gebruik word, is dit duidelik dat Afrikaans aan die kortste ent gaan trek. Eerder as om met woorde te speel, sou dit eerliker wees as die US sy bedoelinge duidelik maak. Met 'n "mits" word verklaar dat enige taal of tale in nagraadse leer en onderrig gebruik kan word. Hierby word egter gevoeg dat vraestelle op hierdie vlak slegs in Engels beskikbaar sal wees. Dit is weereens duidelik dat Afrikaans op nagraadse vlak aan die kortste ent trek. As ek reg getel het, is daar by die gradeplegtighede van Maart 2021 altesaam 133 doktorsgrade toegeken waarvan slegs 6 op Afrikaanse proefskrifte	**2**

	gebaseer is en geen op proefskrifte in isiXhosa nie. Dit sal interessant wees om te weet hoeveel meestersgrade by dieselfde gradeplegtighede toegeken is en hoeveel daarvan gebaseer is op tesisse in Afrikaans en isiXhosa. Volgens die taalbeleid moet die voertaal of -tale by vergaderings daarop ingestel wees om te verseker dat almal ingesluit word. By amptelike vergaderings, seremoniële geleenthede en intreeredes word Afrikaans, Engels en isiXhosa "oordeelkundig" gebruik. Wat die effek hiervan is, kon ek persoonlik by drie geleenthede die afgelope drie jaar ondervind. By 'n vergadering van 'n subkomitee van die US waarvan ek 'n lid was, was daar ongeveer twaalf mense teenwoordig. Twee persone se spreektaal was Engels maar het Afrikaans verstaan. Die res (ook die voorsitter) was almal Afrikaansprekend. Die voorsitter het uit die staanspoor die vergadering in Engels gelei. Individue om die tafel is in Engels versoek om hulleself voor te stel, wat hulle almal (behalwe ek) in Engels gedoen het. Die effek hiervan was om myself soos 'n skurk te laat voel dat ek myself in Afrikaans voorgestel het en my bydraes tydens die vergadering in Afrikaans gemaak het. By 'n funksie van die Fakulteit van Natuurwetenskappe ter viering van die US se eeufees is alle afkondigings oor die reëlings, die tafels en die verversings slegs in Engels gedoen. Op die tafels was daar papierkegels waarop daar foto's van baanbreker-professore van die fakulteit was, saam met kort besonderhede oor hulle loopbane en bydraes. Dit was alles net in Engels. In die Dekaan se toespraak by die geleentheid was daar miskien so dertig woorde in Afrikaans, in die trant van: "Welkom dames en here by hierdie eeufeesviering. Dankie vir al die bydraes wat u in u loopbane aan die fakulteit gemaak het." Die res van die toespraak was in Engels. By 'n funksie ter viering van 75 jaar van die Fakulteit van Ingenieurswese het die Rektor en die Dekaan toesprake gehou. In beide gevalle was daar, net soos by bogenoemde funksie van die Fakulteit van Natuurwetenskappe, 'n paar woorde in Afrikaans om die bal aan die rol te sit. Daarna was alles, ook 'n mooi vertoning oor die fakulteit se groei en prestasies, slegs in Engels. My ervaring by hierdie drie geleenthede het my oortuig dat die taalbeleid se skynbaar gerusstellende woorde oor die gebruik van Afrikaans, in die praktyk beteken dat Afrikaans afgeskeep word. Op grond van my ervaring meen ek daar waarheid steek in die onlangse berigte oor weerstand teen die gebruik van Afrikaans by koshuise van die US. Ek is van mening dat die regering en Suid-Afrikaners wat Engels as medium van onderrig aan universiteite verkies, alles vir Engels opeis en geen ruimte wil laat vir enige universiteit in Suid-Afrika wat met staatsondersteuning Afrikaans as medium van onderrig wil gebruik nie. Vir studente wat Afrikaans as medium van onderrig verkies, is daar die uitdaging om dankbaar te wees vir die mate waarin hulle ideale hieroor nog verwesenlik kan word. Vir studente wat isiXhosa as medium van onderrig verkies, is daar myns insiens geen vooruitsig dat daar 'n universiteit sal wees wat in enige beduidende mate hieraan sal voldoen nie.	
A137		
A138	Te gekompluseerd om alles afsonderlik te beredeneer. Hoop my insette help.	**7**
A139		
A140	Jammer, maar ek het nou genoeg gehad van die vorm. Soos ek reeds aangedui het, is dit nie gebruikersvriendelik nie en wil jul mense seker daardeur ontmoedig om hieraan deel te neem. Natuurlik het ons geen waarborg dat iemand ooit hierna gaan kyk nie. Ek en my man het aan die US studeer, sowel al 4 my kinders. 3 van my kinders is tans verbonde aan universiteite in Europa. Hul moes eksamens aflê in die onderskeie tale voordat hul aanvaar is - Nederlands en Duits. Net so sou ek verwag dat dieselfde hier moet geld.	**4**
A141	Die voorgestelde beleid is goed en sal waarborg dat Afrikaans voort sal ontwikkel as akademiese navorsingstaal sowel as isiXhosa sal ontwikkel as 'n akademiese voertaal.	**7**
A142	Taal is 'n identiteitskwessie. Om 'n Afrikaanssprekende te laat voel dat hy/sy tog maar liewer moet verengels, want dit is net soveel makliker vir almal, is 'n growwe aantasting van 'n mens se waardigheid. Taal is nie net 'n kommunikasiemiddel nie; dit is 'n draer van jou totale menswees. Die ontmoeting in taal tussen 'n student en 'n dosent dra veel meer oor as kennis. Dit is vormend en dikwels lewensveranderend. Dis US moet nie dié vormende en verruimende ervaring onderskat nie.	**2**
A143	Die taalbeleid is baie goed uiteengesit. Met verwysing na onlangse sosiale media aangeleentheid, waar n koshuis HK lid die gebruik van Afrikaans verbied het, is my vraag of hierdie tema duidelik uiteengesit in aansoekproses vir US en die koshuise? Verstaan en aanvaar studente die taalbeleid as deel van die aansoekproses?	**6**
A144		
A145	Die beleid lyk vir my billik soos dit tans staan.	**7**
A146	Ek het die graad B.Ing. behaal aan die US in 1991. Daar was rou Engelsmanne in my klas, meeste van my handboeke was in Engels en van my dosente kon nie Afrikaans praat nie, maar taal was nooit 'n kwessie nie. Ek het ingenieurswese in Afrikaans bemeester en ek en my Engelse alumni het by die US uitgestap as 'n volledige tweetalige ingenieurs. Die tegniese Afrikaans het vir my baie beteken waar ek met Duitse verskaffers van toerusting gewerk het, waar my Engelse kollegas verlore was. Die verskil is dat ek 'n tweede taal bemeester het en so 'n beter oor vir enige taal het, maar hulle net ore vir Engels, want dis 'n dominante wêreldtaal. Aan die ander kant het ek en	**2**

	my Afrikaanse alumni nie 'n tree teruggestaan vir ons Engelse kollegas as dit kom by die gebruik van Engels in die korporatiewe wêreld nie. Luister maar net bietjie na Geldsake op die radiostasie RSG om te hoor hoeveel leiers in die korporatiewe wêreld is Afrikaans, maar hulle funksioneer moeiteloos in die sakewêreld, wat Engels is. Een van die redes vir sukses van hierdie mense is dat hulle in hul moedertaal geleer het van skool tot op universiteit, wat hulle die geleentheid gegee het om akademiese konsepte/werk te kon bemeester sonder die addisionele las van om dit in 'n tweede taal te moet doen. Hoekom kan ons nie dieselfde gun vir vandag se studente nie? Daar is tog oorgenoeg Afrikaanse kinders wat 'n graad kan behaal vir die US om voort te bestaan, en enersyds is daar tog seker genoeg Engelse universiteite in Suid-Afrika om Engelse studente te kan akkommodeer? Ek het nou baie moeite gedoen om kommentaar te lewer op hierdie beleid, maar ek vermoed dit gaan maar wees soos om 'n klip in 'n groot swart gat af te gooi. Bv. nêrens poog hierdie vraelys om vas te stel of ek werklik 'n student was aan die US nie. Ek verneem ook ouers van huidige studente (m.a.w. rekeningbetalers) het nie eens 'n uitnodiging gekry om kommentaar te lewer nie. Is ons menings ooit belangrik? Dalk doen ek dit maar net om myself te laat beter voel. En vir myself te sê ek het darem probeer.	
A147		
A148	Wat is die voordele vir Stellenbosch Universiteit indien die voorgestelde, hersiene taalbeleid nie geïmplementeer word nie? • Die universiteit bly uit die plaaslike en internasionale media vir die verkeerde redes, en in die media vir die uitstekende universiteit wat dit is. • Die opskrifte in die internasionale pers rakende Stellenbosch Universiteit verwys na wetenskaplike innovasie en uitnemende onderrig, eerder as 'n taalbeleid. • Die universiteit word 'n ware tuiste vir alle studente. • Die universiteit word 'n baken van hoop en insluiting in 'n land waar verdeeldheid en selektiewe uitsluiting dikwels seëvier. • Die universiteit word 'n baanbreker om die algemene verwarring wat heers rakende die verskille tussen taalvaardigheid in Engels en die waarde van moedertaal-onderrig, uit te skakel. • Die universiteit besweer die vrese dat die meganismes om Afrikaans oor die langtermyn uit te faseer in die huidige taalbeleid vervat is. • Die universiteit bewys dat dialoog en konsultasie rakende beleide integraal tot wyse besluitneming binne die universiteit is. • Die universiteit bevorder kreatiwiteit, sensitiwiteit en sosiale insluiting. • Meertaligheid en taaldiversiteit word bevorder deur by te voeg, eerder as deur 'ontslae te raak'. • Die universiteit baan die weg vir inheemse kennis-stelsels om bevorder te word binne 'n ruimte waar alle studente welkom voel. • Die universiteit skep werksgeleenthede vir vertalers en tolke in alle vakgebiede in die tussentyd. Die voordele van herbesinning rakende die huidige, voorgestelde, hersiene taalbeleid is duidelik. As alumnus van Stellenbosch Universiteit, sal ek 'n verposing en 'n terugverwysing van die voorgestelde beleid verwelkom. In-diepte konsultasie tydens die ontwikkeling van die hersiene taalbeleid en alvorens dit weer vir breër kommentaar uitgestuur word, sal in die belang van die universiteit en die gemeenskap wat dit dien, wees. Ek glo ek is nie alleen in hierdie versugting nie.	**2**

A149	US moet asb sover moontlik as 'n Afrikaanse universiteit gesien word en Afrikaans uitbrei as 'n akademiese taal. Baie dankie vir die geleentheid om te kan insette lewer	**4**
A150	Studente is die kliente van 'n universiteit en die taalvoorkeur van studente is belangerik om studente in die toekoms na 'n universiteit toe te lok. Slegs 20% van voorgraadse studente by US verkies Afrikaans as onderrig taal. Dan is dit mos onlogies dat die hoof onderrigtaal Afrikaans moet wees. Meertalige voorgraadse onderrig moet ondersoek en waar prakties moontlik geimplementeer word.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A151	Goeiedag, indien u my sal verskoon, gaan ek nie kommentaar lewer op bg. aspekte nie. In plaas daarvan gaan ek vertel van hoe meertaligheid in die 2000s NIE gepraktiseer is in die Departement Sosiologie en op wyer vlak in die Fakulteit nie. Teen die laat 2000s het ons ten minste drie personeellede gehad, wat almal Suid-Afrikaners was, maar nie Afrikaans magtig was in 'n gewone gesprek nie, om van dosering nie te praat nie. In so 'n situasie het by my ernstige bedenkings ontstaan oor hoe billik studente wat hulle geskrewe werk in Afrikaans afgelewer het, geasesseer word. In sommige gevalle is daar morele druk deur die voorsitter op Afrikaanse, meertalige kollegas uitgeoefen om die Afrikaanse werkstukke/toetse/eksamenskrifte namens hierdie kollegas te beoordeel. U kan dink watter ekstra las dit op hierdie kollegas geplaas het in gevalle waar 'n tweedejaarsklas uit 350 studente bestaan het, waarvan seker 80% Afrikaanssprekendes was - afgesien van die didaktiese bedenkings in gevalle waar die dosente wat die merkwerk gedoen het, nie die kursus doseer het nie. Die tyd wat die Afrikaanse kollegas aan hierdie taak gewy het, kon hulle uiteraard nie gebruik vir navorsing en publikasie nie. Hulle is in hierdie opsig benadeel in vergelyking met die kollegas vir wie hulle hierdie guns bewys het. Dit is egter nie waar dit opgehou het nie. Van ons meertaliges is verwag dat ons in die naam van die meertalige beleid, nie net ons voorlesings in gelyke mate in Afrikaans en Engels aanbied nie, maar ook ons 'power point' skyfies. Dieselfde verwagting is op geen stadium aan die eentalige kollegas gestel nie. Amptelik was die beleid van die van die kant van die dekaan, dat die Engelstalige kollegas mettertyd ook 'n 'kommunikatiewe vaardigheid' in Afrikaans ontwikkel, maar dit in geen geval gebeur nie - selfs nadat sommige van hulle reeds vyf jaar of langer deel van die departement was. Ek het in my dosering konsekwent al om die beurt in Afrikaans en Engels doseer, met 'power point' skyfies in altwee tale. As 'n mens daarby voeg dat al die voorgeskrewe leeswerk 100% Engels was, het meer as pariteit geheers. Nogtans het dit gebeur dat die een en ander Engelstalige, Suid-Afrikaanse student meer as 50% Engels tydens dosering geeis het, waarskynlik omdat hulle uit 'n Engeslsprekende omgewing gekom het en hul Afrikaans so swak was dat hulle nog die voorlesing, nog die skyfies behoorlik kon volg. In een geval was die eis so onredelik, dat ek na herhaalde verduideliking van die taalbeleid in die fakulteit, voorgestel het dat die student liewers oorweeg om sy studies aan 'n Engelstalige universiteit voort te sit. Let wel: ek het nie net getrou die taalbeleid geimplementeer nie, maar saam met die leeswerk, die Engelstalige studente meer as temoet gekom. Die betrokke student was nie tevrede met my antwoord nie en het by die destydse dekaan, Prof. Kotze gaan kla. Lg. het my laat roep en het my, die meertalige dosent, daaroor berispe.Op geen stadium het het hy aangedui dat hy aan die student gesuggereer het, dat hy sy Afrikaans probeer verbeter nie - netso min soos die eentalige kollegas daaraan herinner is dat hulle hul 'kommunikatiewe vermoe' in Afrikaans moet verbeter nie. Wat hierdie voorbeelde van die hantering van die beleid duidelik vertel is, dat dit nie in die praktyk toegepas is nie. Inteendeel, Engelstaliges is bevoordeel. Dit is hoe tweetaligheid in die praktyk reeds destyds uitgesien het. Wat die hele aangeleentheid natuurlik onsmaaklik maak, is die oneerlikeid: na buite is verkondig dat twee/veeltaligheid heers, die praktyk het anders uitgesien. Vergun my om laastens iets te se oor die klaarblyklike marginalisering van Afrikaans op die huidige stadium en die implikasies vir studente wat Stellenbosch toe kom en nie sterk in Engels is nie: 'n Mens se gesonde verstand besef dat hierdie studente, gekonfronteer met 'n hoofsaaklik Engelse leeromgewing, probleme gaan ondervind om hulle volle intellektuele potensiaal te verwesenlik. As hulle boonop die gevoel kry dat hulle selfs in 'n koshuis- of private konteks nie hul moedertaal mag praat nie, word hierdie gevoel van onsekerheid net groter. 'n Onseker student, met 'n aangetasde selfvertroue, kan nie sy/haar beste lewer nie. As u my sal vergun, maar ek praat uit ondervinding: ek het as twaaljarige SA toe gekom en moes baie vinnig beide tale leer. Omdat ek Afrikaanse skole bygewoon het, was my Afrikaans beter as my Engels toe ek universiteitsstudies oorweeg het. Alhoewel ek (in die 1960s) polities waarskynlik meer tuis sou gevoel het by Wits of UCT, was dit geen opsie nie as ek wou seker maak dat ek my bes moontlike prestasie behaal. Ek het my Engels eers mettertyd in my voorgraadse jare verbeter, namate ek meer Engels gelees het. Ek is oortuig daarvan dat daar vandag steeds baie Afrikaanssprekende studente is wat hulself in dieselfde posisie bevind as ek destyds. As die universiteit hierdie studente wil werf, laat welkom wil voel en hulle die tasbare bewys wil gee dat hulle hul werk sonder	**2**

	benadeling in Afrikaans kan aflewer, moet veeltaligheid alledagse, gemaklike praktyk wees en nie iets waarvoor hulle moet veg nie. In plaas daarvan om insidente, soos onlangs berig in die media, af te maak as 'n soort geisoleerde geval, moet die universiteit aan die Afrikkanse studente die bewys lewer dat die universiteit hul regte ondersteun. Eers dan kan ons van egte, pluralistiese veeltaligheid praat. Met vriendelike groete	
A152	Leerders en studente presteer die beste in hulle moedertaal, aldus internasionale navorsing. . Begin daarom deur die taalbeleid 2016 te hersien op grond van twee regters van die Konstitusionele Hof wat aangedui het dat Afrikaans aan US erg sou benadeel wat presies daarna gebeur het met die swak bewoording van Taalbeleid 2016. Ek ondersteun die menings in die media vir die behoud van Afrkaans op gelyke voet met ander tale, veral op voorgraadse vlak. Sien Die Burger: US Departement Afrikaans (27/3/2021), La Vita/Danie van Wyk (26/3/2021), Philip Spies (7/4/2021), DAK-optog met versoekskrif (9/4/2021), Menings en SMS'e.. Weing tot geeneen het die voorgstelde US se beleidsdokument gesteun. Die meerderheid bewoners van Wes- en Noord-Kaap is Afrikaanssprekend. Veral plattelandse en armer gemeenskappe, veral bruin, word met oorwegende Engelse US-omgewing ontneem van tersiêre onderrig. Maak asb. Voorsiening vir my/ons kleinkinders om in Afrikaans te studeer.	**2**
A153	Die Afrikaanse weergawe van die taalbeleid verwys na "isiXhosa" wat tegnies verkeerd is. In Afrikaans word daar eenvoudig na "Xhosa" verwys. In Xhosa sal 'n mens wel na 'n taal verwys met die "isi-" voorvoegsel (isiAfrikaans, isiNglesi, ens.). Deur na Xhosa in Afrikaans te verwys as "isiXhosa" is die equivalent om van Engels te praat as "English" in Afrikaans of Duits as "Deutsch".	**1**
A154	Die Universiteit gebruik graag vae en gelade terminologie soos “transformasie” (wát word getransformeer, waarvandaan en wát is die einddoel?). Verder “dekolonisasie van die kurrikulum” (herskryf van wetenskap teksboeke?) en “inklusiwiteit” (sluit dit almal in?). Volgens die rektor gaan dit tans goed by Maties en is dié terme dalk nie meer nodig nie.	**2**
A155	This policy is not fair towards Afrikaans speaking students. The ConCourt's absurd and irrational finding about the 2016 policy makes a mockery of language rights. By implementing it, SU has actively played a part in creating a new toxic stratification in SA, that is, English mother tongue speakers as the primary citizens of this country, and the rest as second class citizens, who should rather raise their children English for their own good. This version (2021), is even worse. The best way to promote any language in a multilingual context is to give it equal status to English. This is clearly not achieved in this incarnation of the language policy, despite lip service paid by senior management.	**2**
A156	1.Die belangrikste rol van universiteite is om hul studente vir die toekoms toe te rus, nl om te kan werk vir hulsef of om werknemers in die private of openbare sektore te word. Tweedens, om die land se ekonomiese groei te bevorder tot voordeel van almal in die land. Ons kort entrepereneurs en beleggers om die land uit sy ekonomiese krisis en werkloosheid uit te bestuur.Maar die US se gekarring en getorring oor taalbeleid gaan nie werk en investering skep nie; hieriun faal die US klaaglik. 2. Die US het 'n unike Afrikaanse geskiedenis, ontstaan en kultuur..... en waaroor ek trots is. Maar elke jaar, as ek 'n draai by die kampus maak, is dit jammerlik opvallend om te sien en te hoor hoe hierdie unieke kultutrele erfenis gemarganaliseer en afgeskeep word. Universietit Stellenbosch staan mos vir 'n idee! Ander taal- en kultuurgroepe is welkom by die US, maar hulle moet maar inval by 'n Taalbeleid van Tweetaligheid [Afrikaans en Engles]; daar is geen geheime agenda daaraan verbonde nie. 3. Die WAT is by die US gevestig, en vir goeie geskiedkundige en kulturele redes. Afrikaans was en is die gemeenskapstaal van die Bolanders en die Stellenbossers..... en die US het oor die jare heen 'n enorme bydra hiertoe gemaak. Die US se Taalbeleid mag nie hierde waarheid ondermyn nie nie. 4. Die 'bruin mense' [ek noem dit met groot deernis en respek] se huistaal oor die hele ou Kaap-Provinsie [maw vandag die Wes-, Suid-, Noord Kaap] is oorwegend Afrikaans en hulle word by die Universiteit van die Wes-Kaap verdring / uitgedruk omdat Afrikaans nie meer daar gebesig word nie. Dus het die US 'n sosiale verantwoordelikheid om hulle behoefte te akkommodeer deur Afrikaans as 'n primere akakdemiese taal te behou by die US.	**2**
A157	Om 'n breedvoerige taalbeleid te hê is een ding, maar belangriker is die implementering daarvan. Wanneer die gebruikers van Afrikaans geviktimiseer word, verwag mens dat die insidente met dieselfde deursigtigheid en dringendheid behandel sal word as ander aanstootlike insidente. In die hele taalbeleid sien ek geen fokus op die doel om Afrikaans se posisie te verskans binne die historiese konteks en ook binne die groter prentjie in die land nie (vgl.	**1**

	Jakes Gerwel se aanbeveling). Die idee dat Engels sinoniem is met die sg uitnemendheid is ongegrond. (Andrew Nash se artikel nogal insiggewend) Kortom: Hierdie Taalbeleid stel dit nêrens omomwonde dat die US 'n heenkome vir Afrikaansprekendes wil wees en 'n institusie wil wees waar die jong taal in sy hoër funksie uitgebou sal word nie. Die oplossings wat die gemengde leermodel bied word vermy. Daar word gesê mens moet weet waar jy vandaan kom.	
A158	Die US is tans besig om Engels wat die oorgrote meerderheid van die studente aan die US se tweede of selfs derde taal is tot belangrikste kommunikasiemedium op die kampus te verhewig. Ten beste sal swak Engels en nie akademiese uitnemendheid die gevolg wees. Die beleid is duidelik daarop gemik om Afrikaans wat vir meer as 'n eeu die akademiese taal van die US was, so ver moontlik uit te faseer. Daar is keer op keer na voorbeelde hiervan in bg kommentaar verwys.	**2**
A159	Algemene kommentaar Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie 'n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A160	Die SA Akademie se algemene kommentaar is vervat in ons mediaverklaring van 7 April 2021 (in Afrikaans, Engels en Nederlands): MEDIAVRYSTELLING (Vir onmiddellike vrystelling) SA AKADEMIE BETREUR TAALDEBAKEL OP STELLENBOSCH Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns spreek haar ernstige kommer uit oor die gebeure die afgelope paar weke by die Universiteit Stellenbosch, een van Suid-Afrika se top universiteite, oor die gebruik van Afrikaans op sy kampus en ook die konseptaalbeleid wat pas bekend gemaak is. Hierdie stand van sake het ontaard in 'n onbehaaglike debakel wat wyd in die Afrikaanse taalgemeenskap veroordeel word. Die bevordering van Afrikaans as 'n akademiese taal ten behoewe van die beoefening van die wetenskap en tegnologie in al sy vertakkinge is reeds meer as 'n eeu die sentrale missie van die SA Akademie en haar meer as 950 lede wat almal oor gevorderde nagraadse kwalifikasies beskik. Die Akademie plaas 'n hoë premie op wetenskap- en beroepsbeoefening in diens van die Suid-Afrikaanse gemeenskap deur die mensekapitaal van ons lede. Ons kommer oor die taalkwessie by Stellenbosch spruit uit die waarneming dat een van ons land se inheemse tale, en daarby die jongste taal uit Afrikabodem wat die afgelope eeu tot volle wasdom as 'n wetenskapstaal ontwikkel het, se waarde klaarblyklik deur die Universiteit Stellenbosch geringgeskat word. Die Akademie betreur die toenemend verbeeldinglose tegnokratiese omgang van Stellenbosch met die werklikheid van veeltaligheid en hoe dit sedert 2014 manifesteer in hierdie universiteit se taalbeplanning, beleid en -implementering. En dít desondanks die taalgebruiksprofiel van die universiteit se primêre voedingsgebied waar Afrikaans die mees gebruikte taal is. 'n Wesenskenmerk van die Wes- en die Noord-Kaap is juis die ryk kulturele en talige diversiteit waarmee hierdie provinsies geseën is en waaruit Stellenbosch sy primêre studentekorps trek. Hierdie diversiteit behoort immers as 'n hulpbron benut te word in diens van sy primêre voedingsgemeenskap. Kennelik beskou die Universiteit Stellenbosch egter hierdie diversiteit as 'n lastige probleem wat sistematies wégbestuur moet word in hulle strewe na 'n verskraalde eentalige wetenskapskultuur en internasionale statuur, ten álle koste. Dit is onbegryplik dat die Universiteit Stellenbosch se konseptaalbeleid slegs 'n kopknik waag in die rigting van sy gemeenskap se talige en kulturele diversiteit. Die vraag wat gevra moet word is of hierdie uitmuntende universiteit, wat 'n nuwe generasie moet toerus om hulle plek vol te staan in 'n postpandemie, ontwikkelende land met 'n wankelende ekonomie en gewelddadige samelewing, werklik sy roeping in hierdie konteks begryp? Uitnemende universiteite tree immers eerstens in 'n bevrugtende vennootskap met hulle onmiddellike en naasliggende gemeenskappe. Suid-Afrikaanse universiteite durf nooit in hierdie dae in 'n hovaardige, eensydige bo-na-benede verhouding met hulle gemeenskappe te staan deur 'n "vyandige omgewing" te skep waar Afrikaanse studente "mikroaggressie" ervaar, soos wat Stellenbosch se eie Departement Afrikaans en Nederlands pas aan sy Rektoraat moes uitwys nie. Die SA Akademie doen 'n beroep op die Universiteit Stellenbosch om sy jongste	**2**

	konseptaalbeleid grondig te hersien deur ‘n taalwetenskaplik verantwoorde en raadplegende taalbeplanningsproses van stapel te stuur. Stellenbosch se voedingsgemeenskap verdien dit. MEDIA RELEASE (For immediate release) SA ACADEMY LAMENTS LANGUAGE DEBACLE AT STELLENBOSCH The South African Academy for Science and Arts expresses its serious concern about the events of the past few weeks at Stellenbosch University, one of South Africa's top universities, about the use of Afrikaans on its campus as well as on its draft language policy that has just been announced. This state of affairs has degenerated into an unpleasant debacle that is widely condemned in the Afrikaans language community. The promotion of Afrikaans as an academic language for the benefit of the practice of science and technology in all its articulations has been the central mission of the SA Academy and its more than 950 members, all of whom have advanced postgraduate qualifications, for more than a century. The Academy places a high premium on scientific and professional practice in the service of the South African community through the human capital of our members. Our concern about the language issue at Stellenbosch stems from the observation that the value of one of our country's indigenous languages, and in addition the youngest language from African soil that has developed into a mature scientific language in the past century, is apparently held in low esteem by Stellenbosch University. The Academy laments the increasingly unimaginative technocratic approach of Stellenbosch to the reality of multilingualism and how it has manifested itself in this university's language planning, policy and implementation since 2014. And this despite the language use profile of the university's primary feeder area, where Afrikaans is the most commonly used language. An essential characteristic of the Western and Northern Cape is the rich cultural and linguistic diversity with which these provinces are blessed and from which Stellenbosch draws its primary student body. As a matter of fact, this diversity should be utilised as a resource in service of its primary feeder community. Apparently, however, Stellenbosch University regards this diversity as a troublesome problem that must at all costs be systematically managed out of existence in the University's pursuit of a much-reduced monolingual scientific culture and international stature. It is incomprehensible that Stellenbosch University's draft language policy deigns to do no more than merely nod its head in acknowledgement of its community's linguistic and cultural diversity. The question that needs to be asked is whether this excellent university, which needs to equip a new generation to play their rightful role in a post-pandemic, developing country with a shaky economy and a violent society, really understands its calling in this context? After all, outstanding universities firstly enter into mutually fruitful partnerships with their immediate and adjacent communities. In these times, South African universities dare not stand in a haughty, one-sided top-down relationship with their communities by creating a "hostile environment" where Afrikaans students experience "micro-aggression", as Stellenbosch's own Department of Afrikaans and Dutch just had to point out to its own Rectorate. The SA Academy calls on Stellenbosch University to thoroughly review its latest draft language policy by launching a linguistically sound and consultative language planning process. Stellenbosch's feeder community deserves it. PERSBERICHT (Zonder embargo) Suid-Afrikaanse Akademie betreurt taaldrama bij de Universiteit Stellenbosch Pretoria - De Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns spreekt haar ernstige bezorgdheid uit over gebeurtenissen die de afgelopen weken hebben plaatsgevonden rond de Universiteit Stellenbosch, een van Zuid-Afrika’s meest vooraanstaande universiteiten. De gebeurtenissen, die te maken hebben met het gebruik van het Afrikaans op de campus en met het onlangs gepresenteerde concept-taalbeleidsplan, hebben geleid tot een onverkwikkelijk drama dat binnen de Afrikaanse taalgemeenschap breed veroordeeld wordt. De Suid-Afrikaanse Akademie, een organisatie met ruim 950 leden, heeft al meer dan	

	een eeuw als centrale doelstelling de bevordering van het Afrikaans als academische taal ten behoeve van de beoefening van alle disciplines van wetenschap en technologie. De Akademie vindt het erg belangrijk dat wetenschap en beroepsuitoefening plaatsvinden ten dienste van de Zuid-Afrikaanse gemeenschap en dat werknemers daarbij optimaal functioneren. Onze bezorgdheid komt mede voort uit de constatering dat het bestuur van de Universiteit Stellenbosch blijkbaar minachting voelt voor een van de inheemse talen van ons land, tevens de jongste taal van het Afrikaanse continent die zich de afgelopen honderd jaar tot een volwaardige wetenschapstaal ontwikkeld heeft. De Akademie betreurt de verstarde en technocratische omgang met de realiteit van veeltaligheid die sinds 2014 steeds duidelijker uit taalbeleid en taalpraktijk van de Universiteit Stellenbosch spreekt. En dat ondanks het Afrikaanstalige profiel van de regio waarin de universiteit zich bevindt en waar haar studenten voornamelijk vandaan komen. Kenmerkend voor de provincies West- en Noordkaap is juist de rijke culturele en taalkundige achtergrond. Deze diversiteit zou ten dienste gesteld moeten worden van de gemeenschap voor wie de universiteit opleidt. Blijkbaar beschouwt de Universiteit Stellenbosch deze culturele verscheidenheid echter als een lastig probleem dat systematisch uitgebannen moet worden in het streven naar een ééntalige wetenschapscultuur en internationale status. Tegen elke prijs. Het is onbegrijpelijk dat de Universiteit Stellenbosch in haar concept-taalbeleid slechts lippendienst bewijst aan de talige en culturele diversiteit van de gemeenschap die zij dient. Het is de vraag of deze uitmuntende universiteit wel haar rol begrijpt binnen de huidige Zuid-Afrikaanse context, namelijk het toerusten van een nieuwe generatie studenten in een post-pandemisch ontwikkelend land met een broze economie en een gewelddadige samenleving. Een goede universiteit verstaat immers het belang van de gemeenschap die men dient en de samenleving waarin men functioneert. Zuid-Afrikaanse universiteiten mogen in deze tijd nooit in een arrogante en eenzijdige topdownrelatie staan tot zijn gemeenschap door een vijandige omgeving te scheppen waar Afrikaanstalige studenten “micro-agressie” ervaren, zoals het eigen departement Afrikaans en Nederlands onlangs onder de aandacht van het Stellenbosche universiteitsbestuur moest brengen. De Suid-Afrikaanse Akademie doet een beroep op de Universiteit Stellenbosch om haar meest recente concept-taalbeleidsplan grondig te herzien door een taalwetenschappelijk verantwoord proces van taalbeleidsvorming te beginnen waarbij alle rolspelers worden geconsulteerd. De gemeenschap waaruit de Universiteit voortkomt en waaruit haar studenten komen, is dit meer dan waard.	
A161	Die Taalbeleid moet dit onomwonde stel dat daar gewaak sal word teen die veronderstelling dat Engels die voertaal van die Universiteit is. Die Taalbeleid moet dit duidelik uitspel dat Afrikaanssprekendes (studente, dosente, akademiese personeel) met mekaar Afrikaans mag praat. Tans is dit nie duidelik nie. Uiteraard as daar mense teenwoordig is wat nie Afrikaans verstaan nie sal ‘n mens oorslaan na Engels, maar dit moet nie die verstekposisie wees nie.	**1**
A162	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A163	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaanssprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A164	Waar die beleid Afrikaans afskaal en daarteen diskrimineer, verwerp ek dit.	**2**
A165	My kommentaar op die SU taalbeleid is nie teen die feit dat kennis 100% toeganklik moet wees vir alles Suid Afrikaners nie. Ek is ten volle ten gunste daarvoor. Ek is egter gekant daarteen dat hierdie beleid ten koste van `n plaaslike taal en kultuur nagestreef word. Op `n manier moet SU verseker dat alle studente wat nie Afrikaans magtig is nie of van ander Afrika of internasionale kulture kom, 100% tuis voel by US en 100% dieselfde akademiese geleenthede gegee word. Ek kan myself net indink dat hierdie `n ongelooflike moeilike uitdaging moet wees. Die bestaande beleid, al weet ek dis nie die doel nie, het ongelukkig die nadeling van Afrikaans tot gevolg. Die bestaande beleid is die maklike uitweg. Ongelukkig het Afrikaans `n geskiedenis wat oorskadu word met politiek en ongelukkig is dit steeds `n politiese onderwerp en teiken. Maar vir ons as verskillende “stamme” in Suid Afrika is die enigste pad vorentoe wat `n harmoniese toekoms betref, om politiek opsy te stoot en ons verskillende kulture en diversiteit te vier en mekaar te “embrace”. Die huidige taalbeleid buig egter alweer die knie onder politiek. Op `n manier moet die taalbeleid hoë gehalte onderwys verseker en toeganklik maak	**2**

	aan alle Suid Afrikaners EN TERSELFDETYD Afrikaans beskerm en bevorder. En ook isiXhosa en ander plaaslike tale en kulture. Dit moet dit egter nie afbreek nie wat dit ongelukkig in praktyk doen op die oomblik. Die beleid se intent is progressief, maar die gevolge is regressief. Dit moet meer bold wees. `n Meer bolde visie sal wees iets soos; "Hoe gaan ons die huidige beleidsdoelwitte bereik TERWYL ons Afrikaans en ander plaaslike kulture en tale bevorder en vereenselwig". En ek het nie die antwoord nie maar ek het idees en ek is seker die slimkoppe daar by SU het ook idees. Net hierdie tipe visie, wat erkenning gee aan die belangrikheid en rykdom van ons diversiteit, as dit reg kommunikeer word in ons teer samelewing, sal alreeds `n baie sterk maar positiewe boodskap uitstuur na buite. Dit gee SU die geleentheid om `n toonaangewende posisie in te neem om kulture in SA met mekaar te vereenselwig. Hoe dit gedoen word moet bepaal word maar vir argumentsonthalwe dink net die akademiese en kulturele rykdom as ons universiteite regoor die land het wat die verskillende kulture van ons land vier! MAAR waar elkeen van hierdie universiteite ook `n plek is waar die ander kulture ook na toe kan en wil kom – waar dit akademies en kultureel toeganklik is en waar hulle wellkom voel. Dink net ek kan my voorgraads by `n Afrikaanse* SU doen maar ek gaan doen my nagraads by die isiXhosa Universiteit in Grahamstad of die isiZulu Universiteit in Durban. Of andersom natuurlik. Of lektore is op `n rotasie siklus (vrywillig of deel as `n `n aanstelling) dat hulle elke nou en dan gaan onderrig gee by een van die ander nasionale instellings. (*Afrikaanse SU beteken net dit is `n plek wat `n bastion vir die Afrikaanse taal en kultuur is maar in praktyk moet dit glad nie diversiteit uitsluit nie – dit moet dit verwelkom. En dieselfde moet proaktief ontwikkel en bevorder word vir die ander plaaslike tale en kulture. Ek besef dis makliker gesê as gedaan – maar dis die werklike uitdaging – en julle doelstelling behoort dit in ag te neem.) Ek sien myself as `n progressiewe Afrikaner en ek het `n diep liefde vir my land en al sy mense, maar ek is ook trots op my kultuur terwyl ek weet ek het `n verantwoordlikheid om te help regmaak wat ons opgeskroef het tydens Apartheid. En ek is 100% toegewyd daartoe. Maar om `n kultuur af te kraak en te onderdruk is nie die uitweg nie en is eintlik maar net `n herinnering van wat gebeur het tydens Apartheid. Ons moet bolder wees. Ons moet ons kulture vier en ons moet dit vereenselwig. Dis die enigste manier. En die huidige beleid, ten spyte van `n edel doel, lei tot die teenoorgestelde. Hierdie debat is baie grootter as slegs `n taaldebat en SU het `n geleentheid hier om iets besonders van stapel te stuur. Dit gaan nie maklik wees nie maar niks die moeite werd was nog ooit maklik nie. Ek hoop julle slim manne (en vroue) kan dink aan `n toepaslike oplossing. Julle het my steun. Groete	
A166	Ek verstaan bv. glad nie hoekom hierdie terugvoer so "tegnies" moet wees en punt vir punt kommentaar gelewer moet word nie. Hoekom is hierdie "algemene kommentaar" nie die enigste plek waar 'n mens terugvoer kan gee nie? Alles om dit so moeilik as moontlik te maak om wel terugvoering oor die taalbeleid te gee. EK VERSTAAN GLAD NIE HOEKOM AFRIKAANS NIE MEER AANVAARBAAR IS BY EEN VAN DIE 3 UNIVERSITEITE IN DIE WES-KAAP NIE. Ek onthou hoe die rugbyspelers uit Natal binne 'n kwartaal Afrikaans magtig was. Hulle kon nog steeds hul vraestelle in Engels beantwoord. Hierdie kommentaar sal sekerlik nie eers na gekyk word nie, want miskien is die persoon wat dit moet verwerk nie Afrikaans magtig nie. Ongelukkig druk ek myself beter in my moedertaal uit. Wat gaan die US doen as die werklike groot donateurs hul geld onttrek? Ek voel persoonlik die US moet Jannie Marais se skenking teruggee, want sy ideaal van 'n Afrikaanse universiteit word vertrap.	**2**
A167	Afrikaans moet nie afgeskaal word en verwyder word nie	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A168	Die konsep taalbeleid lyk nog in vele opsigte soos die beleid van instellings voor 2020, met ander woorde voor die COVID-19-pandemie 'n radikale herdink van onderrig tot gevolg gehad het. Geen gedeelte van die beleid maak voorsiening vir die toekomstige aanwending van taal, indien 'n pandemie weer omvattende inperkings sou vereis nie. Terloopse verwysings word na aanlyn onderrig gemaak, maar die realiteit is dat dit waarskynlik in die toekoms veel meer algemeen gaan plaasvind en dat taal se rol binne die nuwe omstandighede duideliker uitgespel behoort te word. Wat reeds voor 2016 soveel keer genoem is, moet weer herhaal en beklemtoon word, naamlik dat Afrikaans 'n primêre taal van onderrig aan die Universiteit van Stellenbosch moet wees, ongeag wat die Konstitusionele Hof bevind het. Die hofbeslissing verhoed nie dat die universiteit rigtinggewend kan optree en die enorme kulturele bate van Afrikaans weer as primêre onderrigtaal kan aanwend nie. Die grootste taalgemeenskap in die Wes-Kaap is Afrikaansprekend en die sprekers behoort aan alle rasgroepe. Van al die openbare tersiêre instellings in dié provinsie, is die US die enigste wat 'n sterk verlede van Afrikaanse onderrig en huidige noembare aanbod Afrikaanse onderrig bied. As hierdie aanbod nie verskans word in die instelling se taalbeleid deur dit as 'n primêre taal van onderrig gelyk aan Engels te stel en dit as sodanig te beskerm nie, is die noodwendige uitkoms dat die sterker taal (Engels) oplaas die enigste taal sal word.	**1**

	Internasionale voorbeelde in dié verband bewys die noodsaak van ’n status vir Afrikaans as primêre onderrigtaal gelyk aan Engels.	
A169	As oud student is ek baie teleurgesteld met die huidige taalbeleid en voel ek dat die US nie eerlik met sy taalbeleid is nie en moet aanpas. Ek is 'n werkgewer vir US gegradueerders en is besig om te kyk na ander Universiteite wat wel Afrikaans eerste stel, anders sal ons gedwing word om wel instellings te finansier wat wel Afrikaansprekendes erken en wil help. Laat weet ons ab of u nog oor 10 jaar Afrikaans sal erken as gelyke taal met Engels?	**2**
A170	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A171	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A172	• Dit is ongewoon dat die taakspan agter die beleid nie genoem word nie. • Om ’n konsepbeleid slegs op tekstuele gronde te beoordeel, loop die gevaar om bloot ’n oefening in teksredaksie te wees, veral omdat data oor die effekte van die vorige beleid en die behaling of niebehaling van doelwitte nie gelyklopend aangebied word nie. • Nêrens in die beleid word verwys na gehalte of gehalteversekering nie. Dit is ’n enorme tekortkoming. Daar behoort duidelike, deursigtige prosesse hiervoor in plek gestel te word. Dit kan nie gewoon onbestuur gelaat word tot iemand daaroor kla soos tans die geval skyn te wees nie. Dit is nie die benadeelde slagoffer van ’n oortreding se plig om hierdie soort tekortkominge in ’n beleid te hanteer nie. • Nêrens in die beleid word melding daarvan gemaak dat die Universiteit oor ’n sterk kundigheidspoel beskik waar dit taalbeplanning aangaan, en of/hoe hierdie kundigheidspoel betrek word om te verseker dat die taalbeleid op ’n navorsingsgedrewe en vakkundig verantwoordbare manier geskep en bestuur word nie. • Die kousaliteitsverband tussen hulpbronvoorsiening/-beskikbaarheid en grondvlakbehoeftes is regdeur die beleid problematies. Die Universiteit moet minder die gebrek aan hulpbronne as verskoning of skuiwergat vir afwykings aanbied en meer erns daarvan maak om gewoon die nodige hulpbronne in plek te stel as ’n bewys van institusionele erns oor ware veeltaligheid.	**1**
A173	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A174	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A175	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A176	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A177	Ek verwerp hiermee die eerste konsep van die Universiteit Stellenbosch (US) se 2021 taalbeleid omdat dit nie aan die grondwetlike vereiste voldoen om toegang tot moedertaalonderrig te bevorder nie. Die konsepbeleid bring nie ‘n regverdige taalbedeling tot stand wat aan Afrikaans en Engels gelyke status waarborg nie, en vererger dus die uitsluiting van Afrikaansprekende studente selfs verder as onder die 2016 beleid.	**2/1**
A178		
A179	Geen	**7**
A180	Behou Afrikaans as volwaardige, inheemse taal met ten minste gelyke status aan Engels. Daar is genoeg hoofsaaklik Engelstalige universiteite in die land.	**4**
A181	My laaste kommentaar is persoonlik:	**2**

*Analysis key | Sleutel tot die analise: **1**. To be considered | Vir oorweging **2**. Too general | Te veralgemenend **3**. Too specific | Te spesifiek **4**. Not aligned | Nie belyn nie **5**. Already addressed | Alreeds aangespreek **6**. Applicable to another section | Van toepassing elders **7**. Noted, thanks | Kennis geneem, dankie

	Ek is nie 'n alumnus van die US nie. Inteendeel, tot op MSc vlak was ek aan die Universiteit van Pretoria verbonde. Waarom Stellenbosch? As navorser in Kunsmatige Intelligensie het ek gekies om my gewig agter Stellenbosch se akademiese ontwikkeling in hierdie vakgebied te gooi omdat SU nog gelyke waarde geheg het aan 'n inheemse Afrikataal. Die ondersteuning het 'n paar gevolge gehad: (a) 'n Paar miljoen rand se studiebeurse in Kunsmatige Intelligensie (sien "First DeepMind Postgraduate Scholarships in Africa coming to Stellenbosch University" https://www.sun.ac.za/english/Lists/news/DispForm.aspx?ID=7568) (b) Die grootste Kunsmatige Intelligensie konferensie op Afrikabodem by SU (sien https://deeplearningindaba.com/2018/) SU is tegnies sterk, maar so-ook is baie ander universiteite. Wat SU onlangs nog gedifferensieer het van Kaapstad, Witwatersrand en Pretoria (ek noem nou maar die ander 3 wat gereeld op internasionale ranglyste verskyn) was dat Afrikaans as Engels se gelyke geag was. Hierdie differensiërende faktor verdwyn ongelukkig. Moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie: ek glo vas in 'n inklusiewe Afrika-visie van opheffing. Via die Deep Learning Indaba staan ek pa vir nagraadse Kunsmatige Intelligensie somerskole in amper 30 Afrikalande. Die US KAN 'n GROTER visie hê sonder om Afrikaans as minderwaardige taal af te skryf.	
A182	Ware meertaligheid as algemene landsbeleid is aan te prys en navolgingswaardig al verg dit meer moeite, maar as dit nie net lippetaal bly nie maar toegepas word, sal dit die hele land se kultuurgoedere verryk. Aangesien Afrikaans en ander inheemse tale egter as amptelike tale al hoe meer deur Engels vervang word wat teenstrydig met ons grondwet is, is dit die plig en behoort dit die voorreg van die US te wees om toe te sien dat sy beleid Afrikaans as voorkeurtaal het. Stellenbosch is nie net die middelpunt van 'n Afrikaanssprekende streek nie, maar die bekermat van Afrikaans. Dit is duidelik dat Afrikaanse mense hulle baie goed in 'n Engelse omgewing kan handhaaf, maar dit is ook duidelik dat die taal ter wille van politieke gedienstigheid van die kortsigtige bestuur van die US opgeoffer word. Minister Kader Asmal het ná 1994 voorsien dat een derde van universiteite Afrikaans sal bly, maar nou gee die rektor en sy vlakdenkende kollegas Afrikaans se status as amptelike en akademiese taal sonder slag of stoot prys. Afrikaans is nie net die voorkeur medium van onderrig van die meeste studente in die Wes- en Noord-Kaap nie, maar die taal wat die meeste mense in Suid-Afrika verstaan. Altesame 13.5% van Suid-Afrika se bevolking is Afrikaans en net 9.6% is Engels. Dit is sinneloos om die koloniale taal Engels altyd voorkeur te gee. Verder is dit die simbool van die identiteit van 'n groot deel van die ekonomies-produktiewe bevolking, wat ook aan ander minderheidstaliges voorkeur in die gebiede gun waar hulle getalle gekonsentreerd is. Net so moet Zulu met 22.7% sprekers in die land die hooftaal op die kampus van die Universiteit van KwaZulu Natal word met ander tale bykomend, want so is daar 'n kans dat meer mense in die land meer tale sal leer. Dit is 'n beskamende skande dat die bestuur van die US hulle nie eers verwerdig om Afrikaanssprekendes se belange op die hart te dra nie, maar soos in die vroeë 20 ste eeu toelaat dat hul eie taal se toekoms afgeskaal , afgegradeer en afgewater word deur die maghebbers. Dit is 'n kwade dag dat Afrikaans, wat eersdaags sy eeufees as amptelike taal met vreugde behoort te kan vier, nou weer moet veg vir oorlewing.	**2**
A183		
A184	Dit is skokkend dat Afrikaans per definisie nie meer as 'n inheemse taal van Suid-Afrika erken word nie.	**6**
A185	Ek wil graag sien dat my universiteit waartoe ek myself verbind, gewillig is om my in ag te neem en my taal te bevorder en in stand te hou. Op hierdie stadium is ek as Afrikaans sprekende student nie trots om te sê dat ek deel is van die US nie, omdat dit meer en meer duidelik geword het dat die US nie meer Afrikaans as taal waardig ag nie. Hiermee probeer ek om uit te reik na die US sodat my taal waarvoor ek baie lief is, ook ingesluit word iewers in Suid-Afrika. Ek vra dat die US asseblief moet LUISTER!	**2**
A186	Ek het slegs algemene kommentaar op die taalbeleid. Ek is van meining dat die voorgestelde taalbeleid, soos die vorige taalbeleid, erg afbrekend is tot die gebruik van Afrikaans as akademiese taal en ook as voertaal by die US en ook in Suid Afrika. So baie Suid Afrikaners oorweeg die US as akademiese instelling of het waardering vir sy bydrae as akademiese instelling in die Kaap, juis omdat hulle Afrikaans praat en wil aanhou praat. Daar is geen voordeel vir die US om Afrikaans af te water en ondergeskik te verklaar, soos die beleid nou daaruitsien, nie, behalwe moontlik vir bedekte persoonlike politieke gewin. Die kritiek van US se bestuur dat politiek geen rol het in die gesprek oor taal nie, veral die polemiek oor die US se taalbeleid, is veral verdag. Die taalbeleid doen afbreuk aan Afrikaans en dus ook aan Suid Afrika. Dit blyk dat die eensydige vervreemding van Afrikaans by die US op die bestuur se persoonlike vooroordele en misplaaste hoogwaardigheid gebasseer word. Sulke besluite bly 'n onreg wat met veragting veroordeel moet word.	**2**

	Verder, ek vind dit beduidend jammer dat al die statistiek oor taalvoorkeure, klasbywoning vir taalgroepe ens. slegs deur die US bestuur verwerk word en dat dit dan as klinkklare feit gestel word en aangebied word as wesenlike inligting. Ek sou verwag dat alle inligting ook beskikbaar gestel word vir alternatiewe benaderings tot tydige, maar ook historiese en voorspelde voorkeure, gebruik en gesindhede. En ek sien nie dat dit wyer aangespreek of beskikbaar gestel word nie, en daarsonder kan die taalvoorkeur van huidige studente kwalik as argument vir die vervreemding van Afrikaans gebruik word nie. Ondersteun en bou Afrikaans.	
A187	[Personal identifier redacted] wil dit duidelik stel dat ons nie anti-Engels is nie. Ook vra ons nie dat Universiteit Stellenbosch weer 'n Afrikaanse universiteit moet wees nie. Ons wil dit op rekord plaas dat ons vra dat veral Afrikaanse studente, spesifiek hulle wat uit agtergestelde gemeenskappe kom, ook die geleentheid gebied word om in hul studies in Afrikaans voort te sit en te ontvang. Hulle moet die geleentheid gegun word om ten minste 'n eerste kwalifikasie in Afrikaans te behaal. Ons wens die US alle sterkte toe met hierdie grootse taak en bied ons ondersteuning waar moontlik.	**5** cf. Kern/ Essence; Afdelings/ Sections 6.2, 6.3, 6.4, 7.1, 7.6
A188	Veral plattelandse studente met minder vaardighede in Engels moet geakkommodeer word en in ag geneem word by beleidsbepaling.	**2**
A189		
A190		
A191	Op skrif lyk alles met eerste oogopslag vreeslik goed en belowend, maar mens kry gou die indruk dat hierdie net 'n skans is - in die realiteit word daar nie daadwerklik gepoog om meertaligheid op kampus en in die klaskamers te bevorder nie. Dit is absurd om een van min universiteite in die wêreld te wees wat nog tweetalig is, maar dit dan te wil verander (want kom ons wees eerlik, hierdie beleid poog maar subtiel en sonder om op tone te trap ook om Engels voorkeur te gee). Wat van voornemende studente uit die talle Afrikaansprekende gemeenskappe? Hierdie is 'n guldige geleentheid vir die US om vas te skop en mense eerder werklik die waarde van meertaligheid laat besef.	**2**
A192	Dankie vir die geleentheid.	**7**
A193		
A194	US is 'n instelling wat staatsideologie vrywillig aanneem en dienstig uitvoer. Die US is rugraatloos en buig graag voor politieke korrektheid-en-inklusiwiteit. Die beleid is hol en is so saamgestel om minste weerstand te ontlok, maar tog die uiteindelike oogmerk nog uit te voer. Dit is, om ten volle na 'n staatsdepartement om te skakel, Afrikaans as onderrigtaal, en Afrikaansprekendes in te lyf by die ideale van die regering. Mag die realiteite van die verantwoordelikes van hierdie inlywing, elkeen inhaal.	**2**
A195	Meertaligheid met waar daar meer waarde aan Engels geheg word as ander tale, is nie meertaligheid nie.	**2**
A196	Die kommentaarperiode het onvoldoende tyd gelaat om op alle aspekte van die konseptaalbeleid te reageer. Reaksies soos geen kommentaar, dui dus nie daarop dat die Taalraad geen bydrae het om tot hierdie kategorië te maak nie. Hiermee 'n aantal algemene observasies. Die taalbeleid is meer gesofistikeerd as die 2016-beleid. Verskeie kwessies is duideliker as tevore uitgestippel en dit wil lyk asof meer taalkundige insette in sekere afdelings gebruik is. As gevolg hiervan, kom sekere teenstellings inherent in die beleid egter duideliker na vore. Die Universiteit probeer nog steeds tussen die lyne sê hulle is nie verantwoordelik vir die beskerming van taal nie en dat vrye aanbod en navraag sal bepaal of ŉ taal groei of taan. Terselfdertyd gee hulle te kenne dat hulle taal as waardevolle hulpbron wil gebruik, ter wille van die wyer gemeenskap. En indien hulle bereid is om isiXhosa tot akademiese taal te ontwikkel, hoekom dan nie ook Afrikaans nie. Die nasionale beleid vereis immers dat mens die land se amptelike tale ontwikkel. Ook die vaagheid van sleutelbegrippe soos “meertaligheid” en “inklusiwiteit” tree duideliker na vore. Die beleid is nog steeds só geskryf dat oorgeskuif kan word na Engelsmediumonderrig (met woordelyste in Afrikaans en isiXhosa) sonder om te kenne te gee dat mens dit doen. Die doelbewuste dubbelsinnigheid van die taalbeleid duur dus voort en die 2021-konsep los nie die probleme van die 2016-beleid op nie. Mens kan natuurlik argumenteer die 2016-beleid was suksesvol omdat dit die US veel nader aan die onuitgesproke doelwit van ŉ Engelsmediumuniversiteit met ondersteuningsdienste in Afrikaans en isiXhosa gebring het. Maar die hele doel van Engels was om die getalle swart studente te groei, eerder as om meer wit Engelssprekende studente te lok. Vanuit dié perspektief is die beleid ŉ mislukking. Die slegte taalklimaat en voorskriftelikheid by informele asook formele geleenthede, en die emosionele druk wat studente én ouers ervaar, dien as nog bewyse hiervan. En ja, om Afrikaans as ŉ uitheemse taal te verklaar was ŉ groot fout wat in dieselfde kraam val. Pleks van dié gejaagde hersiening binne ŉ beperkende formaat, moet die US eerder uit	**2**

	die loopgrawe klim en sonder stereotipering en demonisering in oop gesprek met alle belanghebbers tree. Stop eerder die hersiening van die taalbeleid en begin om te praat.	
A197	Beskerm asseblief ons taal.	**2**
A198	My algemene kommentaar is in bogenoemde vervat.	**7**
A199		
A200	1 Agtergrond Die Universiteit Stellenbosch se konseptaalbeleid van 2021 word hersien onder donker wolke. Sedert Februarie is die persblaaie vol bekommerenswaardige berigte oor hoe studenteleiers hulself aangematig het om eerstejaarstudente te beveel om niks behalwe Engels in selfs informele omgewings te gebruik nie. Die universiteit se aanvanklike reaksie was 'n ongeloofwaardige verklaring dat geen formele klagtes gemaak is nie, en 'n insinuasie dat die taalklaers iets beleef het wat nie werklik gebeur het nie. Eers na volgehoue druk deur onder andere die Afrikaanse Taalraad, die studenteorganisasie StudentePlein, die DAK Netwerk en die Demokratiese Alliansie, het die universiteit tekens begin toon van 'n erkenning dat daar 'n probleem is wat hul aandag skort. Hul traagheid is in skrille kontras met die knieskop-wyse waarmee selfs geringe bewerings van diskriminasie op ander gronde, asook ontgroeningsklagtes, in die verlede hanteer is. StudentePlein het op 19 Maart 'n akkoord met die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) aangegaan, waarvolgens die SSG-direkteur, Pieter Kloppers, onderneem het om 'n ondersoek met StudentePlein se oorsig van stapel te stuur. Die ondersoek sal met regstellingstappe opgevolg word, en StudentePlein hou 'n wakende oog oor die proses deur weeklikse terugvoer te vereis. Die 2021 konseptaalbeleid is midde-in hierdie opspraakwekkende gebeure vir openbare kommentaar gepubliseer. Die klem het gou verskuif vanaf woede oor die gebeure in die koshuise, na 'n oorhoofse bevraagtekening van die US se betroubaarheid jeens meertaligheid en spesifiek teenoor Afrikaans. Terwyl die gebeure in die koshuise tot 'n mate aan 'n wantoepassing van die 2016 beleid se beginsels toegeskryf kan word, is die groeiende konsensus dat die wese van die 2016 beleid en 'n voorsetting daarvan onder die 2021 konsepbeleid, 'n glybaan na ongebreidelde Engelse oorheersing in alle kampusruimtes geskep het. Vrydag 9 April 2021 het die eerste protesoptog teen verengelsing aan die US gesien. Die optog is deur die DAK (Doman-Nomoa Autshumao Krotoa) Netwerk saamgeroep en gelei. DAK is 'n Bruin Afrikaanse belangegroep wat Afrikaans se volhoubare voortbestaan as 'n bemagtigingskleinood vir die Bruin Afrikaanse gemeenskap beskou. Die leier Danie van Wyk, gevolg deur prominente Bruin Afrikaanse leiers soos Michael le Cordeur en Ria Olivier, het 'n simboliese stel griewe soos Martin Luther van ouds teen die US se hoofadministrasie-gebou in Victoriastraat se voordeur vasgedruk. Die druk op die US kort voor die sluitingsdatum vir kommentaar op die taalbeleid hou aan toeneem. Belanghebbers in Afrikaans as akademiese taal, soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (SAAWK) en die Departement van Afrikaans en Nederlands aan die US, het reeds hul vakkundige bedenkinge oor die skadelike impak van 'n taalbeleid wat Afrikaans nie genoegsaam anker nie uitgespreek. Daar word verwag dat nog baie prominente Afrikaanse stemme tot die debat sal toetree, selfs na die sluitingsdatum vir kommentaar op 12 April 2021. 2 Die konseptaalbeleid Die konsepbeleid kan soos die oorspronklike taalbeleid in twee dele verdeel word. Die eerste deel sit die beweegredes en beginsels van die beleid uiteen in Klousules 1-6. Vanaf Klousule 7 word die operasionele deel van die beleid vervat, waarin besonderhede en toepassingsriglyne vir leer en onderrig, institusionele kommunikasie en konflikbeslegting, onder andere vervat word. 2 1 Insette vanuit die Grondwet Wat onmiddellik opmerklik van die eerste deel is, is die tekort aan verwysing na die grondwetlike bronne van die taalbeleid. Terwyl die inleidingsklousule onder "1 Inleiding" wel praat van die Grondwet wat die 11 amptelike tale as bates ag, diskriminasie verbied en 'n beperkte reg van toegang tot hoër onderrig bied, word hierdie grondleggende aspek nie in die besonderhede en volledigheid wat dit verdien, uiteengesit nie. Selfs die 2016 beleid het minstens die gelykheidsklousule in artikel 9 en die hoër onderrigklousule in artikel 29 vermeld, al is die uiters belangrike bepalings van artikel 6, rondom amptelike tale en taalbestuur, nie uitdruklik genoem nie. Die konseptaalbeleid vererger dus die 2016 beleid se fundamentele tekortkoming, deurdat die besonderhede van die Grondwet in selfs 'n mindere mate betrek word. Die nie-insluiting van verwysing na artikel 6 sover dit progressiewe taalgelykwaardigheid aan staatsinstellings vereis, is 'n bekommerenswaardige tekortkoming, en die res van die 2021 konsepbeleid moet ingevolge hierdie weglating gekontekstualiseer word. Indien die hele artikel 6 benewens die blote lys van amptelike tale in 6 (1) saam met artikel 9 en 29 gelees word, verander die toepasbare beleidsagtergrond van die taalbeleid. Dit vereis dat die staat, wat in artikel 6 juis 'n groter betekenisomvang as "regering" het, proaktief optree om taalstatusverhoging en gebruiksbevordering teweeg te bring. Staatsinstellings soos openbare universiteite moet proaktiewe taalbeleid skep, te wete beleid wat taal in die aangesig van oorheersende tale soos Engels (weens geskiedkundige patrone van oorheersing en verowering) lewenskragtig en volhoubaar is. Die feit dat daar ook nie na die vryheid van taalbeoefening in artikel 30 van die Grondwet	**1**

	verwys word nie, is eweneens problematies. Welke vryheid word inherent beperk soverre dit nie uitgeoefen mag word op 'n manier wat onbestaanbaar met die Handves van Regte is nie. Indien taalbeoefening ter wille van 'n oorheersingsdrang of strategiese uitsluiting plaasvind, sal dit uiteraard teen die Handves van Regte indruis, en kan dit veral op 'n onbillike vorm van diskriminasie in artikel 9 neerkom. As geleenthede en hulpbronne by wyse van taal aan sekere mense ontsê word, word taal nie volgens die artikel 30 voorskrif aangewend nie. Diegene wat redeneer dat die aanwending van Afrikaans tesame met Engels in die konteks van die US uitsluitend is, sal moet bewys dat vrye taalbeoefening telkens teen die Handves indruis en dat daar onbillike diskriminasie ter sprake is. Daar kan nie bloot aangeneem word dat 'n veeltalige omgewing uitsluitend is tot die mate dat dit op onbillike diskriminasie neerkom nie; uitsluiting sal aan die hand van artikel 9 en volgens artikel 30 gemeet moet word. Boonop kan die Grondwet nie gelees word op 'n wyse wat 'n stoere keuse bied tussen proaktiewe, volhoubare veeltaligheid, en toegang tot hoër onderrig en gelykheid nie. Die Grondwet impliseer ook nêrens 'n hiërargie van menseregte nie, en derhalwe kan artikels 9 en 29 nie voorkeuruitleg bo 'n relevante klousule soos artikel 30 kry nie. 'n Grondliggende bepaling soos artikel 6 reël die fondamente van die staat selfs al ken dit nie 'n bepaalde mensereg toe nie. Artikel 6 kan beslis ook nie vir beleidsdoeleindes geïgnoreer word sover dit staatsinstellings bind nie. 2 2 Spesifieke probleme: Klousules 1 – 6 Die beleidsmikpunte in Klousule 5 maak geen verwysing na verwesenliking van die bepalings van artikel 6 van die Grondwet nie, en vermeld ook nie die bevordering van artikel 30 nie. Dit wys wel op artikels 9 en 29, wat vir taaldoeleindes die halwe grondwetlike verhaal vertel. Klousule 5.5 beoog wel meertaligheid as eienskap van die US-graduandus en die instelling self, wat 'n belangrike voorbeeld is van 'n oogmerk wat nie ingevolge die operasionele bepalings bereik kan word nie, en ook nie behoorlik gegrond is in afwesigheid van deeglike betrekking van alle tersaaklike grondwetlike bepalings rondom meertaligheid en taalgelykwaardigheid nie. Indien dit 'n "mikpunt" van die US was om 'n meertalige karakter na te streef, sou die beleid proaktief rondom 'n veeltaligheidsbedeling omgegaan het, en nie 'n strukturele oorheersing van Engelsheid toegelaat het nie. Klousule 6 sit die beleid se beginsels uiteen, waarvan 6.1-6.3 die sogenaamde "normatiewe grondbeginsels" is. 6.1 vermeld dat taalbeleid aan hoër onderwysinstellings "kognitiewe ontwikkeling, epistemiese toegang, inklusiwiteit, transformasie, maatskaplike samehang en respek vir alle tale" bewerk. Dit veronderstel 'n beleid wat deurlopend die pad oopstel vir statusverhoging van die institusionele tale deurdat daar toegang tot die openbare kennisomgewing daargestel word. Afrikaans, in die US se geval, moet neerslag vind in leer, onderrig en navorsingsgeleenthede wat die US bied om haar status te verhoog deur daadwerklike inburgering in die akademiese omgewing. Die bewoording hier dui beslis op 'n uitwaartse blik: Die universiteit het 'n proaktiewe verantwoordelikheid jeens die gemeenskap se taalbehoeftes en -realiteite, eerder as 'n blote vensterversieringsplig, veral as dit saamgelees word met klousule 2, wat regverdig waarom die US Afrikaans, Engels en Xhosa kies as tale wat ten beste bedien kan word. Die US kan dus nie net vir veeltaligheid voorsien soverre studente en personeel dit versoek nie, daar moet 'n kritiese ingesteldheid wees om status-afname en ongelyke verhoudinge tussen die status van institusionele aan te spreek. Epistemiese toegang en transformasie is juis die teenpole van verengelsing. Die stelselmatige afwatering van Afrikaans deur onproaktiewe beleid word nie deur 6.1 geoorloof nie. Klousule 6.2 is belangrik, sover dit taal as insluitings- eerder as uitsluitings- en diskriminasiemiddel wil aanwend. Gelees binne 'n beleid wat 'n meertalige omgewing probeer reguleer, kan hierdie beginsel nie as troefkaart gebruik word om Engels as verstekopsie te betrek nie. Dit moet eerder so verstaan word dat dit taalmeerderwaardigheid en oorheersing wil teëwerk. Dit skep wel ruimte vir die gebruik van Engels as tussentaal, maar terselfdertyd is daar die risiko dat klousule 6.2 as regverdiging gebruik kan word om Engels as enigste alternatief tot 'n uitsluitende omgewing te beskou. Die klousule moet eerder uitsluiting tot betekenisvolle verkryging van studiehulpbronne en ander belangrike institusionele kommunikasie teëwerk terwyl dit juis progressiewe veeltaligheid, ook onder individuele studente en personeel, as hulpbron hiervoor betrek. Klousule 6.3 betrek die begrip "pedagogies verantwoordbaar", wat in die konsepbeleid gedefinieer word as "…leerfasilitering wat in studente se pedagogiese behoefte voorsien deur die 'toepassing van outentieke beginsels op die ontwerp van leer vir hoër onderwys.' Hierdie beginsels sluit in 'relevansie vir die werklike wêreld', 'veelvuldige sienings', 'gesamentlike kennisbou' en 'outentieke assessering'." Uit die staanspoor kan hierdie begrip as insluitend van 'n veeltalige leeromgewing beskou word. Konkrete relevansie, veelvuldigheid en saambou aan kennis, asook assessering wat ook toepassing op die werklike wêreld vind het almal bande met 'n veel- en transtalige leerervaring. Taal is juis nie net 'n kommunikasiemiddel nie, maar ook 'n lens waardeur 'n individu en hul taalgemeenskap die wêreld meer verken en verstaan. Dit behels 'n sekere subjektiwiteit oftewel geleefde ervaring deur taal, wat nie alleen deur 'n Engelstalige sienswyse te berde gebring word nie. Meer sienings en meer stemme is moontlik in 'n taalpositiewe omgewing, waar taalverskeidenheid in leer- en onderrigruimtes nie op neergesien word nie. 'Pedagogies verantwoordbaar' behoort in	

	die operasionele deel van die konsepbeleid juis die onus te verskuif na enige voorsteller om die meertalige aanbod te verskraal, eerder as dat dit verstaan word as 'n begrip wat eentaligheid verkies. Die begrip kan in die definisieklousule met duideliker betrekking op taal geformuleer word, spesifiek hoe veeltaligheid en talige omgewings met sogenaamde 'outentieke beginsels' verband hou. Klousules 6.4-6.10 se verhouding met die drie "normatiewe grondbeginsels" is onduidelik, omdat hulle blykbaar geensins wesenlik ondergeskik of anders toegepas moet word dan 6.1-6.3 nie. Net soos 6.1-6.3 moet 6.4-6.10 "ook in ag geneem word wanneer hierdie Beleid vertolk en die implementering daarvan gerig word…" Dit is onduidelik of hierdie oorblywende klousules ondergeskik aan die eerste drie is weens die eerste drie se skynbaar verhewe status. Die bewoording laat dit egter blyk dat daar nie wesenlik 'n verskil in status of voorkeur tussen die twee stelle klousules is nie. Hierdie onduidelikheid ondermyn die drie "grondbeginsels" se rol in uitleg van die beleid. Omdat die oorblywende klousules skynbaar soortgelyke status aan die grondbeginsels het, verkry veral 6.9 ("redelikerwyse uitvoerbaarheid") en 6.10 (taalvoorkeure lei die toekoms van die taalbeleid) 'n magtige posisie in vergelyking met die klousules wat meertaligheid meer ter wille kan wees (6.1-6.3). 6.9 en 6.10 word dan gebruik om ontsnapklousules in die operasionele deel van die beleid te bewapen. Deur empiriese taalvoorkeure voorrang te gee bo die norme soos die verhoging van taalstatus, meertalige epistemiese toegang en die gemeenskap se afhanklikheid van opleiding in hul taal om funksies van hul taal te kan uitbou, word die oogmerke en toekomsstrewes in die beleid by die hakskeen afgesny. Deur 6.10 as bepalende kompaswyser te betrek, word die oorheersende rol van Engels, wat weens geskiedkundige magstryd so gevorder het, nie getemper nie maar juis bevorder. Indien die US ernstig is oor groeiende en kenmerklike meertaligheid in kennisskepping en toegang tot kennisbronne, sal dit moet erken dat taalvoorkeur as enigste bepalende faktor tot skade gaan lei, omdat die hele prentjie rondom taal, mag en politiek nie ingesien word nie. Dit is analoog daaraan om 'n beleid te skep wat plaaslik-vervaardigde kleredrag moet rugsteun, maar 'n klousule in te voeg wat toelaat dat vervaardigingsbeleid sal aanpas volgens markbehoeftes. As nie-plaaslike handelsmerke die markbehoefte oorheers weens die invloed en mag van internasionale vervaardigers, sal die beleid gevolglik hierby aanpas en sal plaaslike klerevervaardiging juis 'n bloedneus kry. 'n Beleid met 'n tipe klousule soos 6.10 bevat 'n besliste Trojaanse perd. 2 3 Spesifieke probleme: Klousules 7-13 Die operasionele klousules reguleer leer en onderrig asook die institusionele administrasie. Verder word steundienste soos die Taalsentrum en ander inisiatiewe jeens taal hierin vervat. Die begrippe "pedagogies verantwoordbaar", wat meertalige leer, onderrig en navorsing kan omvat maar nie duidelik omskryf is nie, en die begrip "redelikerwys uitvoerbaar" word telkens aangewend om die Afrikaanse en Xhosa aanbod te kwalifiseer. Daar word ook by 7.1.5 gevalle uiteengesit waartydens daar net in een taal onderrig kan word. 7.1.5.2 oorloof eentaligheid indien die betrokke dosent net in een taal vaardig is. Wat hierdeur veronderstel word, is dat akademiese vaardigheid in Afrikaans waarskynlik nie eens minstens 'n oorweging is in die aanstellingsproses nie. As taaldiversiteit glad nie in die aanstellingsprosedure vir doseerpersoneel ingebou word nie, sal die Afrikaanse aanbod onreëlmatig en in die fakulteite beskikbaar wees, en sal dit waarskynlik die ammunisie vir die bewapende begrip "redelikerwys uitvoerbaar" wees. Klousule 7.1.9 kort akademiese ontwikkeling en lewenskragtigheid van Afrikaans in deur assesseringsgeleenthede slegs op voorgraadse vlak te waarborg, en ook net vir vakke wat nie op NKR-vlak 8 is nie. Die geleentheid self is net betekenisvol indien 'n Afrikaansstuderende student wel toegang tot Afrikaanse lesingmateriaal gehad het, wat self weer van 'n menigte ontsnapklousules afhanklik is soos vervat in die res van klousule 7. Sonder assessering in Afrikaans op sekere voorgraadse en alle nagraadse vakke, word studente se dryfveer om Afrikaanse studies voort te sit gekortwiek en word kennisskepping in die navorsings- en nagraadse omgewing ontmoedig. Klousule 7.1.8 haal eweneens die wind uit nagraadse Afrikaanse studies se volhoubaarheid, deurdat dit die vereiste stel dat meertaligheid afhanklik is van alle studente en dosente wat betrokke is se taalvaardigheid in die betrokke tale. Die hemelhoë vereiste waarborg dat geen Afrikaans op nagraadse vlak gebesig sal word nie, en moedig ook nie 'n meertalige navorsingsomgewing aan nie. Studente word sodoende ontmoedig en geensins aangespoor om meertalig te kwalifiseer nie. Die indruk word summier gewek dat Afrikaans nie verdere studie werd is nie. Klousule 7.1.12 skep 'n algemene ontsnappingsklousule, wat weens die oorheersende rol wat klousules 6.9 en 6.10 speel, maklik met Afrikaanse aanbod kan wegdoen. Dit toon ook geen bewustheid van die kumulatiewe aard van kennisbou nie, en sodoende sal 'n tydperk waar daar geen Afrikaanse aanbod beskikbaar was nie, baie skadelik wees vir die voortsetting van studies in Afrikaans deur individuele studente en die voortbou van kennis in die betrokke fakulteit en vakgebied. Wat kommunikasie betref, is veral twee punte bevraagtekenbaar. Die een is 7.2.3, wat "redelikerwyse uitvoerbaarheid" as standaard aangewend word. 'n Eenvoudiger standaard as die omslagtige omskrywing van redelikerwyse uitvoerbaarheid, is om vrae in 'n bepaalde taal in die vraer se taal te beantwoord of te verwys na 'n kollega wat die vraag kan beantwoord, tensy so 'n gepaste plaasvervanger	

	glad nie beskikbaar is nie en dringendheid vereis word. 7.3.3, ook oor eksterne kommunikasie, bepaal dat "die US se vermoë" die standaard is waarvolgens bepaal sal word of daar aan 'n taalvoorkeur voldoen kan word of nie. Die standaard is vaag, en skep geen waarborge vir kommunikasie in institusionele tale anders as Engels nie. 3 Voorstelle • Die beleid behoort alle tersaaklike grondwetlike bepalings rondom taal te betrek, en nie kies en keur onder bepalings nie. • Die beleid moet die grondbeginsels beter verhef of in verhouding stel tot die beginsels vervat in 6.4-6.10. • Die beleid moet erken hoedat amptelike tale weens sprekersomvang, historiese verdrukking van sprekers en internasionale magspolitiek nie op gelyke voet verkeer nie, en dat beskermings- en aansporingsmeganismes teen veral verengelsing nodig is. • Proaktiewe meertaligheid moet betrek word deurdat die US veeltalige omgewings in woord en daad aanmoedig. Navorsing en verdere studie in meer as een institusionele taal moet beloon word, en studies in 'n taal anders as Engels moet vergemaklik en aktief aangemoedig word, ten einde taalgelykwaardigheid en positiewe taalopheffing te laat geskied.	
A201		
A202		
A203	Die universiteit is gestig met ruim befondsing van JH Marais, met die oogmerk om 'n universiteit vir Afrikaanssprekendes te ontwikkel. Die nalatenskap van die stigters word deurgans misken met die nuwe taalbeleid. Afrikaans is 'n volwaardige akademies-ontwikkelde taal en kan sodanig gebruik word. Afrikaans moet as gelyke onderrigtaal naas Engels erken word. Die Wes-Kaap het uitstekende skole en lewer uitstekende studente op, waarvan die meerderheid Afrikaanssprekend is. Waarom moet daardie studente 'n heenkome by die NWU gaan soek as hulle in Afrikaans wil studeer? Waarom mag hulle nie op hulle drumpel, naby hulle ouerhuise studeer nie?	**2**
A204	Weens die Universiteit se erfenis en geskiedenis (die rede hoekom die Universiteit tot stand gekom het), glo ek dat dit die Universiteit se plig en verantwoordelikheid is om Afrikaans te verryk en te destigmatiseer. Die US sit in 'n unieke posisie van mag en invloed om mense in te lig en meer bewus te maak van wat Afrikaans is, waar dit vandaan kom, sy geskiedenis, wie sy sprekers is, ens. Om Afrikaans af te skaf as voertaal by die Universiteit is nie die antwoord nie. Studente moet taalhulpbronne gebied word, toegelaat word om opstelle in Afrikaans te skryf, sowel as toetse af te lê in Afrikaans. Die Universiteit Stellenbosch moet 'n plek wees waar Afrikaans kan floreer en waar studente veilig en gemaklik kan voel om in hulle moedertaal te kommunikeer. Die Universiteit Stellenbosch het 'n belangrike rol in die bevordering van Afrikaans gespeel – dit moet dus ook sy rol speel in die toekoms van die taal.	**2**
A205	Die konsep taalbeleid lyk nog in vele opsigte soos die beleid van instellings voor 2020, met ander woorde voor die COVID-19-pandemie 'n radikale herdink van onderrig tot gevolg gehad het. Geen gedeelte van die beleid maak voorsiening vir die toekomstige aanwending van taal, indien 'n pandemie weer omvattende inperkings sou vereis nie. Terloopse verwysings word na aanlyn onderrig gemaak, maar die realiteit is dat dit waarskynlik in die toekoms veel meer algemeen gaan plaasvind en dat taal se rol binne die nuwe omstandighede duideliker uitgespel behoort te word. Wat reeds voor 2016 soveel keer genoem is, moet weer herhaal word, naamlik dat Afrikaans 'n primêre taal van onderrig aan die Universiteit van Stellenbosch moet wees, ongeag wat die Konstitusionele Hof bevind het. Die hofbeslissing verhoed nie dat die universiteit rigtinggewend kan optree en die enorme kulturele bate van Afrikaans weer as primêre onderrigtaal kan aanwend nie. Die grootste taalgemeenskap in die Wes-Kaap is Afrikaanssprekend en die sprekers behoort aan alle rasgroepe. Van al die openbare tersiêre instellings in dié provinsie, is die US die enigste wat 'n sterk verlede van Afrikaanse onderrig en huidige noembare aanbod Afrikaanse onderrig bied. As hierdie aanbod nie verskans word in die instelling se taalbeleid deur dit as 'n primêre taal van onderrig gelyk aan Engels te stel en dit as sodanig te beskerm nie, is die noodwendige uitkoms dat die sterker taal (Engels) oplaas die enigste taal sal word. Internasionale voorbeelde in dié verband bewys die noodsaak van 'n status vir Afrikaans as primêre onderrigtaal gelyk aan Engels.	**1**
A206	Afrikaanssprekendes moet net geakkommodeer word aangesien meeste studente wat Afrikaanssprekend is die Universiteit Stellenbosch verkies. As 'n individu van 'n klein dorpie is en die plan is om 'n verskil te maak in daardie klein dorpie wil ek die taal praat waarin ek gemaklik en bekend is, want dit is hoe ek die mense in die klein dorpie sal kan help. Die instituut kan ons nie Afrikaans belowe en as jy in die lokale is of om hulp vra dan word jy verwys na vreemde plekke. Waar is die behulpsaamheid.	**2**
A207	Oor die algemeen is die dokument goed verwoord, maar ongelukkig soos elke daaropeenvolgende weergawe raak dit meer kompleks asook langer. Ongelukkig gaan ons 'n punt bereik waar die algemene persoon nie meer die implikasies en bewoording sal kan begryp nie. Erns moet gelê word om dokumentasie so eenvoudig en maklik verstaanbaar te hou as moontlik. Baie dankie vir die geleentheid om insette te kan lewer.	**1**
A208	Die US se huidige migrasie na 'n volledige Engelse universiteit (hetsy deur beleid of praktyk) is waarskynlik die gevolg van politieke druk van die huidige regering en is	**2**

	betreurenswaardig. Op die langer termyn werk u die vernietiging van Afrikaans in die hand met waarskynlike verwagting dat die US die guns van hierdie mislukte bestel sal ontvang. Die US behoort 'n kliniese posisie in te neem van ware meertaligheid, respek vir die individu en die vooropstel van meriete as die primere norm waarop u sake doen. U moet dus die moed van u oortuiging he om u uit te spreek teen regeringsbeleid (vorige en huidige) wat langtermyn destruktiewe gevolge sal inhou.	
A209	Die Grondwet bepaal dat alle tale in Suid-Afrika bevorder en beskerm moet word, asook die regte van dié wat die tale praat. Dus is die idee dat die verminderwaardiging van Afrikaans, ter gunste van Engels, enigsins in die belang van diegene wat Afrikaans as huistaal gebruik is, belaglik. Suid-Afrikaners kan tans op enige universiteit in die land op Engels studeer. Inheemse tale geniet nie daardie voorreg nie. Dit bring my tot op die belangrikste deel van my probleem met die kern van die beleid. Die foutiewe idee dat die kategorie van "inheemse tale" nie Afrikaans insluit nie. Hoe dan nou? Waar het Afrikaans ontstaan? in Suid-Afrika. Waar word dit gepraat deur 'n groot gedeelte van die bevolking? in Suid-Afrika. Wie is die meerderheid van mense wat Afrikaans as huistaal gebruik? Suid-Afrikaners, nietemin bruin Suid-Afrikaners. Op watter manier is Afrikaans dan nie inheems nie? Omdat 'n paar (al hoe minder) wit mense dit praat? Omdat dit gedeeltelik van Nederlands uit die 18de eeu ontstaan het? Die idee is belaglik om die volgende redes: Bruin Suid-Afrikaners is al eeue lank die groot meerderheid van Afrikaanssprekendes. Dit wil sê, die afstammelinge van die pastorale Khoekhoe en jagter-versamelaar "San"/"Boesman" boorlinge, slawe uit Afrika en die Ooste, en Europeërs. Hul invloed op die taal is ook envertwyfelbaar (sien b.v., Carsten en Raidt 2019). Die groot meerderheid van hierde Afrikaanssprekendes is ook enkeltalig. In my eie navorsing onder die Griekwa gemeenskap in die Noord-Kaap het ek agtergekom hoe kwesbaar die mense wat in die landelike dele van die Wes- en Noord-Kaapland woon is, in 'n land waar Engels stadig maar seker al die amptelike funksies oorneem en diegene wat nie Engels magtig is nie uitsluit. Boonop ly die mense, soos in groot dele van ons land, onder onuitdrukbare armoede, verdrukking en marginalisasie. Is dit nie die plig van 'n universiteit om mense die geleenthied te geen op hulself op te hef nie? Sluit dit diegene wat nie Engels magtig is nie uit? Die vraag waarop die taal kwessie neerkom is maar eintlik dit: wie trek bate deur die verplasing van Afrikaans met Engles op US? Bruin Suid-Afrikaners? Dalk die uit die Kaapse skiereiland, asook die elite lede van die gemeenskap. Swart Suid-Afrikaners? Weereens, 'dalk'. Diegene wie 'n uitstekende skoolopvoeding gekry het en goed Engels magtig is, d.w.s die elite. En wit Suid-Afrikaners? Wel, vir die Afrikaans-sprekendes is dit 'n irritasie en 'n ongerief, maar die meeste van ons kan tog Engels min of meers goed genoeg praat. En wat dan van die Engelssprekende wit Suid-Afrikaner? Beslis. Die wat nou nie na Ikeys kan of wil gaan nie, en hulself te deftig dink om aan die UWK te studeer, het 'n gerieflike alternatief, net so 'n kort afstand in die karretjie wat hul ouers vir hulle as verjaarsdaggeskenk gegee het. En wat van die bruin kind uit die platteland? Hierdie kind is dalk slim, begaafd. Haar ouers is plaaswerkers wat seisoenaal werk het. Hulle woon in 'n eenvoudige huisie uit sink en sementstene gebou, en het self nie 'n ryding nie. En hulle praat Afrikaans – net Afrikaaans. Wat van haar toekoms? Word die bruin kind weer opsy gedruk? Eers was dit omdat sy vir die Nasionale Party 'n skaam geheim was – deel van die Afrikaanse volk maar tog te bruin vir hul smaak. Nou is sy dalk tog te bleek, en geskend met die Afrkaanse taal, die sogenoemde "taal van onderdrukking".	**2**
A210		
A211	Die US doen alles in sy vermoë om Afrikaans af te takel en Afrikaanssprekendes te vervreem. Sodoende doen hy onder die dekmantel van kamtige meertaligheid 'n groot deel van die Wes-Kaapse bevolking 'n groot onreg aan (en natuurlik ook Afrikaanssprekendes van elders). Afrikaans is 'n inheemse taal wat in 'n wetenskapstaal ontwikkel is. Dit is ook een van die drie tale wat in die Wes-Kaap gepraat word, die gebied waarin die US geleë is. Hou asb op om deur middel van leë woorde voor te gee dat die US omgee vir moedertaalonderrig. Afrikaans verdien sy regmatige plek as onderrigtaal aan die US.	**2**
A212	Die meerderheid husitaalsprekers in die Wes Kaap praat Afrikaans. Baie inwoners van die Noord-Kaap praat ook net Afrikaans. Daar is nie rerig 'n Afrikaanse universiteit nie terwyl daar talle Engelse universiteite is. Sommige studente van die Weskaap is ook nie welaf genoeg om by institusies te studeer wat Afrikaans is nie. Deur totaal te verengels word 'n groot demografie benadeel. Afrikaans is 'n akademiese taal. Om meertaligheid en inklusiwiteit te bevorder, hoekom word tale dan verwyder? Daar moet eerder gepoog word om Afrikaans en isiXhosa te bevorder. Baie mense sal nie kan studeer nie as gevolg van die afskaffing van Afrikaans. Inklusiwiteit beteken nie die verwydering van dit wat diversiteit bevorder nie. Daar is ook baie figure wat die debat kaap en dit 'n raskwessie maak. Die universiteit buk onder die konsep van "cancel culture". Die studies toon hoe goed mense vaar as hulle in hul moedertaal leer. Die beleid wat sê dat Afrikaans nie meer 'n onderrig taal is nie sê eintlik dat die taal nie van waarde is nie en ook dus is die mense nie meer van waarde nie. As ons nie van waarde is nie, hoekom bly ons in die land? Die universiteit is Stellenbosch Universiteit nie Victoria College nie.	**2**

	Die afskaffing van Afrikaans en isiXhosa keer ons 100 jaar terug na 'n tyd van kolonialisme. Twee Suid-Afrikaanse tale word verwerp in die plek van die uitheems Engels. Indien Afrikaans nêrens mag wees nie, waar is die sprekers welkom. Dit is op die uiteindes wat die beleid sê : Afrikaans en isiXhosa mense is nie welkom by Stellenbosch nie. Afrikaans het in Stellenbosch gegroei, maar dit is ook waar dit gedruk word. Om alles in Engels te doen is die maklike uitweg en dit bevorder nie die doele wat die universiteit so trots aan die wêreld beklemtoon nie.	
A213		
A214		

	General comments	Analysis*
E1	The only language which ALL courses can be taught in is English. Any graduate can only progress in the workplace with English. The sole means of instruction at SU must be English.	**4**
E2		
E3		
E4	Make the entire university english only. Afrikaans is outdated bad language.	**4**
E5	The policy document is good only the Section 14 must be re-visited. Thank you so much.	**6**
E6		
E7		
E8	I do not support US becoming a predominantly English medium university. I am a first language English speaker who attended US between 1999 and 2001 where the majority of my lectures where in Afrikaans. I enjoyed the experience of the being part of a different language and culture and do not support the fact the US has turned its back on its Afrikaans heritage.	**2**
E9	SU should be creating an environment for students from English, Afrikaans and isiKhosa backgrounds, however the goal should be to develop students to become ultimately proficient in English when they leave University. This idea of promoting English proficiency should be a fundamental goal of the education process. English is the language of academics and the global economy. University is by definition the universal application of academic principles and theories. Being able to convey these ideas in a more universal language like English should be one of this universities goals. South Africa is no longer isolated from the rest of the world, we live in a global economy. SU should strongly consider the broader application of language in the first year. i.e. ensuring that students get exposure to other major languages like Mandarin Chinese, Hindi, Spanish, French and Arabic et al., or at least make taking a year of a major language a fundamental requirement for graduation.	**1**
E10	Why is the language policy only in English?	**2**
E11	Afrikaans is a vital part of the Western Cape and of South Africa's multilingual landscape, and an unique language in the world. As such should and must be both cherished and developed as such, to carry it beyond the burdens imposed by history and give it space to flourish as the unique expression of human culture that it is. Stellembosch has been a historical caretaker of Afrikaans at an academic level - why would it not continue in that important function as the new generations rise? Keep Afrikaans alive as the unique cross-section of human language that it i$. I speak as an English mother tongue speaker and a qualified linguist. Do not impoverish our linguistic heritage by minimizing the role of Afrikaans.	**2**
E12	Stellenbosch is an outstanding learning facility attracted the best students, researchers and lecturers on the African continent and it should not be burdened by further constraints such as forced multilingualism in the lecture hall. I am Afrikaans but I support one English curriculum in all learning institutions. I do not see any other way to foster unity and understanding amongst the different people of South Africa.	**4**
E13		
E14		
E15		
E16	None	**7**
